2008:1

# MATIE LAND



## DIS DIE KOERS VIR US,

sê Russel Botman

## FIONA VAN KERWEL

open wêrelde

READ *MATIELAND* IN ENGLISH AT WWW.MATIESALUMNI.NET

www.annabasson.co.za


☎ 021 887 4740
info@annabasson.co.za

# Anna Basson
EIENDOMME • PROPERTIES
STELLENBOSCH

Verhurings / Rentals

☎ 021 887 5119
rentals@annabasson.co.za

## Bolandse Leefstyl op sy Beste - R 23 M



Asemrowende uitsigte oor die Banghoekvallei. Karaktervolle, ruim woonhuis op die oewer van 'n standhoudende waterstroom onder pragtige, groot bome. Vierster gegradeerde gaste kothuis plus twee ander kothuise. Keurig-ontwerpte perdestalle. Proteas, olyf- en vrugtebome en 'n roostuin wat jou asem sal wegslaan. 6 minute van Stellenbosch en 40 minute van Kaapstad. +/- 9 ha.

## Stellenbosch - R 6 300 000



Gedeelde Alleenmandaat

**Mostertsdrift:** Baie netjies met atmosfeer en 'n pragtige boomryke tuin. 5 Slaapkamers, 4 badkamers en 2 ruim leefareas. Aangrensend aan 'n natuurpark. Mooi berguitsigte. Leiwater.

## Stellenbosch - R 4 380 000



Joint Sole Mandate


**Die Weides:** This characterful thatched home offers old world charm with modern facilities all within walking distance from campus. Double garage. North facing.

## Stellenbosch - R 4 250 000



**De Zalze Winelands Golf Estate:** Goed ontwerpte woning met uitstekende afwerkings en droom kombuis. 3 Slaapkamers, 2 badkamers, studeerkamer en ruim onthaalareas.

## Stellenbosch - R 2 598 000



Sole Mandate

**Die Boord:** Neat low maintenance family home with 3 bedrooms, 2 bathrooms, study, work room, spacious living areas, open plan kitchen and double garage. Close to schools.

## Stellenbosch - R 1 650 000



Gedeelde Alleenmandaat

**Welgevonden:** Stylvolle dorpshuis met pragtige wingerd- en berguitsigte! 3 Slaapkamers, 2 badkamers, oopplan kombuis met ruim leefarea en eetkamer. Leefarea loop uit op onderdak patio.

## Stellenbosch - R 2 299 000



Alleenmandaat

**Dalsig:** Bou jou droomhuis op hierdie besonderse erf in 'n gewilde area. 1025m². Hoekerf met pragtige uitsigte. Naby skole. **Hereregte ingesluit.**

## Woonstelle - Flats

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Christellahof** | Bach | 41m² | R 1 380 000 |
| **Simonsplein** | Bach | 47m² | R 1 275 000 |
| **Eikehof** | Bach | 29m² | R 1 100 000 |
| **Akkerhof** | 1 Bedr | 53m² | R 745 000 |
| **De Oewer** | 2 Bedr | 97m² | R 1 280 000 |
| **La Dauphine** | 2 Bedr | 38m² | R 1 350 000 |
| **Parkview** | 2 Bedr | 60m² | R 1 385 000 |
| **Bergzicht Plaza** | 3 Bedr | 65m² | R 1 250 000 |

## Bergzicht Deeltitel Ontwikkeling



200m vanaf kampus. Okkupasie Januarie 2009. Verskillende opsies beskikbaar vanaf eenman R 710' eenslaapkamer R 880', tweeslaapkamer R 1 080'. Geen hereregte. 10% deposito

## Stellenbosch - R 2 565 000



**Dalsig:** Uitstekende ligging! 3 Slaapkamer, 2 badkamer, studeerkamer en motorhuis. Gesinswoning met baie potensiaal. Regoor parkie in rustige omgewing.

## Verhurings - Rentals

Toevertrou u eiendom in ons bekwame hande en kontak ons agente

**MARIEKE UYS**
**LIEZL LAUBSCHER**

Sms of e-pos u besonderhede en ons sal vir u 'n lys van beskikbare eiendomme e-pos of faks.

☎ 021 887 5119
021 882 8959
083 519 3824
rentals@annabasson.co.za

MATIE LAND



**VOORBLAD:**

Fiona van Kerwel, 'n MatiesAlumna, is die dryfveer agter die baie suksesvolle Woorde Open Wêrelde-projek. Lees meer op bl 10.

Foto: Erhardt Thiel

Die Universiteit se oudstudente en donateurs ontvang *Matieland* gratis.

**REDAKTEUR: MARTIN VILJOEN**

**REDAKSIEKANTOOR**
Kommunikasie en Skakeling, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak XI, Matieland, 7602, Tel (021) 808 4921, Faks (021) 808 3800, E-pos: media@sun.ac.za

**SIRKULASIE**
Malena Fourie, Stellenbosch Stigting, Privaat Sak XI, Matieland, 7602, Tel. (021) 808 4843, Faks (021) 808 3026, E-pos: alumni@sun.ac.za

Gepubliseer sedert 1957
Jaargang 51 01:2008
ISSN 0025 5947

**ONTWERP EN UITLEG**
Lizanne Murison, Out of the Blue Creative Communication Solutions, Tel. (021) 947 3508, www.outoftheblue.co.za

**DRUK:** Paarl Print

**FRONT COVER:**
Fiona van Kerwel, a MatiesAlumna, is the driving force behind the highly successful Woorde Open Wêrelde (Words Open Worlds) project. Read more on page 10.

**PHOTO:** Erhardt Thiel

*Matieland* is mailed free of charge to the University's alumni and donors.

**EDITOR:** Martin Viljoen

**EDITORIAL OFFICE**
Communication and Liaison, Private Bag XI, Stellenbosch University, Matieland, 7602, Tel (021) 808 4921, Fax (021) 808 3800, E-mail: media@sun.ac.za

**CIRCULATION**
Malena Fourie, Stellenbosch Foundation, Private Bag XI, Matieland, 7602, Tel (021) 808-4843, Fax (021) 808-3026, E-mail: alumni@sun.ac.za

Published since 1957
Year 51 01:2008
ISSN 0025 5947

**DESIGN AND LAYOUT**
Lizanne Murison, Out of the Blue Creative Communication Solutions, Tel. (021) 947 3508, www.outoftheblue.co.za

**PRINTING:** Paarl Print

Menings uitgespreek in *Matieland* is nie noodwendig dié van die redakteur of die Universiteit Stellenbosch nie.

Viewpoints expressed in *Matieland* are not necessarily that of the editor or Stellenbosch University.

# inhoudcontents

**REDAKSIONEEL**EDITORIAL 1

**BRIEWE**LETTERS 3

**BROKKIES**SNIPPETS 6

**ARTIKELS**ARTICLES
Wow, Fiona! 10
Dís die koers sê Russel Botman 12
University embarks on a path of courageous conversations 14
Stygende skenkingsvertroue vir US 15
Nuwe kanselier is waardige ambassadeur 16
Arnold van Zyl val in by US as nuwe Viserektor: Navorsing 17
Nuwe Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies 17
Navorser ontvang UNESCO-L'Oreal for Women in Science navorsingsbeurs 18
US verower weer prestige NSTF-toekennings 18
Researchers honoured 19
Stephen Hawking visits campus 19
Unieke tegnologie-ontwikkelingsooreenkoms 19
Eet 'n Big Mac en toer 19

**FAKULTEITE**FACULTIES
Einde van 'n era 20
Hersiene kurrikulum hou tred met eise van die tyd 20
New kidney transplant technique a first for South Africa 21
Oliebedryf baat by nuwe uitstalruimte vir ondergrondse rots 22
Plastics industry strengthened through new Sasol Chair 22
Knowing when it's time to eat your fruit 23
Landbou – 'n standvastige boom 24
Voedselwetenskappe ontwikkel nuwe produkte 25
Jeugwerkopleiding nou by US 26
Teologie Stellenbosch 150+ 27
Record number of students for Faculty of Education 27
Ingenieurswese bevorder diversiteit 28
Departement Ondernemingsbestuur geakkrediteer as CFA-programvennoot 30
Second group of graduates qualify as Certified Financial Planners 30

**ALLERLEI**MISCELLANEOUS
Waar staan die Woordfees ná bykans tien jaar 31
Studente eet gesonder, maar eerstejaarsindroom bly 32
Maties in Londen 33
Nuwe Studentedekaan

**MATIES**ALUMNI 35

**SPORT** 40

**IN MEMORIAM** 43

**AGTERBLAD** 44

UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner • umhlobo wakho wolwazi



## Dís die koers

Die Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch, prof Russel Botman, dui in 'n artikel op bl 12 die koers aan wat die Universiteit gaan inslaan oor die volgende paar jaar.



redakteursbrief

# Die *Man* van Staal

Wie onthou nog die Man van Staal, 'n televisiereeks van die tagtigerjare? Die held van die storie, Steve Austin, kon 'n telefoonpaal (in stadige aksie) soos 'n vuurhoutjie middeldeur breek ten einde 'n boef aan te keer.

Dan het hy sy oë op sulke skrefies getrek en met sulke doeb-doeb-doeb geluide in die agtergrond, kon hy oor 'n paar myl kyk hoe laat dit op die booswig se makker se horlosie is – en dan het hy hom teen 60 myl per uur (dit was immers 'n Amerikaanse oorgeklankte reeks) agternagesit (in stadige aksie).

Die oorspronklike Engelse titel van die reeks was *The 6 million dollar man* omdat dit kwansuis die bedrag was wat dit gekos het om ou Steve "oor te doen" as 'n amperse bioniese man.

Soos wat pryse in Suid-Afrika styg wil mens amper die gevoel kry dat dit oor 'n paar jaar ses miljoen Rand gaan kos om jou kar oor te doen!

## Matieland se kostes

Van miljoene gepraat. Die immer stygende kostes van *Matieland* (onthou daar kom elke jaar letterlik duisende alumni by) is al 'n tydjie lank 'n besprekingspunt by die Universiteit.

Aan die een kant is daar 'n gevoel dat dit regtig belangrik is dat die Universiteit aanhou om met sy oudstudente op hierdie manier te kommunikeer. Aan die ander kant is daar die kostes wat tog ook in ag geneem moet word.

Die goue middeweg waarop besluit is, is dat jy beslis nog jou *Matieland* gratis, vry en verniet gaan kry. Die enigste verskil is dat jy 'n aanduiding sal moet gee dat jy die tydskrif nog wil ontvang!

Ons beoog om alumni later hierdie jaar volledig hieroor in te lig. Intussen nooi ek jou uit om vir my te laat weet wat jy van *Matieland* dink. Hierdie tipe terugvoer is vir my baie belangrik. Sien asseblief die kontakbesonderhede elders op hierdie bladsy.

## US 90 jaar oud

Tesame met die Fakulteit AgriWetenskappe (sien artikel op bl 24) is die Universiteit vanjaar 90 jaar oud. *Matieland* sal in die Desember-uitgawe meer hieroor vertel.

## Jammer, oom Eben

Vroeër vanjaar het oom Eben Theron van Vanrhynsdorp my gevra om 'n foto te kom neem by 'n reünie wat hy vir landloop-atlete van die jare 1957-1961 gereël het. En daar vergeet ek toe heeltemal daarvan. Oom Eben, hiermee weer eens my opregte verskoning.

Martin Viljoen
**REDAKTEUR**



## LAAT BERIG

### KOM SOEN SAAM, SÊ STUDENTERAAD!

Die US Studenteraad (SR) gaan op 1 Augustus 2008 liefde, vrede en goeie tye verkondig! Dit wil hulle doen deur 'n rekord op te stel vir die meeste paartjies wat gelyke tyd soen en nooi MatiesAlumni om te kom deelneem.

Dié geskiedkundige eerste vir Stellenbosch, sal in 'Die Laan' langs die Eersterivier plaasvind. Dus kan studente terselfdertyd egte Maties word, deur die laaste van die sogenaamde drie take te voltooi (vir die wat nie weet nie, dis mos om 'n vak te sleep, 'n akker moet op jou kop val en jy moet iemand in die Laan soen.)

"Boonop," sê die organiseerder, mnr Retief Swart, Voorsitter van die Verenigingsraad en SR-lid, "kan alle huidige Maties en MatiesAlumni aan "Snorgustus" deelneem deur met hul prag-snorre te kom spog. Die wenner sal natuurlik as die StellenboSnor 2008 aangewys word. 'n Plaaslike band, Scoop, sal deurentyd almal se tone laat krul met die klanke van egte Matieland liedjies."

Die hekke maak 14:00 oop en die Studenteraad hoop om 'n magdom studente, dosente, MatiesAlumni, en ander persone met GEES, daar te sien!

Vir meer inligting, kontak Retief Swart by tel 084 251 1700 of via e-pos by retief@sun.ac.za

# Terug op die bos na 50 jaar

**Robin Clark, George**

Die pragtige gevoelvolle brief van Yvonne Malherbe in die Somer 2007 uitgawe het my aan die dink gesit. Ek wil 'n ander prentjie skilder. Ek is 5 jaar gelede weer terug Stellenbosch toe na 'n afwesigheid van 50 jaar vir 'n reünie by Huis Marais.

Langs die Eersterivier gestap wat baie herinneringe wakker gemaak het. (Ek het ook my vrou op Stellenbosch ontmoet. Sy is 14 jaar gelede oorlede.) Gevoelens van bekend maar ook nie meer bekend nie. Só baie het verander. Die bloekombos voor Huis Marais met die donkerkamer in die middel is weg en daar is 'n yslike "nuwe" gebou.

Ek het sterk onder die indruk gekom van die groot bydrae wat Stellenbosch tot my vorming gemaak het.

Ek was skaars 18 jaar oud toe ek destyds daar land met 'n trein uit die Oos-Kaap. Uit my stillerige Engelse ouerhuis in die woelige studente-omgewing van Stellenbosch. Alhoewel die doop vir my opsioneel was, het ek besluit om deel te neem. Dit geniet en berou. Ek was 'n "sot" met 'n blou strikdas en het geleer om druk te hanteer en op eie voete te staan.

Klasloop en die spoed waarmee verwag is om kennis en praktiese ervaring te absorbeer, het my asemloos gelaat. My werksvermoë is getoets en uitgedaag.

Maar behalwe klasloop was daar 'n nog groter leerskool - een van skuur, slyp en vorm. Die geweldige verskeidenheid mense met hulle Godgegewe talente en anderse agtergronde. Elkeen uniek.

Die laatnag besprekings, politiek, die idees, die boereoorlog, die apartheidsbeleid, Godsdiens.

Die wye reeks kulturele aktiwiteite en sport. Ek kon swem en het tennis, hokkie, krieket, rugby, sokker gespeel én gestoei.

Om nie eers te praat van die kontak met die skoner geslag nie. Moes leer dans, formele etes bywoon, 'n nuwe wêreld ontdek vol slaggate en geleenthede soos drank wat gebruik en misbruik kon word. Op die huiskomitee dien en leiding te neem.

Ek het die eerste reünie so baie geniet dat ek 'n tweede een verlede jaar bygewoon het.

Stellenbosch was 'n lewensveranderende ondervinding en 'n voorbereiding vir wat voorlê. Die akademie bly die kern waarom die hele universiteitsondervinding moet draai en bly altyd die belangrikste. Op Stellenbosch is daar egter soveel meer.

Ek het nou 'n kleinseun in Huis Marais en was in 'n paar van die kamers. Alhoewel dit nou anders daar is, kan ek die polsende, uitdagende atmosfeer nog voel. Hou so aan. Met al die veranderinge wat noodwendig moet plaasvind, anders lewe ons in die verlede, moet die kultuur van ruimte gee vir leer van mekaar en eksperimenteer met ondervindings, omstandighede en uitdagings nie verander word nie, want dit is wat Stellenbosch uniek maak.

## Skryf en wen!

Hierdie keer se wenbrief is geskryf deur Robin Clark van George. Vir jou stuur ons 'n lekker handige Matie-sakkie. Dit alles met die komplimente van die Matiewinkel. Sien www.matie-e-winkel vir meer inligting of skakel 021 886 8853 of stuur e-pos na matiewinkel@adept.co.za.




## DIS DAN ONS DAAI!

**Prof Kurt-W Bütow, Pretoria:**



Tot my verbasing sien ek 'n foto (*Matieland* 2007:2) van Johan Stemmet, ek (baskitaar), (BChD 1976, MChD[KGM-Chir], 1980) en my broer, Dieter Bütow (dromme), (BScIng, 1975) toe ons saam gespeel het in die Devon Valley Hotel in 1972. Die drie van ons was die lede van die Johan Stemmet-orkes. Ons het hierdie deel van ons studentedae baie geniet en somtyds 'n klein bedraggie verdien, wat ons as sukkelende studente gehelp het. Ek het ook my "CPL"-lisensie op twee-motorige vastevlerk en "PPL"-helikopter-lisensie). Ek kan bevestig dat Johan reeds op daardie tydstip, 'n uiters bekwame musikant was. Baie dankie vir die mooi artikel in die *Matieland*.

## MATIES WEN OOK HIERDIE AFDELINGS BY SÊRKOMPETISIE

**Matiesêr-ondersteuner,**

Dankie vir die beriggie oor Metanoia wat as die nasionale sêrwenners in die vroueafdeling gekroon is - ek was daar en hulle het dit waarlik verdien. Wat uitgelaat is, is dat daar nog 'n derde afdeling was (en te oordeel aan die prysgeld wat ook R5000 is, dieselfde gewig dra as die mans en dameswenners) wat ook deur 'n Matieskoshuis ingepalm is: Hippokrates het die afdeling vir beste Afrikaanse Eie Komposisie gewen met 'n liedjie wat die harte beide op die Matie- en Kovsiekampusse saggemaak het. *Als wat ek jou kan gee* is 'n tong-in-die-kies-liedjie oor die mediese student wat nou nie so baie tyd het om af te staan aan die liefde nie, maar wat darem weet hoe die hart funksioneer en daarom sy hart vir die meisie kan gee. Dit is geskryf deur Albert Potgieter en gesing deur Eduard Delport en mede-sêrlede.

Hippokrates het ook die derde plek behaal in die mansafdeling. Dit is die vierde keer in sewe jaar dat Hippokrates die Maties manssêr wen en op nasionale vlak met die ander universiteite kragte meet.

Baie geluk aan Metanoia en Hippokrates!

## Iets op die hart?

Skryf 'n brief aan *Matieland* en sê wat op jóú hart is. Briewe moet vergesel wees van 'n naam en adres, maar kan op versoek anoniem geplaas word. Briewe moet asseblief nie langer as 250 woorde wees nie. Rig jou briewe aan:

Die Redakteur: Matieland, Afdeling Kommunikasie en Skakeling, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, Matieland, 7602.

Briewe kan ook gefaks word na tel (021) 808 3800 of per e-pos gestuur word na media@sun.ac.za.

## *MATIELAND* VERGELYK GOED

**Jo-Ansie van Wyk, Pretoria**




Ek het die jongste uitgawe van *Matieland* ontvang en wil u geluk wens met die tydskrif. Dis modern, kleurvol, propvol nuus en vergelyk uitstekend met soortgelyke internasionale publikasies. U, u redaksie en Lizanne Murison (die uitlegkunstenaar) het knap gedaan!

## *MATIELAND* HAAL ASEM

**Sarah le Grange, Somerset-Wes**

Geluk met die heerlike Somer 2007-uitgawe van *Matieland*. Nie net is die inhoud interessant nie, maar ek hou ook van die voorblad en die algemene uitleg van die tydskrif. Die uitleg is skoon, lig en haal asem, wat beteken ek kan asemhaal wanneer ek lees - en dus verder lees!

Ek sien uit na die volgende uitgawe.

## TOE VAT DIE PROF AAN MY HAND...

**Maureen du Plooy, (voorheen Luttig, maar bekend as Roux) East Sussex, Engeland**

In 1966 toe ek 'n eerstejaarstudent in prof Van der Merwe se Sielkundeklas was, het ek en my vriendin, Sandra, destyds Roy, nou du Toit, aangebied om as proefkonyne op te tree.

Prof Van der Merwe het op die besondere dag 'n sekere 'masjien', (EKG), klas toe gebring wat hartkloppens, sweet en bloeddruk ens., sou meet en registreer op 'n skerm, wat groot genoeg was sodat die hele klas reaksies sou kon sien.

Sandra, (Sandy) was eerste. Terwyl hy vir haar moeiliker en moeiliker vrae gevra het, en toe vir haar somme begin vra het, het haar grafiek geleidelik opbeweeg, soos sy harder gekonsentreer het.

Tevrede, het hy toe vir my begin vra. My grafiek het min of meer dieselfde gebly, selfs toe hy my optelsomme begin moeiliker maak het.

Toe maak hy die voorstel dat ons kyk wat gebeur wanneer hy aan die dame se hand vat. Die grafiek het onmiddellik tot bo-aan die skerm geskiet en daar gebly, tot hy sy hand weggevat het!

Die hele klas het uitgebars van die lag, hy het geglimlag, en ek kon toe ook maar net lag vir myself. Die feit dat ek 'n 'crush' gehad het op hom was duidelik vir almal. Ek dink dat hy ook bewus was dat hy 'n besondere sjarmante man was! Hy het seker geweet wat gaan gebeur!

Happy Memories en mag hy rus in vrede!

*(Skryf aan Maureen by e-pos adres maureenaya@hotmail.com. Red.)*

## Studiegelde – wie moet betaal?

**Dr Rocco de Villiers, Rietvalleirand**

Toe ek in *Matieland* se someruitgawe 2007 lees waar Johan Stemmet sê: "My pa het my genoeg geld gegee vir die eerste kwartaal..." was dit die sneller waarvoor ek al lank gewag het om 'n saak te stel wat my na aan die hart lê, nl. studiegelde vir behoeftige, vermoënde en veral gewillige studente. Ons land het 'n dringende behoefte om elke student wat die potensiaal het vir tersiêre onderwys tot die maksimum van sy potensiaal op te lei. Persoonlike finansiële probleme moet nie 'n rol speel nie, slegs die potensiaal waartoe hy of sy in staat is.

My voorstel is dat elke student wat belofte toon deur middel van 'n eksamen, wat deur die Universiteit opgestel word, vir 'n bepaalde studierigting (en nie deur 'n twyfelagtige matrieksertifikaat), toegelaat word en dat sy eerste jaar deur die staat betaal word (fooie, koshuisverblyf en boeke).

Slaag hy of sy, geld dieselfde betaling vir die volgende jaar en so verder tot selfs nagraadse vlak. Sou die student enige jaar druip, moet hy dit op eie koste herhaal. Daarna skop betaalde studie weer in. Glo my, die spook van "betaal as jy druip" is 'n ongelooflike motivering om studies ernstig op te neem.

*(Brief verkort. Red.)*

## WAAR IS DIE SPORT?

**Francois Fouché, Strand**


Dit is met groot opgewondenheid dat ek uitsien na my kopie van *Matieland*. Ek wil u geluk wens met 'n puik tydskrif - die artikels is interessant en die baie foto's maak dit 'n aangename leeservaring.

Groot was my teleurstelling egter toe ek sien die voorblad is Johan Stemmet. Moet my nie verkeerd verstaan nie - ek het niks teen hom as persoon nie en erken sy bydrae tot die Afrikaanse musiekbedryf.

Dit gaan eerder daaroor dat Oktober 2007 immers 'n hoogtepunt in ons land se geskiedenis was - so 'n bietjie goeie nuus tussen al die slegte nuus, toe ons weer die Rugby Wêreldbeker in Parys gewen het. Sou 'n foto van die Matie-rugbyspelers wat 'n leeu-aandeel daarin gehad het om die Web Ellis Trofee huis toe te bring nie 'n beter keuse gewees het nie? Verder is nog 'n groot Matie-legende, Dok Craven, opgeneem in die "Rugby Hall of Fame".

Rugby op Stellenbosch is kerngesond en verdien 'n regmatige plek. Die afgelope ses uitgawes se voorblaaie is almal gewy aan kultuur en die nuwe rektor – waar is die sport?

Hoop *Matieland* bou voort op die goeie werk en ek sien uit na die volgende uitgawe.




*(Dankie vir u skrywe. Ek gee u gelyk: 'n lekker artikel oor ons Matie-rugbyhelde sou ook 'n goeie hoofartikel kon maak. Dankie ook dat u ons daarop attent maak om sensitief te wees vir die breë temas wat in voorblaaie weergegee word. Hiermee saam 'n kunstenaarsvoorstelling van hoe Desember se* Matieland *met 'n rugby-tema kon gelyk het. Red.)*

## BEROEPSVOORLIGTING IN DAAI DAE

**WG le Roux, Strand**

*In my laerskooldae wou ek graag skoolopsigter word. Ai, dit moet darem lekker wees om buite in die sonnetjie rond te loop instede van in 'nklaskamer te sit en somme doen.*

*Ek sou later uitvind dat daar ook ander beroepe is wat jou buite die skoolmure kan besig hou. Coen Loubser se pa was landmeter en hoe het ek hom beny as hy en sy helper gestewel en gespoor met rugsakke en teodoliete die vry wêreld instap!*

*In die jaar 1934 toe ek matriek deurgeskuur het, was die begrip beroepsvoorligting onbekend. Dit sou in elk geval nutteloos gewees het om tyd, geld en energie te spandeer om die jong seun of dogter se latente vaardighede met aanlegtoetse te diagnoseer, want vanaf 1929 het depressies, droogtes, sprinkane en alle ander denkbare rampe ons ou volkie getref.*

*Teen die veertigerjare, het die begrip beroepsvoorligting egter begin posvat.*

*Vir party was dit makliker as vir ander om koers te kry omdat hul omstandighede hul jong lewe in 'nbepaalde rigting gestuur het. So het die boerseun later boer geword, die seun van die winkelier het hom in sy pa se sakeonderneming gevestig en die seun uit 'n spoorweghuis sy heenkome in die Spoorweë gevind. Vir dogters was daar hoofsaaklik drie weë oop: verpleegster, onderwyseres of maatskaplike werkster - en dan ook maar bra tydelik want algou het hulle huisvrou en moeder geword.*

*Vir diegene wat gelukkig genoeg was om universiteitsopleiding te kry, was daar nie oriënterings- en voorligtingskursusse nie. Jy is universiteit toe gestuur om "geleerdheid" te kry (bedoelende 'n algemeen bekende rigting soos predikant, onderwyser of prokureur).*

*Gewapen met 'n universiteitsbrosjure oor die verskillende fakulteite en kursusse, sal die groentjie totaal onkundig en koersloos die kampus met onsekere tred betree. Hy sal skugter by seniorstudente verneem waar die Chemie- of Opvoedkundegebou is - net om dan tot by die Stellenbosch-stasie beduie te word.*

*Omdat ek 'n gebore Stellenbosser was, was die aanpassingstrauma my gespaar gebly. Ek het geweet waar al die geboue was, ek kon omtrent al die dosente eien en het ek georiënteerd gestaan teenoor die basiese begrippe en vereistes van student-wees.*

**(Baie dankie vir 'n aangrypende brief wat ongelukkig taamlik verkort moes word. Lees die volledige bief aanlyn by www.matiesalumni.net. Red.)**

# USB-ED highly rated in world ranking for management training

USB-Executive Development (USB-ED), the public training company which forms part of the University of Stellenbosch Business School, recently achieved the exceptional accolade of being selected as one of the world's top business training institutions.

This follows after London's *Financial Times* recently announced its annual international ranking for leading management training institutions, in which USB-ED was ranked 45th. This resulted in USB-ED sharing the world stage with internationally recognised business schools, such as the well-known Harvard Business School, which was awarded the first place, the Center for Creative Leadership (CCL), which came in eighth, and Stanford University (GSB), which came in tenth, as well as Duke and the London Business School.

The ranking is compiled following interviews with students in management training programmes of the various business schools about their experiences. The interviews are conducted by an independent marketing research company on behalf of the *Financial Times*. Last year a total of 4 000 students were interviewed for the ranking.

USB-ED's CEO Frik Landman said, "The fact that the company was placed so high on the international ranking reflects the high quality of training which is provided by USB-ED. The quality and importance of the client is always placed first in our branding and programmes. When the company considers strategies, programmes and partners, this forms the foundation of our decision-making," he said.

Last year the company became the first management development company in a business relationship with a university to obtain BEE accreditation. USB-ED's BEE partners are WIPHOLD, headed by Louisa Mojela, and well-known businessman Vincent Raseroka. Mojela has chaired USB-ED since its inception in 2001. WIPHOLD focuses on the economic empowerment of black women.



CEO of USB-ED, Frik Landman

"While USB-ED has an interdependent relationship with the University of Stellenbosch Business School and shares the USB brand, it enjoys the full independence of a public training company. The model is extremely successful and is able to make a tangible difference with regards to the development of management skills and leadership on the African continent," said Landman.

## EXECUTIVE EDUCATION CALENDAR 2008

| Comprehensive Programmes | Jul | Aug | Sept | Oct | Nov | Dec |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Senior Management Development Programme 2 (Bellville) | 28 - 1 | | 15 - 19 | | 3 - 7 | |
| Management Development Programme 3 (Bellville) | | | 1 - 5 | 27 - 31 | | |
| Management Development Programme (KwaZulu-Natal) | | 18 - 22 | | 6 - 10 | | |
| Management Development Programme (Botswana) | 14 - 18 | 25 - 29 | | | | |
| New Managers' Development Programme 2 (Bellville) | | | | 13 - 17 | | |
| New Managers' Development Programme (Gauteng) | | 25 - 29 | | | | |
| New Managers' Development Programme (Namibia) | | 25 - 29 | | | | |
| **Discipline-specific Programmes** | **Jul** | **Aug** | **Sept** | **Oct** | **Nov** | **Dec** |
| Leadership Development Programme (CCL) (Stellenbosch) | | 4 - 8 | | | | |
| Development of Leadership and Team Skills (Bellville) | | | 1 - 4 | | | |
| Financial Management for Non-Financial Managers 2 (Bellville) | 14 - 17 | | | | | |
| Managing Customer Service Excellence (Bellville) | | | 9 - 10 | | | |
| MS Project (Bellville) | | | | | | 1 - 3 |
| Project Management (Bellville) | | 11 - 15 | | or | 24 - 28 | |
| Project Management 2 (Pretoria) | | | | 6 - 10 | | |
| Project Management (Johannesburg) | 21 - 25 | | | | | |
| Project Management 2 (Windhoek) | | | | 20 - 24 | | |
| Passport to China | | 25 - 29 | | | | |
| Strategic Marketing Metrics (Bellville) | | 25 - 26 | | | | |
| Strategic Marketing Metrics (Gauteng) | | | 22 - 23 | | | |
| Strategy Policy Design for Public Sector (Bellville) | | 4 - 6 | | | | |
| Strategy Policy Design for Public Sector (Gauteng) | | | 9 - 11 | | | |
| Strategy Policy Design for Public Sector (Namibia) | | | 30 - 2 | | | |
| Supply Chain Management (Bellville) | | | 17 - 19 | | | |
| Wealth Management | enquire for dates | | | | | |

INNOVATIVE
INTERNATIONAL
INFORMED

The best business learning in the world is our business.

Contact us for more information

+27 (0)21 918 4488/4344
www.usb-ed.com

USB Executive Development Ltd
University of Stellenbosch Business School



# UITSTYGWENNERS IS ROLMODELLE

*Uitstygwenners! Agter is Heidri Bindemann-Nel, Thulani Simayile en Agripa Munyai. Voor is Morné van der Merwe en sy gidshond, Rabat, die Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman en Thembisa Qwabe.* *(Foto: Anton Jordaan, SSFD)*

"Julle is rolmodelle en 'n inspirasie vir elkeen van ons," was hoe die Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman, vanjaar se ontvangers van die prestigeryke Rektor se Uitstygtoekennings, gelukgewens het.

Dié toekennings is reeds in 2003 ingestel om erkenning te gee aan studente wat uitnemend presteer relatief tot die konteks waarbinne hul akademiese loopbaan beslag gekry of ontwikkel het. Die toekennings beloop tot R50 000 elk.

**Thembisa Qwabe** is 'n tweedejaar mediese student van Khayelitsha wat in haar matriekjaar 'n slagoffer van geweldsmisdaad was. **Heidri Bindemann-Nel** is sommer in Graad 1 al wysgemaak dat sy as gevolg van haar disleksie nooit graad 12 of selfs enige tersiêre opleiding sou voltooi nie. Vandag is sy 'n derdejaar BA Omgewingstudie-student. **Agripa Munyai**, ook 'n derdejaar BA Omgewingstudie-student, se doelwit is om die jeug te bemagtig deur uitdagings soos MIV/Vigs, misdaad en armoede aan te pak. **Morné van der Merwe** is 'n musiekstudent wat die Departement Musiek moes oortuig om hom toelating tot die graadkursus te gee en hy moes ook van nuuts af leer om orrelmusiek in braille te lees. Hy en sy gidshond, Rabat, is 'n bekende gesig op Stellenbosch. **Thulani Simayile** moes sy tante se beeste oppas in ruil vir sy opvoeding nadat hy albei sy ouers verloor het terwyl hy nog op skool was. In 2006 behaal hy 'n HonsBA in Afrikatale: Taalonderrig en -leer (cum laude) aan die Universiteit Stellenbosch en werk tans aan sy meestersgraad in Afrikatale. Sy visie is om doeltreffende veeltaligheid in Suid-Afrika te bevorder aangesien daar 'n groot behoefte in Suid-Afrika is om isiXhosa aan te leer.

# Pieke en Nerina is Jool-kampioene






Pieke, 'n privaat wyk vir mans, en Nerina vrouekoshuis is vanjaar se wenners van die Smoegbeker as algehele wenners van Jool. Die Smoegbeker word toegeken aan die koshuispaar wat algeheel die beste presteer, en die Joolbeker, Geldbeker en Gemeenskapsbeker is by hierdie prys ingesluit. Die tweede plek het aan Heemstede en Eendrag gegaan terwyl Aristea en Dagbreek die derde plek verower het.

Pieke en Nerina het ook die Geldbeker verower deur sowat R146 000 in te samel. Hulle het ook 'n derde plek in die Joolbeker behaal. Die Joolbeker is vanjaar deur Erica en Huis Visser gewen, wat onder meer die Vensterversierings gewen het. Die Gemeenskapsbeker is deur Aristea en Dagbreek gewen vir hulle projek by die Koelenhof Primêre Skool, waar die verlate sportveld gerestoureer is en gras, 'n besproeiingstelsel, rugby- en sokkerpale asook krieketnette aangebring is. Minerva en Helshoogte het in die Trollieresies en die Vlotoptog koning gekraai.

- Klaus Kotze en Lauren Thomas is as Mnr en Me Matieland 2008 by die Olmeca Tequila Mr and Ms Matieland Extravaganza aangewys. Micaela Sawyer en Pieter Welgens was eerste Prinses en Prins, en Tracey-Ann Stewart en Daniel Malherbe Derde Prinses en Prins.

*Heel bo: Voor is Klaus Kotze en Lauren Thomas en agter hulle Tracey-Ann Stewart, Daniel Malherbe, Pieter Welgens en Micaela Sawyer*
*Bo: To Infinity and Beyond! Minerva en Helshoogte se Wenvlot.*

# STUDENTE VOER GESPREK MET DALAI LAMA



*Saam met die Dalai Lama is Christiaan Rode, Brandon Como, Conrad Kassier en WJ le Roux.*

Studenteverteenwoordigers van die Universiteit het in Februarie vanjaar die Dalai Lama in Indië besoek.

Die afvaardiging het bestaan uit mnre Brandon Como (SR-lid: Studenteontwikkeling), WJ le Roux (SR-voorsitter) en Christiaan Rode (Studenteontwikkelingskomiteelid). Mnr Conrad Kassier, wat dien op die SR se Studente-ontwikkelingskomitee, het ook die groep vergesel.

Tydens die ontmoeting is oplossings bespreek vir probleme wat Suid-Afrika en Tibet deel, met die rol van die jeug in die vestiging van 'n regverdiger samelewing as fokuspunt. Die Dalai Lama het die belangrikheid van niegewelddadige kontak tussen strydende partye beklemtoon – hetsy die konflik sosiaal, polities of kommersieel is.



*Voor is Erine Botha, Nina Stumpfe (regs) en Suzanne Hechter (agter links) in Handwerk van 'n dame deur Aristea.*

# KOSHUISTONEEL beïndruk

Sonop en Helshoogte is vanjaar se wenners van die Angels Tears Wine-Toneelfees. Hul weninskrywing, Onderstebo, is geskryf deur Hannes Spangenberg, honneursstudent in drama wat ook die regisseur was. Die fees word jaarliks deur die Studenteraad gereël.

Die ander drie produksies in die finaal was Aristea (tweede plek) met Handwerk van 'n Dame, Dagbreek en Nerina met Hierdie Jerigo en Serruria en Pieke met Thomas Moore: Private Eye. Alhoewel die vier produksies diverse temas gehad het, was almal een of ander vorm van komedie. Die produksies in die finaal is deur Nicole Holm, Marthinus Basson, Mareli Pretorius en Louis Pretorius beoordeel.



Foto: SSFD

# Slimkop kry 9 onderskeidings




Dr Pearl Fredericks, wat in 2007 afgestudeer het, is die eerste persoon in die geskiedenis van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe om nege van haar elf kliniese dissiplines in haar finale rotasie cum laude te slaag.

Volgens Pearl het sy nie haar visier op dié besondere prestasie gestel nie en was trouens sedert haar vierde jaar reeds druk besig met 'n rits ander aktiwiteite – onder andere as klasverteenwoordiger en as tesourier van Tygerberg se Studenteraad.

Sy skryf haar akademiese sukses toe aan twee hardwerkende ouers wat oor die jare gereed gestaan het om te help waar hulle kon. Pearl is van plan om eers deeglike ervaring in die geneeskundeveld op te doen en daarna wil sy graag spesialiseer, "moontlik in neurologie of neurochirurgie".

*Op die foto bo: Breinboks. Pearl Fredericks en die Dekaan van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, prof Wynand van der Merwe.*

# Valiant is 'n Matie



Valiant Swart, bekende Afrikaanse sanger, is terug op kampus om verder te studeer. Nadat hy in die 1980's 'n BA-graad verwerf het, bewandel Valiant, oftewel Pierre Nolte, die gange van die Lettere-gebou, dié keer om 'n honneursgraad in Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde te behaal.

En volgens een van sy dosente, prof Dorothea van Zyl, is Pierre iemand wat 'n mens altyd graag sien. "So vriendelik en plat-op-die-aarde as wat hy destyds as student was, so is hy tot vandag nog, al is hy nou 'n bekende. Maar hy is terselfdertyd heel skerpsinnig, met 'n wysheid en kennis wat hy kennelik sedertdien opgedoen het in die leerskool van die lewe." En hoe dit met die studies gaan? "Academia is nie vir sissies nie!" sê hy in 'n onderhoud met *Die Matie* vroeër vanjaar.

# DE VILLIERS IS MEDALJEWENNER

Dr Dirk de Villiers, 'n oud-leerder van Paul Roos Gimnasium in Stellenbosch, is 2007 se wenner van die gesogte Kanseliersmedalje. Dit is tydens die Desember-plegtigheid aan hom oorhandig. Die Medalje word jaarliks toegeken aan 'n finalejaarstudent wat uitnemend presteer.

Dirk het het in 2001 sy studies in Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese aan die Universiteit begin en oor die vier jaar van voorgraadse studie was sy gemiddelde prestasiepunt 93,1%.

Ná voltooiing van sy BIng-graad het hy in 2005 met 'n magisterprogram in hoëdrywing-mikrogolfkombineerders begin, maar op grond van sy uitstekende vordering is sy magisterprogram in Julie 2006 na 'n PhD opgradeer, wat hy in November 2007 suksesvol verdedig het – slegs drie jaar ná die voltooiing van sy BIng-graad.

# ENGINEERS TASTE SUCCESS



*Retief Gerber and Coenrad Fourie*

Mr Retief Gerber and Dr Coenrad Fourie of the Department of Electrical and Electronic Engineering have achieved a well-deserved third place at the annual Innovation Fund Competition. As a team they have received prize money to the value of R150 000.

Mr Gerber, a postgraduate student and lecturer, and Dr Fourie, a senior lecturer and Mr Gerber's study leader, developed Scryer Imaging for human security screening applications such as those at security points at airports.

Mr Gerber explained that the images can detect even non-metallic objects hidden beneath clothes. "In a sense the system works like a camera with 'prints' made of that which is emitted by a body or object. As objects, or in other words, elements, emit different frequencies, it will produce different kinds of prints. The system can therefore be fine-tuned to 'read' and identify objects – even if they are hidden. Furthermore, the system is environmentally friendly and not dangerous as it doesn't radiate anything," he said.

One of the biggest advantages of the system is that it can screen people in queues at distances of several metres while also improving passenger throughput rates.




(Foto: Hennie Rudman, SSFD)

# MATIES DRING AAN OP menseregte

'n Petisie waarin Matie-studente op die erkenning van hul menseregte aandring, is vroeër vanjaar aan die toenmalige Uitvoerende Burgemeester van Stellenbosch, Raadsheer me Lauretta Maree, tydens 'n byeenkoms van honderde Maties op die Rooiplein op die Stellenbosch-kampus oorhandig.

Die byeenkoms volg ná die beweerde hardhandige hantering van studente deur polisielede tydens 'n klopjag op drie gewilde kuierplekke in Stellenbosch in Maart vanjaar. Die sprekers het hulle ook duidelik uitgespreek teen prostitusie en die gebruik van dwelms en oormatige alkoholgebruik.



US eregraadontvangers! By die Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman, is regter Arthur Chaskalson, oud-president Nelson Mandela, me Graça Machel en prof Vic Goedseels. (Foto: Anton Jordaan, SSFD)



# BEKENDES ONTVANG eregrade

'n Indrukwekkende groep mense het tydens die Desember- en Maartgradeplegtighede eregrade van die Universiteit Stellenbosch (US) ontvang.

In Desember is die graad Doktor in die Handelswetenskappe (DComm), *honoris causa*, toegeken aan **mnr Koos Bekker**, Uitvoerende Hoof van Naspers, MatiesAlumnus en ook 'n lid van die Raad van die US, vir sy rigtinggewende bydraes tot die ontwikkeling van die gedrukte en elektroniese media in Suid-Afrika en Afrika, sy vermoë om vindingryke media-oplossings vir Afrika te vind, sy visioenêre leierskap op sakegebied deur sy identifisering en ontleding van ontluikende markte, die pasmaak van tegnologiese oplossings vir en die ontginning van daardie markte, en sy vermoë om in die konteks van politieke realiteite, die ekonomie en tegnologiese ontwikkeling nie net koersaanpassings te maak nie, maar selfs ontwikkeling vooruit te loop.

**Dr Khotso Mokhele**, die voormalige president van die Nasionale Navorsingstigting (NNS), is met die graad Doktor in die Wysbegeerte (DPhil), *honoris causa*, vereer vir sy betekenisvolle bydraes tot die vestiging van 'n nuwe wetenskapstoneel in Suid-Afrika, die ontwikkeling van Suid-Afrika se wetenskapsprofiel, en die uitbouing van die wetenskap en tegnologie om Suid-Afrika internasionaal meer mededingend te maak, maar plaaslik steeds relevant te wees.


Tydens die Maart-gradeplegtighede vanjaar is drie eregrade toegeken. Die graad Doktor in die Regsgeleerdheid (LLD), *honoris causa*, is toegeken aan **regter Arthur Chaskalson**, wêreldbekende regskenner, die eerste president van die Konstitusionele Hof, en later ook Hoofregter van Suid-Afrika, vir sy groot bydrae tot die vestiging van 'n nuwe wetlike bestel vir postapartheid-Suid-Afrika, wat gegrond is op die grondliggende grondwetlike waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid, en sy rol in die herstel van die geloofwaardigheid van die regbank en die vestiging en onderhouding van respek vir die onafhanklikheid van die Konstitusionele Hof.

Die graad Doktor in die Natuurwetenskappe in Landbou (DSc Agric), *honoris causa*, is toegeken aan **prof Vic Goedseels**, Dekaan van die Fakulteit Landboukundige en Toegepaste Biologiese Wetenskappe aan die Katolieke Universiteit Leuven, vir sy bydrae tot die samewerking tussen dié universiteit en die US, wat 'n belangrike komponent op die internasionaliseringspad van die US was.

Die graad Doktor in die Wysbegeerte (DPhil), *honoris causa*, is toegeken aan **me Graça Machel**, kampvegter vir die regte van kinders en vroue, en eggenote van oud-president Nelson Mandela, vir haar toewyding aan die doel van universele opvoeding vir alle Mosambiekers, haar leierskap in organisasies wat hulle beywer vir die regte van kinders, en haar voortgesette pogings om die vroue van Mosambiek te bemagtig.

- Dr Mandela is luidkeels deur die studente en gaste verwelkom toe hy hom by die akademiese prosessie op die verhoog in die DF Malan Gedenksentrum aangesluit het.

# PAUL CLUVER is die nuwe Raadsvoorsitter



Dr Paul Cluver, neurochirurg, wyn- en vrugtebedryf-entrepreneur en MatiesAlumnus, is vroeër vanjaar as die nuwe voorsitter van die Universiteitsraad aangewys in die plek van dr Edwin Hertzog, wie se termyn op 1 April 2008 verstryk het.

Dr Cluver (67), 'n gebore Kapenaar, het sy MB,ChB-graad (1965) en 'n PhD Med (1973) aan die Universiteit Stellenbosch (US) verwerf. Hy behaal die graad MD (summa cum laude) in 1969 in Duitsland. Hy het daarna ook in 1977 die graad ChM aan die Universiteit van Kaapstad behaal. Dr Cluver is in 2000 met 'n eredoktorsgraad, PhD (Agric), *honoris causa*, deur die US vereer. Hy was tot 1995 senior konsultant in neurochirurgie, eers aan die Universiteit van Kaapstad en daarna by die Fakulteit Gesondheidswetenskappe van die US. Dr Cluver dien nou reeds die afgelope agt jaar in die Raad van die Universiteit.

Hy dien tans ook in die direksies van verskeie ander maatskappye, waarvan De Rust Estate Edms Bpk, Company of Wine People, SA Wine Council en Capespan Group Holdings enkeles is.

- Dr Edwin Hertzog, 'n MatiesAlumnus en die voorsitter van Medi-Clinic, was die afgelope vier jaar die voorsitter van die Universiteitsraad en was nou betrokke by die saamstel en aanvaarding van 'n verskeidenheid van die Universiteit se beleidsdokumente. Die ondervoorsitter is dr Gerhard van Niekerk.



# 5 NAVORSERS IS NOU WÊRELDLEIERS

Die Universiteit het vroeër vanjaar sy hoeveelheid A-geëvalueerde navorsers opgestoot na twaalf. Die polimeerwetenskaplike prof Bert Klumperman, ekoloog prof Dave Richardson, die regsgeleerde prof Cornelius van der Merwe, gesondheidswetenskaplike prof Peter Donald en die filosoof, prof Paul Cilliers (foto), het die evaluering van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) ontvang.

Die NNS-evaluering is 'n globaal mededingende wetenskaplike stelsel en navorsers word gegradeer na gelang van die gehalte en impak van hul navorsingsuitsette. Dit word gedoen op grond van onder meer publikasies, eweknie-evaluasie en kundige menings wat plaaslik en in die buiteland ingewin word. 'n A-gradering word slegs toegeken aan navorsers wat die hoogste navorsingstandaarde handhaaf en eweknie-erkenning as 'n internasionale kundige binne 'n bepaalde vakgebied geniet.

- Nog 'n Stellenbosse navorser, prof André van der Walt van die Fakulteit Regsgeleerdheid, het die tweede keer 'n A-evaluering ontvang.

MIV-PROJEKTE

# EU skenk R3,5m

Die Universiteit Stellenbosch het 'n toekenning van R3,5 miljoen van die Europese Unie (EU) ontvang waarmee sewe kernprojekte geloods is om tot die opgradering van institusionele MIV-programme by die Universiteit by te dra.

Volgens me Monica du Toit, koördineerder van die Kantoor vir Institusionele MIV-koördinering, behels die Universiteit se nuwe MIV-strategie dat daar wegbeweeg word van eenmalige bewusmakingsgeleenthede, en dat daar meer gefokus word op navorsing, dienslewering, onderrig, welwees en leierskapsontwikkeling.

Dit sal stukrag verleen aan die Kantoor se visie van 'geen nuwe infeksies op kampus teen 2012 nie'.

Die strategie lê ook verder klem op die ontwikkeling van MIV-spesifieke vaardighede binne die studentekorps met die oog op dienslewering en bestuur in die arbeidsmark.

"Dit is belangrik dat dié wat saam met dosente, menslikehulpbronbestuurders en gesondheidsorgpersoneel baanbrekerswerk op die gebied van MIV- en vigsnavorsing doen, besef hoe deurslaggewend hul werk is in die verwesenliking van ons MIV-visie", sê me Du Toit.

Die projekte sluit die bevordering van MIV-onderrig deur kurrikulumontwikkeling en die instelling van 'n basis-MIV-kursus vir alle nuwelingstudente, en 'n welwees- en MIV-opleidingstrategie vir personeel in.



# LOMBARDI BUILDING *opened*




*Pictured here in front of the Lombardi Building is Prof Russel Botman, SU Rector and Vice-Chancellor, and Mr David Macdonald, a trustee of the EJ Lombardi Trust* (Photo: Anton Jordaan, SSFD)

The Lombardi Building, housing the departments of Horticultural Science, Soil Science and Plant Pathology in the Faculty of AgriSciences, was officially opened by Mr David Macdonald, a trustee of the EJ Lombardi Trust, and Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor, earlier this year.

The Council of Stellenbosch University (SU) accepted a proposal made by the Committee for the Renaming of Buildings that the Consumer Science Building be renamed the Lombardi Building in acknowledgement of the involvement of the Trust in AgriSciences, as well as the scope of its involvement in community projects such as Matie Community Service, the Music Department, the Braille Centre and the Legal Aid Clinic.

Mr Edmond Lombardi was a pioneer in the deciduous fruit industry and, among others, the first person to irrigate apple orchards (even before the start of the Second World War). He was also the master brain behind the highly successful Applethwaite Farm in the Elgin district. He was actively engaged with industry bodies as well as on the technical side of the industry, and always viewed SU as an important partner. Even after his death in 1982 and with the formation of the Trust the partnership grew from strength to strength as other departments also became involved.

# NOG 'N ERETOEKENNING VIR KULTUURHISTORIKUS

Slegs enkele maande nadat dr Matilda Burden, deur baie bestempel as die doyenne van Kultuurgeskiedenis in Suid-Afrika, 'n eretoekenning van die Wes-Kaapse Minister van Kultuursake en Sport, mnr Whitey Jacobs (foto) ontvang het, het sy onlangs nog 'n eerbewys in die vorm van 'n goue erepenning van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis ontvang – hierdie keer vir haar volgehoue bydraes tot navorsing oor en bewaring van Suid-Afrikaanse kultuur en erfenis, en veral vir die akademiese bydraes ten opsigte van die vakgebied Kultuurgeskiedenis. Die SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis is die akademiese vakvereniging van kultuurhistorici in Suid-Afrika. Dr Burden, dosent in Kultuurgeskiedenis in die Departement Geskiedenis, se grootste bydraes is die meer as dertig artikels



in vaktydskrifte wat sy reeds gepubliseer het en die tientalle nagraadse studente wat sy opgelei het om hulle plek as goed toegeruste kultuurhistoriese navorsers vol te staan.

MatiesAlumna Fiona van Kerwel is die dryfkrag agter die Woordfees se Woorde open Wêrelde (WOW)-projek (sien kassie). Die Wow-projek is ook onlangs aangewys as een van die Gemeenskapsinteraksie vlagskip-projekte by die US. Theo Kemp, Uitvoerende Bestuurder van die Breytenbach Sentrum op Wellington en voormalige projekbestuurder van die Woordfees, het met Fiona gesels.

Dit is 'n stil oggend in Idasvallei. Fiona van Kerwel, projekbestuurder van WOW (Woorde open Wêrelde), staan reeds en wag voor haar helderkleurige huis teen die bult. Vanuit haar tuin het jy 'n uitsig oor die res van Stellenbosch. Die berge, Kayamandi en die Universiteitsgeboue steek iewers hulle koppe uit. "Kom in," sê Fiona, "ek kan nie glo jy gaan vandag oor my praat nie!" lag sy beskeie. Vandag is nie net 'n gewone kuier nie. Ons gaan oor WOW en die dryfkrag daaragter gesels.

Teen die sitkamermuur hang foto's van Fiona, haar man Deon en hulle kinders, Danica (14) en Dustin (9). Tussendeur is daar ook artikels oor Fiona se suksesse met die WOW-projek. Tussen hierdie mure moes al baie idees gebore word, dink ek terwyl Fiona koffie maak. Idees wat sy en Dorothea van Zyl, Direkteur van die Woordfees, behoorlik bepraat voordat dit uitgevoer word. En aan inisiatief het Fiona geen tekort nie.

Vandat Fiona in 2004 agter die WOW-lessenaar ingeskuif het, het sy nog nie vir 'n oomblik stil gesit nie. In vyf jaar se tyd het die 21 skoolbesoeke gegroei tot oor die 50 skole. Intussen het 'n dramaprojek, 'n WOW-dag, 'n leesfees en 'n meer uitgebreide verf-en-vers-projek deel geword van dié bemagtigingsprojek wat nou ook gesien word as een van die Universiteit Stellenbosch (US) se vlagskipprojekte wat gemeenskapsinteraksie betref.

Ek maak die lêer met die uitgewerkte vrae, wat ek intussen uit my drasak gehaal het, weer toe. "Groot werke word woord vir woord geskryf," onthou ek Fiona se Voltaire-aanhaling onderaan een van haar e-posse. As ons eers koffie drink en gesels, is daar nie tyd vir beplande vrae nie. Daarvoor gesels Fiona te entoesiasties.

Dit is onvermydelik om met die dryfkrag van so 'n dinamiese bemagtigingsprojek te praat en nie hardop te wonder hoe die bevordering van diversiteit aan die US lyk nie.

# WOW, Fiona!




Foto: Erhardt Thiel

"Ons is nog nie naastenby daar waar ons moet wees nie," antwoord Fiona. "Die seer van die verlede sal ons nie maklik afgooi nie, maar ten minste sit ons al almal saam met dieselfde T-hemde op Nuweland as die Stormers speel," skerts sy. "Ek sien dit wat nog gedoen moet word as 'n groot uitdaging wat in 'n nog groter geleentheid omskep moet word," voeg Fiona dan by.

Fiona het in George saam met haar twee jonger broers, Devon en Argeo, grootgeword. Sy kom uit 'n familie van onderwysers: Haar pa en albei oupas was in hierdie beroep. Sy bly vir 'n ruk stil voordat sy verder vertel.

"My ouers is geskei toe ek nog klein was. Ons het toe saam met my ma by my ouma en oupa gebly. Dit was soos ons eie huis, maar as jy groter word dan besef jy dat dit nooit werklik jou ma se eie huis was nie, en jou drome begin reeds daar om iets te wil bereik sodat jy jou 'eie' in die lewe kan besit."

Alhoewel dit op 'n manier sorgelose kinderdae was, onthou Fiona die politieke onrus en opstande van haar skooljare. "Ek was in 1976 in standerd 1," sê sy. Dit is die jaar wat veral onthou sal word vir die Soweto-opstand en betoging teen Afrikaans in swart skole.

"Baie dae moes ons huis toe hardloop met nat sakdoeke oor ons gesigte as die veiligheidspolisie met hulle geel trokke en traangas kom," vertel Fiona.

In 1985, wat onthou sal word as die groot weerstandsjaar van "Liberation before Education", was Fiona in matriek. "Ons het die finale eksamen onder polisiebewaking geskryf. Die aktiviste wou nie gehad het ons moes gaan skryf het nie, maar my ma het net gesê: 'My kind, as jy nie gaan eksamen skryf nie, moet jy in 'n winkel gaan werk'. Ek wou nie. Ek het ander drome gehad. Ek wou iets word."

Dit was 'n onderwyser met 'n 'boekie oor Stellenbosch' wat Fiona laat besluit het om aansoek te doen vir 'n BA en Hoër Onderwysdiploma aan die US.

"Ek wou met alle mag en mening nie gekom het nie. Dit was 'n plek wat jy as bruin mens nie eers oorweeg het in daardie jare nie. Maar die juffrou het gesê ek moet aansoek doen en ek wou net so graag myself vir iets bekwaam. Toe word ek aanvaar," sê Fiona.

> "Die seer van die verlede sal ons nie maklik afgooi nie, maar ten minste sit ons al almal saam met dieselfde T-hemde op Nuweland as die Stormers speel."

Nadat sy haar graad voltooi het, het Fiona 12 jaar lank vir graad 7-leerders skoolgehou by Laerskool Pieter Langeveld in Cloetesville, voordat sy die pos by die Woordfees gekry het.

"Die pad wat ek geloop het, gee my vandag empatie met ander. Dit raak 'n motivering om ander te help, om te voorkom dat 'n jongmens 'n verkeerde besluit neem wat ek kon vermy," sê sy.

Nou is Fiona die een wat na duisende leerders uitreik om hulle te vertel dat daar hoop is. Dat tersiêre opleiding nie so 'n onbereikbare droom is soos baie mense glo nie. Dat jy iets kan word as jy werklik daarin glo, ongeag waar jy vandaan kom. Nou is Fiona die een wat minder bevoorregte leerders na die Woordfees bring om vir 'n dag lank 'n Matie te word en rond te neem op dieselfde kampus as waar sy as skaam student begin het.

"My werk is vir my baie bevredigend," borrel Fiona voort. "Dit gee vir my die geleentheid om 'n verskil te maak in iemand anders se lewe. Om nie net 'n boodskap van hoop te gee nie, maar om werklik geleenthede te skep. Dit is my uitdaging. Ek het nie 'n begeerte om ooit Suid-Afrika te verlaat nie."

Dié uitdaging gryp Fiona met soveel toewyding aan dat sy tans besig is met 'n MPhil in onderwys en opleiding vir lewenslange leer, om haarself nog verder op te lei vir haar taak in die gemeenskap.

Toe ons uitstap, vertel Fiona my dat sy haar kinders dikwels die storie vertel van die twee kinders in 'n benoude woonstel. Al twee het by die venster gestaan ná 'n reënerige dag. Die een het na die modder gekyk en die ander na die sterre. En dit is met hierdie storie in haar kop wat Fiona se projek wêrelde vol sterre oopmaak vir meer mense as wat ek vermoed die statistiek ooit sal kan bewys. m

**Fiona van Kerwel is the driving force behind the highly successful Woorde Open Wêrelde (Words Open Worlds) language empowerment project. Read more at www.matiesalumni.net.**

## WOW-PROJEKTE BETOWER WYD

WOW is 'n Afrikaanse taalbemagtigingsprojek wat veral ten doel het om leerders uit voorheen benadeelde gemeenskappe deur die kunste in die algemeen, en spesifiek die letterkunde, te bevorder.

### Skrywersbesoeke graad 12
Skrywers wie se werk opgeneem is in graad 12 se voorgeskrewe tekste lees tydens skoolbesoeke voor uit eie werk, bespreek dit en beantwoord vrae.

### WOW-dag graad 12
Graad 12-leerders word Maties-vir-'n-dag, woon werksessies en die Mardi Gras by, ontmoet rolmodelle en gaan op kampustoere.

### Verf- en Verskompetisie
Hierdie kompetisie wakker kreatiwiteit en 'n liefde vir lees aan by leerders in die grondslag- en intermediêre fase van oor die hele Wes-Kaap. Leerders skryf 'n kort gedig op A3-papier en maak 'n kleurryke plakkaat daarvan. Die werk word uitgestal en wenners word aangewys tydens 'n gala-dag by die Woordfees. Skole kom ook kort toneelstukke opvoer.

### Skoolkoerantprojek
In samewerking met die Departement Joernalistiek word werksessies van die WOW-skoolkoerantprojek op die Saterdag van die Woordfees aangebied. Leerders stel 'n eie Woordfeeskoerantjie saam.

### Beurse
Vanaf 2006 is twee US-studiebeurse (van altesaam R65 000 per jaar) spesifiek aan die WOW-projek gekoppel vir studie in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe. Dit is vanaf 2008 aansienlik uitgebrei na 13 beurse, sodat studente deur 'n mentor ondersteun kan word.

### Dramaprojek
Leerders verwerk 'n teks uit hul voorgeskrewe werk tot 'n eie produksie wat beoordeel word. Die US se Departement Drama bied werksessies aan die gekeurde groepe en stukke word herskryf. Die wenstukke word tydens die WOW-dag vir die ander leerders opgevoer.

### E-pos-uitwisseling
Hierdie loodsprojek het leerders van twee Wes-Kaapse skole elektronies in aanraking met leeftydgenote in 'n Nederlandse skool gebring ˆ 'n eietydse weergawe van 'n penvriendeprojek.

### Mardi Gras
In 2007 is vir die eerste keer 'n gratis verhoog op die Braak aangebied, met bekende akteurs en sangers, 'n orkesoptog, stalletjies, 'n pretpark en 'n suksesvolle skole-idolskompetisie. Dit het in 2008 sowat 4 500 mense getrek.

### Leesprojek
Leeskringe en leeshoekies vir hoërskoolleerders word gevestig ter verbetering van leerders se ernstige leesprobleme en gebrekkige motivering om te lees. Opvoeders word ook gelei in strategieë en metodes om lees te bevorder en om die 100 boeke wat die Wes-Kaapse Onderwysdepartement per klaskamer beskikbaar stel, na behore te benut. In totaal is 1 028 leerders bereik tydens die week lange leesfees en die skoolbiblioteek is opgegradeer met heelwat boekskenkings. Hiermee word groot uitbreidings beoog.

### Raak betrokke!
Kontak Fiona van Kerwel by 021 808 3472 of e-pos wow@sun.ac.za as jy 'n bydrae wil lewer – hetsy deur 'n finansiële skenking, boeke en/of jou kundigheid. Meer inligting is ook beskikbaar by www.woordfees.co.za.



# DÍS DIE KOERS,

## sê Russel Botman

Foto: Erhardt Thiel

**Die Raad van die Universiteit Stellenbosch (US) het onlangs die groen lig gegee vir die voortgesette herposisionering van die US as relevante instelling vir al die mense van ons land – een wat met die oog op die toekoms beduidend anders en beduidend beter moet wees. In die meegaande artikel gee prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, 'n blik op dié koers.**

Stellenbosch staan vir 'n idee. Hierdie gevleuelde woorde het oor die jare 'n soort slagspreuk van die US geword – met bepaalde politieke konnotasies. Die Raadsbesluit oor die toekomstige herposisionering van die Universiteit gee nuwe betekenis aan hierdie frase. Die idee waarvoor Stellenbosch nóú staan is 'n instansie wat as nasionale bate sy sukses en kundigheidsbasis verder wil verstewig en dit wil aanwend om 'n toekoms van hoop te skep vir al die land se mense.

Dit bring vir die US die interessante uitdagings van sukses, statuur en gehalte versus relevansie, toeganklikheid, diversiteit en transformasie mee. In die herposisionering van die US wil ons nie die een óf die ander doen nie, of die een ten koste van die ander nie. Dit is 'n pakket van strategiese doelwitte wat in 'n paar punte saamgevat kan word:

- **Die US wil 'n breëbasis-, navorsingsgedrewe universiteit bly.**
- **Uitnemendheid is die hoeksteen waarop die US se bedrywighede gebou word.**
- **Ons wil onsself deur navorsingsresultate, die gehalte van afgestudeerdes en die wyse waarop die Universiteit bestuur word, as 'n hoogs relevante instelling posisioneer.**
- **Ons wil vir diegene wat oor die vermoë beskik, veral uit voorheen benadeelde gemeenskappe, so toeganklik moontlik wees deur onder meer billike taalbestuur en finansiële steun.**
- **Ons wil Afrikaans as bate binne 'n meertalige omgewing behou.**

In wese is ons onmiddellike strewe om die US se sukses tot groter relevansie en beduidendheid te verhef. Soos die Engelse sê: "From success to significance". Dit geld al die sfere waarin ons werk: die akademie, ons navorsingsprogramme en die bydrae wat ons deur ons gemeenskapsinteraksie lewer – op ons dorp en in ons streek, maar ook nasionaal, op ons vasteland en wêreldwyd.

Op grondvlak is van die belangrike kwessies waaraan ons in die herposisionering groter aandag moet skenk, die volgende:

- **Om studente se deelname en toegang oor die breë spektrum te verbeter. Veertien jaar ná die koms van demokrasie in Suid-Afrika, en byna 30 jaar nadat mense van kleur by die Universiteit toegelaat is, word die Universiteit steeds nie onder hierdie groep as 'n voorkeurinstansie vir verdere studie beskou nie. En selfs al sou mens die taalkwessie inreken, bly die situasie presies dieselfde vir Afrikaanssprekende bruin studente. Matieland figureer meestal glad nie op hul radarskerm van sentra vir gevorderde studie nie.**
- **Om bestaande kundigheid te behou en ook op toepaslike wyse die Universiteit vir persone uit die onderverteenwoordigde groepe 'n aantreklike loopbaankeuse te maak.**
- **Om as navorsingsgedrewe universiteit die nagraadse komponent verder uit te bou en toepaslik te ondersteun.**
- **Om ook beduidend meer klem te plaas op die bydrae wat in Suid Afrika en in/uit Afrika op die gebied van navorsing, onderrig en gemeenskapsinteraksie gelewer moet word.**

> Die idee waarvoor Stellenbosch nóú staan is 'n instansie wat as nasionale bate sy sukses en kundigheidsbasis verder wil verstewig en dit wil aanwend om 'n toekoms van hoop te skep vir al die land se mense.

Die verwesenliking van hierdie strewes verg pertinente aksieplanne. Dit beteken byvoorbeeld 'n beduidende verhoging in werwingsbeurse om die diversiteitsprofiel van intreestudente te verbeter. Daarmee saam beteken dit 'n volhoubare fokus op hulle suksesvolle studie en 'n logistieke onderbou wat dit vir studente wat van plekke soos die Kaapse Vlakte pendel maklik en veiliger maak om die kampus te bereik. Op nagraadse vlak beteken dit eweneens die uitbreiding van finansiële, akademiese en logistieke steun.

Op die hoër strategiese vlakke vra dit van die US om hom, met inagneming van sy bewese sterk punte, toe te spits op die temas waarmee die internasionale gemeenskap worstel: die bekamping van pandemiese armoede, die bevordering van mense se fisiese en psigiese menswaardigheid, die bevordering van vrede en sekuriteit (wat voedselsekuriteit insluit), die bevordering van demokrasie, en die bevordering van 'n volhoubare omgewing. Hierdie strewes is deel van die Verenigde Nasies se fokusareas (ook bekend as die Millenniumontwikkelingsdoelwitte) om in die komende dekade die lewensgehalte van mense wêreldwyd te verbeter.

As navorsingsgedrewe instansie van internasionale formaat (met beduidende vennootskappe oral in die wêreld) is die US goed geposisioneer om sy navorsingsprogramme op bogenoemde temas af te stem om só 'n beduidende verskil te maak aan die lewensgehalte van mense plaaslik, nasionaal en ver buite ons landsgrense.

Dit is die dryfveer agter die US se benadering om wesenlike probleme oor verskeie dissiplines heen aan te pak met die oog daarop om nuwe innoverende oplossings te bied – nie net as kennisvennoot nie, maar hoofsaaklik as kennisbaanbreker.

In die strewe na selfvernuwing het akademici, navorsingspersoneel en ons steundiensteomgewings oor die afgelope maande letterlik dag en nag gewerk om omgewingsplanne en -projekte met die vermelde temas of ontwikkelingsdoelwitte te versoen. Die inisiatiewe, projekte en innoverende denke wat hieruit voortgevloei het, gee inderdaad beslag en inhoud aan 'n pedagogie van hoop. Eenvoudig gestel beteken dit dat ons kernbedrywighede van leer en onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie draers van hoop word vir 'n beter lewe vir almal. Ons wil hierdie navorsings- fokusse vestig en uitbou naas die ongebonde navorsing en vrye kennisontginning wat oor die jare aan die US sy navorsingstatuur gegee het.


Die US Raad se besluit onderskryf hierdie toewyding en strewe na groter relevansie. Vir die bestuur is dit 'n mosie van vertroue in die toekomspad wat ons met die US wil loop: 'n instansie wat met die tyd beweeg, wat ontvanklik is vir en aanpasbaar is by die veranderende sosio-politieke milieu waarin hy funksioneer, en gehoor kan gee aan die eise van 'n groeiende wêreldwye kennisekonomie.

Die US Raad het ook sy toewyding getoon deur die eerste belegging te maak om die bestuur se hande te sterk ten einde bykomende finansiering vir die omvangryke herposisionering van die US uit ander bronne buite die US te ontsluit.

Die Raadsbesluit span die kroon op die visievorming wat reeds in 2000 onder prof Andreas van Wyk in die koersaanduidende dokument *'n Strategiese raamwerk vir die eeuwisseling en daarna* vasgelê is, en die regskalingsprosesse wat prof Chris Brink geïmplementeer het om die volhoubaarheid van die Universiteit te verseker. Die US betree nou die fase van wesenlike herposisionering soos dit in die genoemde strategiese raamwerk in die vooruitsig gestel is.

Vir die huidige bestuur en personeel is dit nou skouer aan die wiel – onderweg na 'n volwaardige 21ste eeuse universiteit en kennisbaanbreker met 'n pedagogie van hoop vir en uit Afrika. m

**In this article, the Rector and Vice-Chancellor of Stellenbosch University, Prof Russel Botman, outlines the direction the University will be taking in the next few years. Read the article in English at www.matiesalumni.net.**


At an institutional level these conversations aim to create safe spaces for students and staff to engage on matters of common concern and to constructively work toward creating a home for all.

# UNIVERSITY EMBARKS ON A PATH OF *courageous conversations*

**In accordance with the new direction that the institution has embarked upon (see article on the preceding pages), Stellenbosch University recently initiated a series of what the Rector, Prof Russel Botman, has coined "courageous conversations" to act as an instrument for meaningful change in the institutional culture of the University. This initiative will also act as a possible catalyst to spurn new thinking, incisive discussions and leadership on current socio-political issues in a way that will add value to the national debate and discourse on current affairs.**

At an institutional level these conversations aim to create safe spaces for students and staff to engage on matters of common concern and to constructively work toward creating a home for all, says Prof Magda Fourie, Vice-Rector: Teaching, who shares stewardship for the implementation of the programme across all levels at the University with Prof Julian Smith, Vice-Rector: Community Interaction and Staff.

"The goals of this initiative are to introduce platforms where individuals are able to voice, discuss and debate concerns and challenges at the University; to facilitate open and honest discussion in secure environments that are conducive to effective communication; to document the results of these sessions with a view to inform policy, curriculum decisions and procedural reviews; and to bring about culture renewal and constructive change in the institution," says Prof Botman.

The series of conversations for staff members will be coordinated and implemented by the Director: Diversity and Equity, Dr Jerome van Wyk. Dr Van Wyk will, together with the management from the academic and support services environments, decide on appropriate ways on which courageous discussions among staff members on all levels can be established.

In view of the present internal debate on institutional culture, it was decided that dialogue would commence with discussions about race, gender and substance abuse.

The Student Dean, Mr Llewellyn MacMaster, will drive discussion sessions among students and will involve all relevant environments on the merits of the topic of discussion on hand. Conversations between staff and students will be coordinated via the offices of the Student Dean and the Director: Diversity and Equity.

"Individuals will require safe surroundings in order to discuss issues that might set them ill at ease and that may evoke emotional upsurges. It is, however, a process that must be engaged effectively in order to beget the structural and behavioural changes that will feed into SU's transformation processes in order to realise the objectives of the Pedagogy of Hope and attaining Vision 2012," says Dr Jerome van Wyk.

Outside the ambit of University matters, the programme of courageous conversations also entails a series of high-level discussions among experts and leaders on pertinent issues of the day. These will be presented under the banner of the Stellenbosch Seboka. Seboka is a Sotho word denoting a gathering of people (leaders) coming together for a common cause.

The recently held Stellenbosch Seboka on Higher Education and Ethical Leadership is the first in this series of leadership discussions.

Another tier of the courageous conversations initiative is a focus on current affairs that aims to contribute new thinking and perspectives to the national debate or discourse. A one day conference themed "The doors of learning and culture shall be opened" - Perspectives on changing institutional culture", held on 30 May, spearheaded this programme. m

*ON THE PHOTO ABOVE: Dr Betty Siegel, Emeritus President and Distinguished Chair of Leadership, Ethics and Character at the Kennesaw State University and the Anglican Archbishop Emeritus of Cape Town, Desmond Tutu, who was a speaker at the Stellenbosch Seboka on Higher Education and Ethical Leadership.*

# *Stygende* SKENKINGSVERTROUE

Die toename in skenkings wat die Universiteit in 2007 ontvang het, is 'n groot stukrag agter die Universiteit se pogings om om die US se sukses te verhef tot groter relevansie en beduidendheid, berig dr Malene Breytenbach, Projekskrywer van die Stellenbosch Stigting.







In 2007 het skenkingsvertroue in die Universiteit Stellenbosch weer gestyg. Dit word getoon deur die 8% toename in filantropiese skenkings wat ontvang is.

Bydraes van maatskappye, trusts, stigtings, individue en erflatings het R127 miljoen beloop terwyl beleggingsinkomste R22 miljoen beloop het. Binnelands is die totale bedrag van R51 miljoen in 2007 van maatskappye ontvang. Wat alumni en ander individue betref, was die totale inkomste 'n raps meer as R11 miljoen. Die Universiteit het ook besondere groot waardering vir erflatings ter waarde van R13.4 miljoen wat ontvang is.

Dit weerspieël ook, volgens me Annamia van den Heever, Direkteur van die Stellenbosch Stigting, die uitstekende werk wat deur akademici en ander personeel gedoen is in 'n reeks projekte wat bydra tot die groei en ontwikkeling van die Universiteit en gemeenskap.

Skenkings as bydrae tot die US se derdegeld-stroom-inkomste beloop nou 8% van die totale omset van die US en dit word ten volle aan begunstigde projekte betaal.

Die suksesvolle vennootskap wat die Universiteit met sy skenker-beleggers het, verseker ook dat die Universiteit toenemend kan deelneem aan die internasionale ontwikkelings-agenda en dat hy homself kan posisioneer as 'n kennisbaanbreker.

"Die vennootskappe bemagtig ook die US om 'n meer innoverende wêreld vir toekomstige geslagte te skep," sê me Van den Heever. "Die rol wat alumni hierin speel, kan ook nie onderskat word nie."

## Word 'n kennisvennoot

Teen die agtergrond van die internasionale ontwikkelingsagenda is die Universiteit betrokke by verskeie projekte wat nie net in die land nie, maar ook op die kontinent, 'n impak het. Projekte waarvoor skenkings ontvang is - en waarvoor fondse gewerf word - sluit in:

- **AIMS (African Institute for Mathematical Sciences)**
  AIMS bied 'n nege-maande nagraadse diplomakursus in gevorderde wiskundige navorsingsvaardighede vir gegradueerdes uit die hele Afrika aan en ontwikkel samewerkende Sentrums van Uitnemendheid. Die nuwe AIMS Navorsingsentrum betrek plaaslike universiteite en lede van die internasionale gemeenskap.
- **CPWild (Commercial Products from the Wild)**
  CPWild steun bestaande verwerkingsondernemings van natuurlike plantprodukte in Suidelike Afrika en help nuwe entrepreneurs om hulle ondernemings volhoubaar te bestuur
- **KIDCRU (Kliniese Navorsingseenheid vir aansteeklike kindersiektes)**
  KIDCRU is in die Tygerberg Kinderhospitaal gestig om kliniese navorsing oor oordraagbare siektes by kinders te doen, met die hooffokus op MIV en tuberkulose. Kinders en hul ouers word ook met voedsel en basiese benodigdhede ondersteun.
- **Koshuis-opvoedingsprogram (ResEd)**
  Dit is 'n inisiatief om studente in universiteitshuisvesting die nodige kennis, vaardighede, ondervinding en selfvertroue te gee om deel te neem en te help bou aan 'n gesonde demokrasie.
- **NETACT (Network for African Congregational Theology)**
  NetACT is 'n netwerk van teologiese instellings in die Presbiteriaanse en Gereformeerde tradisie in Sub-Sahara Afrika wat leiers vir sending-gemeentes voorberei. Die US administreer en koördineer die hele netwerk. Weens die MIV/vigs-pandemie, armoede en endemiese korrupsie oral, word 'n holistiese benadering gevolg.
- **Ukwanda Sentrum vir Landelike Gesondheid**
  Ukwanda is 'n interdissiplinêre inisiatief om gesondheidswetenskappe-opleiding na die kerns van onderbediende landelike gemeenskappe te neem.
- **Vroue in Netwerke (WIN – Women in Networks)**
  Die projek is 'n voetsoolvlak-, veelfaset-, sosiale, gesondheids- en welsynsinisiatief in verarmde Wes-Kaapse gemeenskappe waar tuberkulose en die MIV-virus voorkom.

Persone wat by hierdie projekte betrokke wil raak deur middel van skenkings, kan met die Stellenbosch Stigting in verbinding tree by tel 021 808 4895 of per e-pos by avdheever@sun.ac.za. Besoek ook www.sun.ac.za/stigting vir volledige inligting oor hierdie en ander projekte.

**The University experienced an 8% increase in donations in 2007. Various projects that could have an impact – not only in South Africa but across the continent – are being supported. See www.sun.ac.za/foundation for more information.**



Foto: Hennie Rudman, SSFD

Dr Frederik van Zyl Slabbert, bekende politieke kommentator en stigter van die Instituut vir Demokrasie in Suid-Afrika (Idasa), is die nuwe Kanselier van die Universiteit Stellenbosch (US). 'n Kieskollege van die Universiteit het dr Slabbert op 12 Mei in dié posisie aangewys.

# Nuwe kanselier IS WAARDIGE AMBASSADEUR

"Hy het op verskeie terreine 'n bydrae gelewer tot gesprekvoering en die demokratiese prosesse in die land en as sodanig is hy 'n waardige ambassadeur vir die universiteit se visiestelling vir groter rolspeling in die Suid-Afrikaanse samelewing en op die hierdie kontinent."

Dit is hoe die Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman gereageer het nadat dr Frederik van Slabbert in Mei as die nuwe Kanselier van die Universiteit Stellenbosch (US) aangewys is. "Sy alma mater verwelkom hom graag terug as die seremoniële hoof van ons universiteit." Hy het bygevoeg dat dr Slabbert lank reeds as alumnus en oud-personeellid bande met die US het.

Dr Slabbert (68) volg in die voetspore van prof Elize Botha, wat verlede jaar in November oorlede is. Prof Botha se tweede ampstermyn sou in Junie vanjaar verstryk het.

In reaksie op die nuus van sy aanstelling, het dr Slabbert gesê dat dit vir hom 'n groot voorreg is om die posisie te aanvaar, en dat hy hoop om daaraan reg te laat geskied.

## Agtergrond

Dr Slabbert, 'n Pretorianer van geboorte, is 'n alumnus van die Universiteit Stellenbosch en het al vier sy grade hier verwerf. In 1961 ontvang hy 'n BA-graad, gevolg deur 'n BA Hons (cum laude) in 1962, 'n MA-graad (cum laude) in 1964 en die graad DPhil in 1967. Dr Slabbert was ook 'n dosent aan die US, die eerste inwonende hoof van Majuba-manskoshuis, sowel as inwonende hoof van Simonsberg.

In 2003 was hy die voorsitter van die paneel wat koshuistradisies en kampuskultuur op Stellenbosch ondersoek het.

Buiten by Stellenbosch, het hy ook by Rhodes Universiteit en die Universiteit van Kaapstad onderrig gegee. Vanaf 1972 tot 1974 was hy professor en hoof van die Departement Sosiologie aan die Universiteit van die Witwatersrand in Johannesburg.

Hy is die ontvanger van die Abe Bailey Travel Scholarship en die American Cultural Exchange Scholarship. Hy was ook 'n besoekende genoot (fellow) aan die Massachusetts Institute of Technology (MIT) in November 1982 en is vyf jaar later gekies as die Tanner-dosent aan die Brasenose Kollege in Oxford. Hy is ook 'n voormalige besoekende genoot van die All Souls College, Oxford.

In 1974 het hy 'n parlementslid vir die Progressiewe Party geword, en vanaf 1979 tot 1986 was hy die leier van die amptelike opposisie, die Progressiewe Federale Party (PFP), in die destydse regering.

Ná sy bedanking uit die politiek het hy saam met dr Alex Boraine, later ondervoorsitter van die Waarheids- en Versoeningskommissie, Idasa (aanvanklik die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika) gestig om gesprekvoering tussen oorwegend jong Afrikaners en die destyds verbanne vryheidsbeweging, die ANC, en sy geaffilieerde organisasies te bevorder. In 1987 het Idasa die nou al bekende besoek van hoofsaaklik Afrikaner-politici, -akademici en -besigheidslui aan die ANC in Dakar, Senegal, gereël.

Daarna het dr Slabbert 'n voltydse politieke ontleder en konsultant vir 'n verskeidenheid maatskappye geword.

In 1993 het hy die Open Society Foundation for Southern Africa (OSFSA) gestig en in 1995 die Open Society Initiative for Southern Africa (OSISA) – albei George Soros-gefundeerde organisasies. OSISA is op humanitêre vlak in nege Suider-Afrikaanse lande bedrywig. Dr Slabbert dien ook in die hoofraad van die Open Society Institute in New York.

Hy is tans die nie-uitvoerende voorsitter van Caxton & CTP Uitgewers en Drukkers (Bpk) en Adcorp (Edms) Bpk (albei is genoteerde maatskappye). Hy dien ook in die direksie van FirstRand Ltd.

Dr Slabbert het eredoktorsgrade van die Simon Fraser Universiteit in Kanada, en van onderskeidelik die universiteite van KwaZulu-Natal en die Vrystaat ontvang.

Hy is ook die skrywer van verskeie boeke waaronder *The Last White Parliament* (1986), *The Quest for Democracy* (1992), *Afrikaner Afrikaan* (1999), *The System and the Struggle* (1990) en *The Other Side of History* (2006).

Die Kanselier is die seremoniële hoof van die Universiteit, en word volgens die Statuut van die Universiteit gekies. Die Kanselier ken onder meer grade in die naam van die Universiteit by gradeplegtighede toe, en vervul ander seremoniële pligte. m

- **Dr Slabbert word in Augustus as Kanselier ingehuldig en *Matieland* sal in die Desember-uitgawe hieroor berig.**

**Dr Frederik Van Zyl Slabbert, well-known political commentator and founder of the Institute for Democracy in South Africa (Idasa), has been appointed as the new Chancellor of Stellenbosch University (SU).**

# ARNOLD VAN ZYL VAL IN BY US AS
# Viserektor: Navorsing



Foto: Anton Jordaan, SSFD

Prof Arnold van Zyl, die nuwe Viserektor: Navorsing, het begin April met sy werksaamhede by die Universiteit begin. Hy is reeds in Junie verlede jaar as Viserektor aangewys, maar kon as gevolg van kontraktuele verpligtinge nou eers die pos opneem.

Oor sy aanstelling het prof Van Zyl gesê dat hy bly is om ná 20 jaar in die buiteland weer tuis te wees. "Ek is opgewonde oor die potensiaal van navorsingsuitsette van die US om die doelstellings van die oorhoofse strategiese plan te ondersteun."

Prof Van Zyl neem die leisels by prof Leopoldt van Huyssteen oor wat vir die afgelope paar maande in die pos waargeneem het. Prof Van Huyssteen is die nuwe Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies (sien berig hieronder).

Prof Van Zyl, 'n ingenieur, is 'n oudstudent van die Universiteit van Kaapstad, waar hy die grade BScIng, MScIng en PhD(Ing) verwerf het. Hy werk as ingenieur (Bedryfsnavorsing) vir die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) en is ook 'n na-doktorale genoot aan die Max-Planck-Instituut vir Vastetoestand Navorsing in Stuttgart. Vanaf 1990 tot 2000 dien hy in verskeie poste by DaimlerBenz (tans Daimler) in Europa. In 2001 word hy aangestel as die Algemene Sekretaris van Fuel Cell Alliance in San Diego (VSA) en in 2003 as Uitvoerende Direkteur, EUCAR (die European Council for Automotive Research). Sedert 2006 is hy die Hoof- Uitvoerende Beampte, ERTICO – ITS Europe in Brussel – 'n organisasie wat spesialiseer in navorsing oor intelligente verkeerstelsels.

Prof Van Zyl is ook 'n raadgewende professor verbonde aan die China-Duitse Verkeersnavorsingsentrum aan die Universiteit van Tongji in China.

Sy publikasielys bevat onder meer 59 patente.

Prof Van Zyl is by die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese as professionele ingenieur geregistreer en dien op die raad van verskeie Europese advies-organisasies. Hy is ook raadgewende redakteur van verskeie tegniese publikasies en kongresse. m

Prof Arnold van Zyl, the new Vice-Rector: Research, took up his position at the beginning of April. He was appointed as Vice-Rector in June last year, but due to contractual obligations could only take up the post this year.

# LEOPOLDT VAN HUYSSTEEN IS NUWE
# Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies



Prof Leopoldt van Huyssteen, wat in Desember 2007 as Dekaan van die Fakulteit AgriWetenskappe uitgetree het, is die Universiteit se nuwe Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies. Prof Van Huyssteen, 'n MatiesAlumnus, het ook 'n tyd lank waargeneem as Viserektor: Navorsing. In sy nuwe rol sal hy ook verantwoordelik wees vir Innovasie en Kommersialisering.

Hy is oorhoofs verantwoordelik vir Fasiliteitsbestuur, Finansies, Informasietegnologie, Interaktiewe Telematiese Onderrig, InnovUS en staan ook in die lynfunksie vir die Unistel Groep van maatskappye.

Prof Van Huyssteen is in Oktober 1999 as Dekaan van die destydse Fakulteit Landbouwetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch (US) en in Januarie 2000 as Dekaan van die Fakulteit AgriWetenskappe aangestel, nadat twee fakulteite (Landbou en Bosbou) onder sy bestuur saamgesmelt het. m

# NAVORSER ONTVANG **UNESCO-L'OREAL FOR WOMEN IN SCIENCE** NAVORSINGSBEURS




*FOTO: Dr Hanneline Smit lewer haar toespraak tydens die UNESCO-L'Oreal For Women in Science-toekennings.*

Dr Hanneline Smit van die Departement Plant- en Dierkunde is onlangs as een van 15 internasionale ontvangers van die 2008 UNESCO-L'Oreal For Women in Science-navorsingsbeurse vereer.

Sy het die toekenning saam met die ander jong vrouewetenskaplikes tydens 'n glansryke seremonie by die UNESCO-hoofkwartiere in Parys ontvang, waar sy ook die geleentheid gehad het om 'n aanbieding oor haar voorgenome navorsingsprojek te doen.

Matieland het in die vorige uitgawe berig oor dr Smit se navorsing oor die filogeografie (die verspreiding van genetiese diversiteit oor geografiese streke heen) van drie endemiese Suider-Afrikaanse klaasneusspesies, asook die evolusionêre verband tussen 15 verskillende spesies in Afrika. Dié werk is gedoen onder leiding van prof Terry Robinson en dr Bettine van Vuuren.

In die loop van haar studie het sy ook gehelp om 'n nuwe spesie klaasneus te ontdek (sien *Matieland* 2007:2).

Danksy die navorsingsbeurs sit dr Smit tans haar navorsing aan die Universiteit van Kalifornië in Berkley (VSA) voort.

# US VEROWER WEER
## prestige NSTF-toekennings





Die Universiteit Stellenbosch (US) het sy reputasie as uitnemende navorsingsgedrewe universiteit gestand gedoen deur drie toekennings by die 2007/8-toekennings van die Nasionale Wetenskap- en Tegnologieforum, wat einde Mei in Kemptonpark gehou is, te verower.

Die toekennings vereer individue en organisasies vir uitstaande bydraes tot wetenskap, ingenieurswese en tegnologie (WIT).

Prof Len Barbour van die Departement Chemie en Polimeerwetenskap is aangewys as die wenner van kategorie B vir uitsonderlike navorsingsbydraes tot WIT in Suid-Afrika oor die afgelope vyf jaar of minder.

Prof Ron Sanderson, Direkteur van die Instituut vir Polimeerwetenskap, het weggestap met die toekenning in kategorie G, toegeken aan individue wat uitnemende bydraes gelewer het tot die suksesvolle opleiding en mentorskap van swart navorsers of studente oor die afgelope vyf tot tien jaar.

Die span agter die Sentrum vir Tegnologienavorsingsaktiwiteite, oftewel die Technology Research Activity Centre (TRAC), 'n nasionale program gesetel in die Departement Siviele Ingenieurswese van die US, was die wenner in kategorie F vir individue of organisasies wat 'n uitsonderlike bydrae tot WIT gelewer het.

*LINKS BO: Die Minster van Wetenskap en Tegnologie, mnr Mosibudi Mangena, prof Len Barbour en me Penny Vinjevold van die Departement Onderwys.*
*(Foto: Brenda Burnit, NSTF)*

*LINKS ONDER: Die Minster van Wetenskap en Tegnologie, mnr Mosibudi Mangena, prof Ron Sanderson en dr Steve Lennon van Eskom.*
*(Foto: Brenda Burnit, NSTF)*



*Prof Hendrik Geyer (Foto: SSFD)*

# PROFESSOR HENDRIK GEYER AAN DIE HOOF VAN STIAS

Prof Hendrik Geyer is sedert 1 April as die Direkteur van die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) by Mostertsdrift aangestel. Prof Geyer volg prof Bernard Lategan op wat sedert die stigting van STIAS in 1999 aan die hoof van die Instituut gestaan het.

Prof Geyer is professor in Teoretiese Fisika en Direkteur van die Universiteit Stellenbosch (US) se Instituut vir Teoretiese Fisika. Hy geniet internasionale erkenning vir sy werk in kwantummeganika en die kwantummeganiese veeldeeltjieprobleem. As jarelange beskermheer van die Chris Engelbrecht Somerskool vir Teoretiese Fisika het hy talle wêreldleiers op hierdie gebied na Suid-Afrika gelok, waarvan vyf later ontvangers van die Nobelprys geword het.

Hy was die groot dryfveer agter die totstandkoming van die Nasionale Instituut vir Teoretiese Fisika (NITheP) wat deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie gefinansier word en onlangs op Mostertsdrift gevestig is.

# RESEARCHERS HONOURED

In April the Royal Society of South Africa honoured Prof Michael Samways of the Department of Conservation Ecology and Entomology, and Prof Florian Breuer of the Department of Mathematical Sciences.

Prof Samways was honoured with the John Herschel Medal for 2008 for achievements in interdisciplinary scientific research, while Prof Breuer received the Meiring Naude Medal at the Society,s Centenary Banquet in Cape Town, during which the Society,s work in the past century to promote and develop scientific ideas and knowledge in South Africa was celebrated.

Prof Samways and his research team are involved with several research projects. A current projects involves the development of ecological networks and the maintenance of natural corridors where nature is allowed to move in and around forestry, in so doing harmonising production with environmental conservation.

"Our research attempts to answer the questions on how to produce our food while at the same time having a beautiful environment where there is also conservation of nature."

Prof Breuer, who researches questions in number theory, has a special interest in Ducci sequences, the André-Oort conjecture, Drinfeld modules, the graphic mathematics-inspired artwork of MC Escher, and the ancient oriental board game Go.



*Photo: Honoured. Here are Prof Graeme Cumming of the University of Cape Town and co-recipient of the Meiring Naude Medal, Prof Florian Breuer, Prof Michael Samways and Dr Ian Glass, Royal Society Councillor.* (Photo: Royal Society)



*FOTO BO: Vennote. Hier is die Hoof- Uitvoerende Beampte van PBMR, mnr Jaco Kriek, en die Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman.*

## UNIEKE TEGNOLOGIE-ONTWIKKELINGSOOREENKOMS

Die Universiteit Stellenbosch (US) en Pebble Bed Modular Reactor (PBMR), leiers in die ontwerp van hoëtemperatuur-reaktors, het in Maart 'n ooreenkoms onderteken waarvolgens die Universiteit navorsing en ontwikkeling in velde wat die werkverrigting en veiligheid van dié wêreldklasreaktor sal verhoog, sal uitvoer.

Die korrelbed-modulêre reaktor behels innoverende tegnologie wat deur inherent veilige ontwerpseienskappe gekenmerk word. Dit funksioneer teen 'n hoë temperatuur en maak hoogs doeltreffende energie-omskakeling vir diverse toepassings moontlik. Dit word geklassifiseer onder die Internasionale Atoomenergie-agentskap (IAEA) se kategorie van klein en medium reaktors, en indien dit as 'n kragopwekkings-aanleg aanmekaargesit word, sal dit omtrent 'n sesde van die grootte van die Koeberg-reaktor wees. 'n Aantal eenhede kan in modules saamgegroepeer wordvir 'n groter opwekkingsvermoë.

Die kontrak herbeklemtoon die US se status as 'n tegnologies innoverende en navorsingsgedrewe universiteit.

## EET 'N BIG MAC EN TOER

*As jy lus is vir rondreis, maar dit nie kan bekostig nie, koop 'n Big Mac, koffie en 'n skeppie slaptjips as troosprys. Want daar's 'n hele wêreld in dié kitskos-ete verpak.*

*Dié wegneemhappies is tekenend van ons globaliserende samelewing, glo navorsers van die DWT-NNS Sentrum van Uitnemendheid vir Indringer-biologie (SIB), wat saam met 'n Kanadese kollega van die Universiteit van Calgary 'n filogenetiese plantstudie in BioScience gepubliseer het.*

*Hulle bereken dat dié ete uit meer as 20 plantspesies vanuit agt landstreke bestaan.*

*"Dit is indrukwekkend dat 'n enkele maaltyd soveel spesies kan bevat, aangesien sommige samelewings wat grootliks onaangeraak word deur globaliserende neigings gemiddeld net tussen 50 en 100 plantspesies in hul totale dieet insluit," sê die SIB se dr John Wilson.*

*Die navorsers het nie net kitskos onder oë gehad nie! Hulle het meer as 7000 plantsoorte bestudeer wat wêreldwyd geëet word, om die oerskakels, oorsprong en verspreiding van mense se voorkeurhappies te bepaal.*

*Ons vermoë om plante te verwerk, ons skynbaar oneindige voorliefde vir nuwe smake, verbeterde internasionale handelsnetwerke en tegnologiese ontwikkelings soos vrieskaste, waterkultuurtuinbou en beter plaagbeheer, versterk kos se globaliserende status.*

*"Dit kan wees dat ons nog net nie die kulinêre waarde van die spesies ontdek het wat ons tans nie geniet om te eet nie," waag dr Wilson. "Daarom is dit belangrik om die verskeidenheid plante wat voorkom te behou, sodat die reeks smake wat ons tans aantrek behoue bly, en ander moontlike onontdekte voedselbronne bewaar word."*



Grafika: Hanlie Malan, DIE BURGER



## STEPHEN HAWKING visits campus

The famous theoretical physicist, Prof Stephen Hawking, visited the Stellenbosch campus in May when he attended the opening of the National Institute for Theoretical Physics (NITheP) at the Wallenberg Research Centre at STIAS.

Prof Hawking, who suffers from motor neuron disease and communicates using a sophisticated computer system, was not part of the list of speakers at the event, but he surprised all with his attendance as well as his statement of support to the Institute. He said that the Institute will allow local physicists to interact with scientists from overseas, and that NITheP will train future African theoretical physicists.

*Prof Stephen Hawking was one of the guests attending the opening of the National Institute for Theoretical Physics (NITheP) at the Wallenberg Research Centre at STIAS. With him are Prof Hendrik Geyer, Interim Director of NITheP (left) and Mr Mosibudi Mangena, Minister of Science and Technology.* (Photo: Anton Jordaan, SCPS)

Speakers included the Minister of Science and Technology, Mr Mosibudi Mangena, and Prof David Gross, Nobel Prize winner for Physics and Director of the Kavli Institute for Theoretical Physics in Santa Barbara, USA, while Prof George Smoot, Nobel Prize winner and astrophysicist, was also in attendance.

NITheP is a geographically distributed institute that also has regional centres at the universities of KwaZulu-Natal and the Witwatersrand. It is being positioned as a national and African user facility for theoretical physics, and will provide theoretical underpinning for current national programmes, including astrophysics, cosmology, nuclear and particle physics, quantum technologies, condensed matter physics and quantum optics.

Prof Hendrik Geyer, Director of STIAS, is the Interim Director of NITheP.



# Einde van 'n era

Verpleegkunde se treffende lampieplegtigheid, wat jaarliks tydens die eedafleggingseremonie van nuwe Verpleegkunde-graduandi gehou is, is einde verlede jaar vir die laaste maal by die Universiteit gehou.

Vanaf 2003 word alle voorgraadse verpleegopleiding volgens 'n regeringsbesluit op 'n gesamentlike platform aan die Universiteit van Wes-Kaapland aangebied. Verpleegkunde-studente wat toe reeds by die US ingeskryf was, het wel die program hier voltooi.

Hoewel die Verpleegkunde-afdeling nie meer voorgraadse programme aanbied nie, het die afdeling se nagraadse programme in die afgelope jare geweldig gegroei – met 'n toename van tot soveel as 50%. Die uitbreiding kan grootliks toegeskryf word aan die afdeling se suksesvolle interaktiewe telematiese onderrigprogramme, wat studente uit alle dele van die wêreld en veral uit ander Afrikalande trek.

*FOTO LINKS: 'n Groep van die laaste Verpleegkunde-studente wat einde 2007 aan die Universiteit afstudeer het.*

# HERSIENE KURRIKULUM HOU TRED MET EISE VAN DIE TYD

Veranderings in Suid-Afrika se gesondheidsorgomgewing en die gesondheidswetenskappe wat deurlopend gekonfronteer word met 'n ontploffing van nuwe kennis en tegnologieë, het die Fakulteit Gesondheidswetenskappe genoop om onlangs indringend na sy voorgraadse kurrikula te kyk.



*Fase I van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe se hersiene kurrikulum is pas geïmplementeer – kompleet met 'n volledige inligtings- en bewusmakingsprogram en selfs T-hemde met 'n logo wat die fases van opleiding van die Stellenbosch Gesondheidswetenskaplike grafies illustreer. By die studente is prof Ben van Heerden en dr Alwyn Louw, Modulevoorsitter. (Foto: Hennie Rudman, SSFD)*

Dit is vandag wêreldwyd die gebruik om gesondheidswetenskappe-kurrikula gereeld te hersien, sê prof Ben van Heerden, hoof van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe se Sentrum vir Gesondheidswetenskappe-onderrig en die MB, ChB-programkoördineerder – en die Universiteit Stellenbosch is geen uitsondering nie. "Die onlangse hersiening van die mediese kurrikulum is veral genoodsaak deur die implementering van die tweejaarinternskap vir MB, ChB-graduandi deur die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika in 2007. Dit neem ons graduandi nou nege jaar alvorens hulle onafhanklik kan praktiseer (ses jaar universiteitsopleiding, twee jaar internskapopleiding en een jaar gemeenskapsdiens)."

"Aanvanklik het ons dus die moontlikheid ondersoek om die kurrikulum van ses jaar na vyf jaar te verkort, maar daar is sekere dinge wat ons eenvoudig nie vir die studente in vyf jaar kan leer nie en ook nie aan die internskap wou oorlaat nie. Die hersieningsproses het egter uitgewys dat daar aspekte van die huidige kurrikulum is wat verbeter kan word, al word die kurrikulum nie verkort nie."

Ná etlike jare se harde werk is die eerste jaar van die hersiene kurrikulum vanjaar geïmplementeer, beginnende met die sogenaamde Fondasiefase (eerste semester). Veranderings in hierdie semester is veral gerig op interdissiplinêre leer en onderrig, die aanleer van belangrike generiese vaardighede en beter integrasie van die basiese en kliniese wetenskappe.

Volgens prof Juanita Bezuidenhout, voorsitter van Fase I van die hersiene kurrikulum (wat die Fondasiefase insluit), is een van die innoverende stappe dat die MB, ChB- én BSc in Fisioterapiestudente nou dieselfde kurrikulum in die eerste semester volg. Studente in Arbeidsterapie en in Dieetkunde neem ook sommige van hierdie modules. "So gee ons gestalte gee aan die Fakulteit se strategie van optimalisering van interdissiplinêre leer en onderrig."

Die nuwe eerste semester poog om die natuurwetenskappe meer binne die konteks van die gesondheidswetenskappe aan te bied en om die nuwe eerstejaars beter voor te berei vir hul studie en toetrede tot die onderskeie professies. Dit sluit onder meer 'n nuwe module in waarin studente meer generiese vaardighede soos wetenskaplike skryfvaardighede, tydsbesteding, streshantering en taalvaardighede in Afrikaans, Engels en Xhosa leer.

A new technique, laparoscopic donor nephrectomy, has recently been used for the first time in South Africa by specialists from the Stellenbosch University. Project leader, Dr André van der Merwe, a urologist and laparoscopic specialist who is a senior lecturer at the division of Urology, stated that this could lead to an increase of almost 40% in donors which, in turn, could have a positive influence on dialysis waiting lists.



*Prof André van der Merwe indicates where incisions are made on a "patient" - an assistant of Prof Van der Merwe.* **(Photo: Anton Jordaan (SSFD))**

# NEW KIDNEY TRANSPLANT TECHNIQUE *a first* FOR SOUTH AFRICA

Kidney transplants are the only cost effective method of treating patients who are suffering from end stage kidney failure and has an enormous positive influence on a patient's life style. In the past, donor kidneys were mainly sourced from brain dead donors, but lately there has been a shift towards donors from family members, says Van der Merwe.

A laparoscopic donor nephrectomy (removal of the donor kidney for transplant to a receiver), is a technically challenging procedure with a higher risk of damaging the kidney in the process. Van der Merwe studied the technique with a Swiss research team during a recent study tour to Europe. The procedure has been performed successfully 150 times in Switzerland. The first patient has been operated in April and was released after just 3 days.

Four small "key holes" were made over the kidney and it was removed in excellent condition through a mini bikini incision, almost like a caesarean operation. Van der Merwe said the donor kidney was removed within 180 seconds during the first operation once the veins had been clamped. The optimal time to put the kidney on ice is five minutes, but the whole procedure lasts about 4 hours, more or less the same time as the traditional procedure. The patient can, however, leave hospital within 2 days, as opposed to the 5 to 7 days for the traditional procedure.

The huge incision of about 20cm between the lowest and second-lowest ribs, which is traditionally made in the patient's flank to remove the kidney for a transplant disheartens a lot of potential donors. This can also cause a hernia-type bulge in the patient's flank which could cause chronic pain and result in muscle weakness. A further negative factor is the five to six days which a donor had to spend in hospital, severely sedated with morphine. Because of these factors, patients with end stage kidney failure had to live with dialysis for years waiting for a suitable donor.

Four small "key holes" were made over the kidney and it was removed in excellent condition through a mini bikini incision, almost like a caesarean operation.

Van der Merwe is positive that the new technique holds many positive advantages to both donors and receivers. The procedure has been done successfully in Europe and America, and hopefully many more laparoscopic donor nephrectomies will follow in South Africa. m



*Plaaslike grondeienaars Isak van der Merwe, Gerrit Malherbe en Charl du Toit bekyk die deurgesaagde boorkern wat saam met ander rotsmateriaal in die nuwe uitstalsentrum gehuisves word.* (Foto: Dr De Ville Wickens)

# NUWE UITSTALRUIMTE VIR ONDERGRONDSE ROTS

**Silindriese ondergrondse rotsmateriaal wat tydens die multinasionale NOMAD-geologiese projek in die Ceres/Tankwa Karoo uitgeboor is en waardevolle geologiese inligting bevat, het in 'n nuwe kernstoor op Inverdoorn Wildplaas buite Ceres 'n tuiste gekry.**

Die fasiliteit is opgerig deur die Noorweegse petroleum-maatskappy StatoilHydro en word deur die Universiteit Stellenbosch (US) se Departement Geologie, Geografie en Omgewingstudies geadministreer.

Dit is die enigste fasiliteit in die Wes-Kaap waar boorkern uitgestal word om studie en navorsing in petroleumgeowetenskap en veral diepwater-waaierafsettings te ondersteun.

Die boormonsters is gedurende die geologiese NOMAD-modelleringsprojek uit ses boorgate in die Skoorsteenberg Formasie van die Ceres/Tankwa Karoo verkry. Die projek, waarby die universiteite van Stellenbosch, Liverpool en Delft onder meer betrokke was, is deur die Europese Unie befonds.

Navorsers kon daaruit heelwat sedimentologiese en geofisiese inligting van hoë gehalte oor diepwater-waaierafsettings verkry wat andersins slegs in verwerende bogrondse voorbeelde sigbaar sou wees.


Volgens dr De Ville Wickens, afgetrede US-geologiedosent en geologiese konsultant, is diepwater-waaierafsettings tipies die gesteentes waaruit olie en gas in die Noordsee, die Golf van Mexiko, en ook in die see suid van Mosselbaai ontgin word.

Oliebronne word egter nie in die Tankwa Karoo gevind nie, omdat die gesteentes aan te hoë druk en temperature onderwerp is toe dit diep tydens die afsettingsproses begrawe is.

"Blootgelegde dagsome van die Skoorsteenberg Formasie is egter uitstekende voorbeelde van waaierafsettings omdat wetenskaplikes bogronds kan sien presies hoe die geologiese formasies lyk waarin elders vir olie en gas in ondersese formasies geboor word," vertel hy.

Weens die toeganklikheid van hierdie geologiese formasies is die Ceres/Tankwa Karoo 'n gewilde besoekpunt vir multinasionale petroleummaatskappye soos ConocoPhilips, Total, ChevronTexaco, BP, Petrobras, Shell en ExxonMobil, wat gereeld opvoedkundige geologiese toere daarheen onderneem.

# NUWE 'BRIL' EN 'SUPERTELLER' HELP NAVORSING



*Die nuwe vloeisitometer voeg betekenisvolle waarde toe tot die Olympus CellR-selbeelding-stelsel, die eerste SAF-instrument wat as deel van die Eenheid vir Selbeelding aangeskaf is. Tegnikus Benjamin Loos wys die soort resultate wat danksy die nuwe vloeisitometer verkry word.* (Foto: Engela Duvenage)


Analitiese toerusting van meer as R10 miljoen verleen 'n bykomende dimensie aan navorsing oor stamselle, bloed en die ontwikkeling van nuwe soorte plastiek en polimere aan die Universiteit Stellenbosch (US).

'n Wyeboorgat- magnetiese vastetoestand-Kernkrag Magnetiese Resonansie (KMR)-stelsel, asook 'n ultramoderne vloeisitometer, is onder meer vanjaar aangekoop. Dit word as deel van die Sentrale Analitiese Fasiliteit (SAF) bedryf, en is tot die beskikking van die hele US se navorsingskorps.

Die R7,7 miljoen 500 MHz Varian Vaste-toestand KMR-fasiliteit is die eerste van sy soort wat in 'n laboratorium in Afrika geïnstalleer is. Dit maak die KMR-laboratorium een van die bes toegeruste fasiliteite by 'n akademiese instansie op die kontinent.

Dié kragtige spektrometer analiseer die molekulêre struktuur en eienskappe van molekules in die vastestoffase. Dit brei navorsingsmoontlikhede in die ontwikkeling van materiale, produkte en prosesse binne chemie en polimeer- wetenskap uit.Die Becton-Dickinson FACSAria vloeisitometer van R3 miljoen is deel van die onlangs gestigte SAF Eenheid vir Selbeelding.

Danksy vloeisitometrie word individuele biologiese selle en ander mikroskopiese partikels in vloeistowwe getel en gesorteer tydens stamsel- en hematologiese navorsing, standaard- en gevorderde immunologiese studies, antigeenekspressie en DNS-selsiklusanalise. m



# NEW SASOL CHAIR STRENGTHENS PLASTICS INDUSTRY

Sasol Polymers has boosted local research and training in polymer science through its support in the appointment of Prof Harald Pasch, a leading international polymer analyst, to the Sasol Chair on Polymer Characterisation at the Institute of Polymer Science (IPS). The IPS is a division of the Department of Chemistry and Polymer Science.

Prof Pasch hails from the University of Technology Darmstadt in Germany, where he was the chair holder of the UNESCO Chair in Macromolecular Characterisation.

"Given the many different competencies required to support a world-class plastics industry in South Africa, it is of key importance to address the critical shortage of available polymer scientists and to support further research in this field," Dr John Mellor of Sasol Polymers said.

The IPS, the only postgraduate training centre of its kind in the country, also provides research opportunities to students from various African and European countries.

Enhanced membrane technology, water sterilisation, effluent treatment, paper and cardboard coatings, adhesives, paints and environmentally friendly paper are among the research topics pursued.

Prof Pasch's own research interests include new techniques for polyolefin analysis, the synthesis and characterisation of polymers with unusual structures and chromatographic techniques for water-soluble polymers and polyelectrolytes. The analytical techniques that he employs provide invaluable information on the development of new polymer species and on quality control. m

*ON THE PHOTO ABOVE: Prof Harald Pasch (right) with Prof Ron Sanderson, Director of the Institute of Polymer Science* (Photo: Engela Duvenage)



Imagine you could pop a scanner from your handbag to see precisely how ripe the bananas are that you want to buy, or to ascertain how long you can still store them before they need to be used in a fruit salad?

# KNOWING WHEN IT'S TIME TO eat your fruit

By Engela Duvenage

A nifty gadget, don't you think? And not at all too farfetched, it seems.

Detection systems have been developed to detect crop conditions by measuring the levels of chlorophyll and photosynthesis, and ultimately whether fluorescence is emitted when an ultraviolet light shines on a leaf or a fruit.

"As small size excititation sources, fibre probes and miniature-integrated spectrometers have become commercially available, a lot of development has been done in the past decade," explains Prof Hubertus von Bergmann of the Laser Research Institute (LRI) in the Department of Physics.

Together with physicists from Ghana's University of Cape Coast, Prof von Bergmann and LRI colleague Dr Christine Steenkamp recently developed a portable fibre-probe detection system which is already a vast improvement on similar models.

The LRI offers the only outcomes-based university program in laser physics in the country, and is a driving force in the African Laser Centre (ALC), a continent-wide initiative to stimulate laser physics. The LRI hosts regular ALC training courses at Stellenbosch for physicists from many African countries.

A few years ago Prof Von Bergmann, who is also an ALC director, toured African institutions to assess their research needs and capacity. "Quite a few physics groups were working on diagnostic devices that could benefit the horticultural industry," he remembers. "Research on such detection systems is of special interest to African universities where science with a specific agricultural outcome receives preference."

Researchers in this field use compact fluorescence detection systems to study plant growth and post-harvest losses of fruits. It can also detect various dermatological conditions, such as skin cancer or fungal infections.

The valuable contacts Prof Von Bergmann made led to two separate research projects being funded by the ALC and the National Laser Centre.



*Prof Hubertus von Bergmann of the Laser Research Institute shows physics masters student Annelle Griessel and PhD student Gibson Nyamud how the improved portable fibre-probe detection system works. (Photo: Engela Duvenage)*

During an extended research visit to Stellenbosch by Ghanaian Prof Paul Buah-Bassuah, the group designed a portable fibre-probe ultraviolet light emitting diode (LED)-induced fluorescence detection system. It is more robust, because it uses less optics, is easily operated, and is relatively immune to ambient light. The design is much more stable under harsh field conditions, which is ideal for on-the-spot measurements in storerooms and orchards.

"By using a LED source we save R25 000 and reduce cost to less than 10% for the excitation source, compared to less stable laser diodes (LD)," says SU physicist Prof Hubertus von Bergmann. "This saves almost 50% per instrument."

It is therefore more cost-effective for use within the African agricultural sector and in other less developed countries.

The system has been tested on lemons, bananas, mandarins and ivy plants.

Prof Buah-Bassuah's visit was followed by that of two Tunisian researchers, Dr Najoua Derbel and Ms Jaouhra Cherif from Tunis El Manar University. They used the system to detect the effects of cadmium poisoning in tomato plants.

"It looks very promising for both horticultural and agricultural applications where post-harvest monitoring becomes paramount and the ripening process in the storage and retail process relies on the environmental factors such as room and storage temperature," explains Prof von Bergmann.

"It is also essential to follow growth patterns of various breeding crops till harvest time, and to monitor their growth under specific stress conditions such as a lack of water or nutrients."

The developed prototype is the size of a dictionary. It is coupled with a laptop computer to download and analyse the recorded information. The data is provided to the user in graph format.


It is, however, not yet commercially available.

That, it seems, is not the physicists' baby. "We're into the science, not the packaging," laughs Prof Von Bergmann.

So maybe you'll have to wait just a little bit longer for your own pocket-sized banana-ripeness-meter.



# Landbou– 'n standvastige boom



*Die Landbougebou is in Junie 1925 ingewy en was die eerste akademiese gebou van die Fakulteit.*



*Die Landbougebou vandag (Foto: SFFD)*

Klimaatveranderinge, organiese boerdery, volhoubaarheid en GM-gewasse is maar 'n paar van die uitdagings wat landbou in die gesig staar.

Die wyse koning Salomo het gesê dat daar niks nuuts onder die son is nie, en dit is inderdaad so dat die Fakulteit Agri-Wetenskappe vandag, 90 jaar nadat met onderrig begin is, nog net so 'n groot rol te speel het as met sy stigting.

Volgens die Waarnemende Dekaan, prof Karen Theron, lewer die navorsingsresultate van nagraadse studente besonder waardevolle bydraes tot die dieper kennis van die landbouwetenskap, die oplossing van veelvuldige landbouprobleme en die doeltreffende toepassing van die wetenskap op die landbou.

## Wortels

Ná baie jare se ywer agter die skerms deur verskillende partye vir die vestiging van 'n landboufakulteit aan die destydse Victoria Kollege het die Universiteit van Stellenbosch Wet (Wet no 13 van 1916) onder meer voorsiening gemaak vir 'n fakulteit van landboukunde.

Elsenburg sou 'n onafhanklike landbouskool bly terwyl die Fakulteit 'n ware universiteitskarakter moes dra, sy tegniese onderrig moes op deeglike kennis van die basiese wetenskappe berus en sy gees moes een van navorsing wees.

Die Kollegeraad het in Mei 1917 goedgekeur dat drie professore aangestel word vir die Landboufakulteit wat die daaropvolgende jaar tot stand sou kom. Prof AI Perold is aangestel as hoof van die Fakulteit en professor in Oenologie, prof JH Neethling is aangestel as professor in Landbouplantkunde en prof JP du Buisson as professor in Landbouskeikunde.

'n Groot taak het op hierdie drie professore se skouers gerus! Die departemente wat in 1918 tot stand gebring is, was Akkerbou, Veeteelt, Planteteelt, Landbouchemie, Veeartsenykunde, Entomologie, Vrugteteelt, Wynbou-oenologie en Plantpatologie.

## Nederige begin

In die beginjare is klasse in lokale gehou wat oor die universiteitsgronde versprei was, selfs in die geboue van proefplase en privaat woonhuise van dosente. Eers in Junie 1925 is die Landbougebou in gebruik geneem. Die Fakulteit het so sterk gegroei dat nog 'n gebou 25 jaar later opgerig moes word. In 1952 is die JS Marais-gebou deur die Fakulteit in gebruik geneem.

Welgevallen aan die oewer van die Eersterivier was een van die eerste plase wat in Stellenbosch toegeken is (in 1689) en die Landboufakulteit was bevoorreg om sy werksaamhede te begin met dié plaas as proefplaas. Later het die Fakulteit ook die Mariendahl-proefplaas, wat aangrensend tot die Elsenburg-proefplaas (ongeveer 14 km buite Stellenbosch) geleë is, bekom.

In 1919, twee jaar ná die aanvang van die landboukursusse, is die eerste diplomas in Landbou aan vyf studente toegeken. Mnr BJ (Ben) de Klerk was die eerste student wat die BSc-graad in Landbou verwerf het. Hy het dit in 1920 verwerf, slegs drie jaar ná die aanvang van die akademiese werksaamhede van die Fakulteit, omdat hy die vereiste kursusse in die suiwer wetenskappe reeds in 1917 voltooi het. In die daaropvolgende jaar (1921) het vyf studente wat in 1918 ingeskryf het hul BSc-grade in Landbou ontvang, naamlik mnre JG Bekker, AP de Wet, AM du Plessis, SJG Hofmeyr en JA van der Merwe.

## Siklusse

Net soos die landbou het die Landboufakulteit in sy 90-jarige bestaan ook deur vele siklusse gegaan. Met die Fakulteit se stigting in 1918 was die Landboustudente minder as 4% van die totale ingeskrewe studente aan die Universiteit. In 1926 het die persentasie met byna 18% toegeneem en tans is dit 5,75%.

In dié 90 jaar het daar nuwe departemente tot stand gekom, ander het weggeval of saamgesmelt en selfs Bosbou het 'n pad saam met en weg van die Landboufakulteit geloop. In 1932 het die Fakulteit vir die eerste keer die vierjaargraad in Bosbou aangebied, maar in 1956 het die Departement Bosbou 'n onafhanklike fakulteit van die Universiteit geword. In 2000 het Bosbou egter weer met Landbou saamgesmelt en in 2005 is die Fakulteit Landbou- en Bosbouwetenskappe se naam verander na die Fakulteit AgriWetenskappe.

Oor die laaste 90 jaar het die nagenoeg 15 000 afgestudeerdes van die Fakulteit 'n groot rol in die landboubedryf van Suid-Afrika gespeel. Drie oud-studente het selfs ministers geword, naamlik PO Sauer, PK le Roux en DC Uys. m

**Climate changes, organic farming and GM foods are only a few of the demands agriculture has to deal with today. The Faculty of AgriSciences, celebrating its 90th anniversary, is taking up the challenge. See www.matiesalumni.net for the complete article.**



*West Coast Snoek Sticks is 'n gesonder alternatief vir droëwors en biltong*
*(Foto: Dr Natasja Brown)*

# VOEDSELWETENSKAPSTUDENTE ONTWIKKEL nuwe produkte

**Al ooit gewonder wie chilli bites, suurwurms of enige van jou gunsteling-verwerkte kosse uitgedink het? Wel, danksy die Departement Voedselwetenskap wag daar nog vele opwindende verwerkte kosprodukte vir die Suid-Afrikaanse verbruiker.**

Die ontwikkeling van nuwe produkte is voedselwetenskaplikes se kernbesigheid en daarom bied die produkontwikkelingskursus jaarliks groot uitdagings vir die finalejaar-voedselwetenskapstudente.

Prof Trevor Britz, wat die kursus aanbied, is altyd beïndruk met die standaard van die produkte wat die studente ontwikkel. "Tydens hierdie kursus moet die studente al hul voorgraadse kennis integreer en stelselmatig nuwe, opwindende produkte, wat 'n leemte in die Suid-Afrikaanse mark vul, ontwikkel en produseer," verduidelik hy. Die studente werk in groepe en moet elke semester 'n ander soort produk ontwikkel.

Tydens die mees onlangse aanbieding het West Coast Snoek Sticks weggestap met SAVVoT (Suid-Afrikaanse Vereniging vir Voedselwetenskap en Tegnologie) se prys vir die beste produk. Hierdie snoek-droëwors is deur Louise Barnard, Amanda Brand, Robyn Eustice, Yvette Hanekom en Nicola Huisamen ontwikkel en geproduseer.

Besoekers, veral vanuit die bedryf, was baie beïndruk met hierdie visproduk en het kommentaar gelewer oor die unieke, aangename visgeur met gerookte ondertone. Hierdie produk is 'n gesonder alternatief vir die tradisionele droëwors en biltong, is 'n goeie bron van proteïene en is laag in versadigde vette.

Ander produkte wat die aandag getrek het, is Dolcé Pasta (vars, soetgevulde ravioli met 'n komplementêre sous); Squirmie Wormies (vrugtegegeurde jelliewurms in 'n taai stroop); AmaGina (asyn met 'n effense soet smaak en kenmerkende pynappelgeur) en Garden Drops (sagte jellie-agtige lekkers van wortelsap gemaak).

Verlede Oktober het een groep Nutri Grillers ontwikkel. Dit is voedsame groenteworsies in eg tradisionele Suid-Afrikaanse geure. Hierdie smaaklike vetvrye produk is ryk in antioksidante en is veral gemik op vegetariërs. Nutri Grillers kan op die kole gebraai word, en is gerieflik as 'n middaghappie of selfs partytjiekos. Hierdie produk is die breinkind van Gwen Conradie, Anneke du Plessis, Gerida du Toit, Leandra Mostert en Anreza van der Merwe. Hulle het tydens die aanbieding weggestap met SAVVoT se prys vir die beste voordrag. Die prys is oorhandig deur die SAVVoT-president, Rosemary Maguire.

- **Vir inligting oor verdere produkontwikkelingsaanbiedinge, skakel met me Daleen du Preez by telefoon 021 808 3578 of besoek die webwerf http://academic.sun.ac.za/foodsci/**

**As part of their studies, postgraduate students of the Department of Food Science have to develop new food products. West Coast Snoek Sticks was adjudicated the best product at the annual national competition the students took part in.**

# JEUGWERKOPLEIDING NOU BY *US*



*Nuwe Maties! Regs voor is dr Christo Thesnaar en agter hom me Anita Cloete, dosente in jeugwerk.* *(Foto: SSFD)*

**Opleiding in jeugwerk word van vanjaar af by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch (US) aangebied. Dié opleiding is voorheen by Hugenote Kollege (en gerugsteun deur Unisa) op Wellington aangebied.**

Volgens dr Christo Thesnaar, een van die twee jeugwerkdosente, is jeugwerkers toenemend in aanvraag. "Jeugwerkers word in veral gemeentes aangestel, maar skole begin ook jeugwerkers aanstel om te help met lewensoriëntering en begeleiding van leerders. Dít gebeur baie keer in samewerking met 'n plaaslike gemeente of deur die beheerliggaam van skole. Jeugwerkers word ook aangestel deur organisasies wat gemeenskapsontwikkeling doen."

Onderhandelings tussen die Fakulteit en die Hugenote Kollege oor nouer samewerking is al sowat vyf jaar aan die gang met die finale Senaatsbesluit wat eers in Desember 2007 geneem is. Dit was egter betyds vir die 13 jeugwerkstudente van die Hugenote Kollege wat in Januarie as Maties kon inval.

Dis nie net die jeugwerkstudente wat by die groter omgewing gaan baat nie. "'n Meningsopname onder afgestudeerde Teologie-studente (2000 – 2006)," vertel dr Thesnaar, "het getoon dat jeugwerkopleiding 'n besliste leemte in die bestaande BTh-program was. Alle BTh-studente kan dus baat by die jeugwerkmodules wat nou momentum kry. Van die Hugenote Kollege se kant is die behoefte uitgespreek dat die jeugwerkopleiding by 'n teologiese voorgraadse program inskakel."

Voornemende studente kan kies tussen 'n drie- of vierjaargraad in Teologie (sonder grondtale) met 'n lading jeugwerkmodules. Vir studente wat 'n suiwer jeugwerkprogram wil volg, is daar 'n uittreepunt ná drie jaar, maar studente wat dit oorweeg om verder in die Teologie te studeer kan die vierjaargraad voltooi waarna hulle kan uittree of verder studeer.

Diegene wat dan wel verder wil studeer, sal erkenning ontvang vir die werk wat hulle voltooi het maar sal dan die grondtale (Grieks en Hebreeus) en enkele ander modules doen wat die onderskeie kerke vereis.


Saam met dr Thesnaar het die Fakulteit ook me Anita Cloete verwelkom, wat voorheen jeugwerk op Wellington aangebied het, en nou in diens van die US is.

Wat die inhoud betref, is die modules ontwikkel om studente vir die praktyk voor te berei, en daar word op onder meer kinderbediening, jeugbediening, dwelms, geloofsvorming, pastoraat, gemeenskapsontwikkeling en die uitdagings van geweld gekonsentreer. Studente neem ook sekere komponente uit die sielkunde en sosiologie met praktykblootstelling wat 'n integrale deel van die opleiding behels.

Intussen is dit nie net die groep jeugwerkdosente en -studente wat deur die skuif geraak word nie, maar die hele Fakulteit. Die Fakulteit het uiteraard twee bekwame dosente, 'n groep energieke studente en 'n wye spektrum van opleiding en vakkeuses bygekry. (Dr Thesnaar en me Cloete het ook verskeie MTh- en DTh-studente onder hulle vlerk.)

Prof Elna Mouton, Dekaan van die Fakulteit Teologie, het gesê dat hulle baie dankbaar is om vir die studente meer te bied en ook vir die "merkwaardige groep dosente en studente wat by ons aangesluit het. Ons voel oneindig verryk."

**Students who are interested in studying youth work, can now do so at the Faculty of Theology. This came after the University and the Hugenote Kollege in Wellington reached an agreement to move the course from the Kollege to the University.**



# TEOLOGIE STELLENBOSCH 150+

'n Eregradeplegtigheid, internasionale konferensies, koor- en kunstevertonings, 'n uitstalling van artefakte en veel meer sal kulmineer in 'n gedenkdiens op 1 November 2009 wanneer die Fakulteit Teologie die 150-jarige bestaan van teologiese opleiding op Stellenbosch vier.

Op dié dag is dit 150 jaar sedert die Ou Drostdy-gebou op Stellenbosch in gebruik geneem is as 'n Seminarium vir die opleiding van predikante. Deur die jare het die Kweekskool predikante opgelei wat as geestelike leiers 'n enorme invloed in kerk en samelewing uitgeoefen het.

Uit die Kweekskool het ander opvoedingsinrigtings op Stellenbosch ontstaan en uiteindelik in 1918 die Universiteit Stellenbosch (US). In 1963 het die Kweekskool die Fakulteit Teologie van die US geword en sedert 2000 word predikante van ander denominasies as die NG Kerk ook opgelei. Vandag is die NG Kerk, Verenigende Gereformeerde Kerk en die Presbiteriaanse Kerk vennote van die Fakulteit, terwyl studente uit 'n wye spektrum kerke, denominasies en lande daar studeer.

Nagraadse studente (sowat twee derdes van die 380 studente) is veral internasionaal en ekumenies. Dié tendens blyk ook uit 'n toename in samewerkingsooreenkomste met opleidingsinstansies in Europa, Amerika en veral Afrika. Dosente en studente van die Fakulteit kry wye erkenning, veral vir navorsing – die Fakulteit se navorsingsuitsette is uitsonderlik hoog. Dit lei tot 'n toenemende fokus op gemeenskapsinteraksie en -ontwikkeling.

## Teologie Stellenbosch 150+

In 2009 vier die Fakulteit sy 150ste bestaansjaar met die tema Teologie Stellenbosch 150+, 'n tema wat terugkyk na opleiding die afgelope 150 jaar, maar ook die geleenthede van die toekoms probeer peil.

### Onder die hoogtepunte is:

- **Januarie: Publikasie van die gedenkboek Teologie Stellenbosch 150+**
- **27 – 29 Januarie: Kongres vir Afrika-alumni van die Evangelischer Entwicklungsdienst oor Conflict, peace and sustainable development in Africa: The role of universities, NGOs and churches/faith-based organisations**
- **2 Februarie: Teologiese Dag (akademiese jaar begin)**
- **2 – 3 Februarie: Konferensie oor Religious ritual and social capital formation**
- **18 – 20 Maart: Konferensie oor die geskiedenis van die Kweekskool en Stellenbosch 150+**
- **22 – 26 Junie: Jaarvergaderings van die Teologiese en Godsdienstige Werkgemeenskappe van Suid-Afrika**
- **30 Augustus – 2 September: Internasionale Calvyn-gedenkkonferensie**
- **2 – 4 September: Eregradeplegtigheid en Internasionale Teologiese Konferensie met vennote en alumni**
- **7 – 8 September: Konferensie saam met die Protestantse Kerk Nederland, die Molukse Kerk en International Reformed Theological Institute van die Vrije Universiteit in Amsterdam**
- **30 Oktober: Libertaskoor-optrede**
- **31 Oktober: Boomplantgeleentheid en Verjaarsdagdinee**
- **1 November: Gedenkdiens**

**Vir meer inligting oor die Feesjaar, skakel met me Helette van der Westhuizen per telefoon by 021 808 2469 of per e-pos by teologiefees@sun.ac.za.**

In 2009, the Faculty of Theology will celebrate its 150th anniversary with various functions, seminars and church services. Activities will culminate in a memorial service on 1 November 2009.

# RECORD NUMBER OF STUDENTS FOR FACULTY OF EDUCATION

If the number of students who registered to study education this year is any indication to go by, there is definitely a renewed interest in the profession.

This year, the Faculty of Education enrolled 188 first-year BEd students – a significant increase compared with the previous two years, namely 130 and 148 students in 2006 and 2007, respectively.

"This remarkable increase can be attributed to several factors, of which the availability of student bursaries has been a major one," says Prof. Yusef Waghid, Dean of the Faculty of Education.

The number of students registered for the postgraduate certificate in education also increased from 85 in 2006 and 93 in 2007 to 114 students this year.

"Despite some challenges educators encounter with the new outcomes-based education system, particularly regarding an overload of administrative tasks often at the expense of real time and quality teaching, there seems to be a favourable attitude evolving about teaching as a profession. One definitive reason could be the new negotiated increases in salary, which benefit educators in the profession.

"Considering the continuous migration of educators, the increase in student enrolments augurs well for the teaching profession. We have to caution, however, that increasing numbers of students do not necessarily enhance the quality, which is currently lacking in the education system. There should also be concerted efforts to address the deteriorating conditions of schooling, such as ill discipline and violence, which have emerged as serious challenges to education in schools," he said.





# Ingenieurswese bevorder diversiteit

Dis 'n feit dat Suid-Afrika 'n groot tekort aan ingenieurs het. Om in hierdie tekort te help voorsien, het die Fakulteit Ingenieurswese aan die Universiteit Stellenbosch (US) oor die afgelope aantal jare hard gewerk om nie net meer ingenieurs te lewer nie, maar ook om die profiel van ingenieurs wat afstudeer meer divers daaruit te laat sien.

Volgens die Joint Initiative on Priority Skills Acquisition, oftewel JIPSA, 'n inisiatief van die regering om skaars vaardighede te ontwikkel, moet 'n duisend méér gekwalifiseerde ingenieurs jaarliks gelewer word. Die Fakulteit het hom bereidwillig verklaar om 'n honderd, oftewel 10%, hiervan te voorsien en het ook R39 miljoen van die Departement Onderwys ontvang vir die verhoging van die studente-uitset en die verbetering van infrastruktuur.

Ten einde uitvoering aan hierdie verbintenis te gee, is 'n ambisieuse voorgraadse Strategiese Plan vir Groei en Diversiteit vir Ingenieurstudente, wat deur die Raad van die US aanvaar is, opgestel. Hiervolgens stel die Fakulteit Ingenieurswese dit in die vooruitsig om teen 2012 ten minste 10% van die poel van gegradueerde Suid-Afrikaanse ingenieurs te verskaf. Dit is gelykstaande aan 50 bykomende eerstejaarstudente vanjaar, 100 volgende jaar, en 150 in 2010. Teen die einde van die registrasietydperk vanjaar het die Fakulteit reeds sy teiken ver oorskry deur 34,4% meer studente vir die eerste jaar in te skryf as teen Junie verlede jaar.

Wat selfs nog meer betekenisvol is, is dat die aantal swart studente (wat bruin en Indiër-studente insluit) sedert Junie 2007 met 45% en vrouestudente met 33% verhoog het. Hierdie resultate is verkry deur grootskaalse pogings oor die afgelope vier jaar om nie net ingenieurswese aan swart en vroulike leerders te bemark nie, maar ook om die Ingenieurswese-program te verbeter ten einde studentesukses te verseker.

Wanneer die demografiese gegewens van Ingenieurswese-studente in 2008 vergelyk word met die situasie in 2005, kom die volgende interessante syfers na vore:

- toename in algehele aantal eerstejaars: 53%,
- toename in aantal swart studente: 123%,
- toename in aantal vrouestudente: 64%

Die Fakulteit het dus daarin geslaag om sy studente-inname en -diversiteit te verhoog, ten spyte daarvan dat die aantal matrikulante, wat met voldoende punte in Wiskunde en Wetenskap daarin geslaag het om vir Ingenieurswese te kwalifiseer, staties gebly het of selfs persentasiegewys oor dieselfde tydperk gedaal het.

Aangesien die 'poel' kwalifiserende leerders in hoërskole nie betekenisvol toegeneem het nie, het die Fakulteit Ingenieurswese 'n aantal strategiese stappe gedoen om aan die bedryf se verwagtinge van groter getalle gekwalifiseerde ingenieurs te voldoen.

## Gemeenskaplike eerste jaar lê fondament

Die Fakulteit het sy eerstejaarsprogram in Ingenieurswese vier jaar gelede herontwerp om die uitsaksyfer tot 'n minimum te beperk. Studente skryf nou vir presies dieselfde stel eerstejaarsvakke in ongeag die uiteindelike rigtings (Siviel, Elektries, Meganies, ens.) wat hulle kies.

Hierdie benadering hou verskeie voordele in. In hierdie nuwe program kan studente in die eerste jaar by die uitdagings van hul studie aanpas, vertroud raak met die basiese Ingenieurswetenskappe en dan hul veld van spesialisasie vanaf die tweede jaar volg. Die algemene eerstejaarsprogram stel ook die Fakulteit in staat om vroegtydig ondersteuningsmodules en mentorskapprogramme in te stel vir eerstejaars wat sukkel om aan te pas.

Hierdie studentgesentreerde benadering het bygedra tot die algehele toename in aansoeke vir studie in Ingenieurswese by Stellenbosch.

## Meertaligheid en parallelmedium

Spesifieke maatreëls is ook ingestel om toegang vir studente uit diverse bevolkingsagtergronde te verhoog. Aangesien al die studente dieselfde eerstejaarsprogram volg en die groep nuwe studente in elk geval in 'n aantal eerstejaarsgroepe verdeel moet word, was dit sedert 2005 moontlik om parallelle onderrig in Afrikaans en Engels vir eerstejaars aan te bied, sonder bykomende koste in terme van doseertyd. Terselfdertyd is kredietdraende taalvaardigheidskursusse vir Engels en Afrikaans ingestel om studente te help om aan die Universiteit se ideaal om meertalige graduandi te lewer te voldoen. Vanaf 2009 sal alle tweedejaarsmodules in Ingenieurswese ook in parallelmedium aangebied word. Hierdie maatreëls ondersteun die sprekers van Afrikatale om Ingenieurswese aan die US te studeer.

## Verlengde program haal agterstande in

Dis 'n erkende feit dat, as gevolg van die swak onderrig in Wiskunde en Wetenskap by sommige Suid-Afrikaanse

hoërskole, alle studente nie van die begin af tot hoofstroomstudies in Ingenieurswese kan toetree nie. Die Fakulteit het derhalwe 'n stel toelatingskriteria opgestel om vir dié swart, bruin en Indiër-studente wat nie aan die gewone toelatingsvereistes voldoen nie, die geleentheid te gee om vir 'n verlengde graadprogram in te skryf.

Verskeie ondersteuningsmodules in Wiskunde, Fisika en Chemie word bygevoeg en die modules van die eerste twee jaar word oor drie jaar versprei. Studente het gratis toegang tot spesiale hersieningsklasse en mentors om hulle te help om die akademiese agterstande as gevolg van benadeelde hoërskoolonderwys te oorbrug. Die vierde en vyfde jaar van die verlengde graad is presies dieselfde as die finale twee jaar van die vierjaarprogram om te verseker dat die uittreekwaliteit van al die graduandi dieselfde is.

## Ingenieurstudente help op praktiese manier

Dit maak nie sin dat tersiêre instansies, en hul fakulteite van ingenieurswese in die besonder, vir die baie beperkte aantal leerders met aanvaarbare matriekuitslae in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe meeding nie. Om hierdie rede glo die Fakulteit dat meer leerders eerder aangemoedig moet word om vir hierdie vakke in te skryf en ondersteuning moet kry om dit te bemeester.

Derhalwe het die Fakulteit 'n skole-uitreikprogram ingestel wat gemeenskapsinteraksie en diensleer met leerderondersteuning en bewusmaking kombineer.

Sedert die begin van 2008 het die Fakulteit Ingenieurswese 'n module met die naam "Samelewing in Perspektief" vir vierdejaarstudente ingestel. Die teoretiese sy van die module dek onderwerpe soos kultuur en tegnologie, ingenieurswese in 'n multikulturele samelewing, waardestelsels en etiek, die funksionering van die informele sektor en nasionale, maatskaplike en ekonomiese uitdagings soos armoede en MIV/vigs. As deel van hul praktiese onderrig tree die Ingenieurstudente vir 'n periode van ses maande as tutors in ekstra klasse in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe op wat by skole in minderbevoorregte gemeenskappe aangebied word.

Hierdie tutoriale word aangebied in samewerking met die Vennootskapskole van die Fakulteit. Die ekstra klasse word gratis vir leerders in graad 10, 11 en 12 aangebied om hulle te help om goeie slaagpunte te behaal in die vakke wat vir toelating tot programme in Ingenieurswese vereis word. ■

The Faculty of Engineering has put in a great deal of work and effort to deliver not only more engineers but also a more diverse group of students to address the serious shortage of engineers in South Africa. Read the full article on www.matiesalumni.net.

***Foto's kloksgewys van regs:***

*'n Paar skooldogters wat die Vroue in Ingenieurswese middag wat jaarliks in September gehou word, bygewoon het.*

*Finalejaar- Matie Ingenieurstudent, Dewald Terblanche, (regs) tree as Wiskunde-tutor vir graad 10-leerders van Lückhoff Sekondêre Skool op as deel van die Fakulteit Ingenieurswese se uitreikprogram om leerders te help om goeie slaagpunte te behaal in die vakke wat noodsaaklik is vir toelating tot ingenieurstudie.*

*Ingenieurswese gebruik sy eie studente as modelle om die Fakulteit te bemark. Jeanne le Clus, Megan van Ster, Lucy Sangweni en Surita Smit is gebruik op die plakkaat en advertensie van die Vroue in Ingenieurswese middag.*

*Dr Ferdinand Oompie van Kuilsrivier, sy seun, Dean, en hul neef, Caleb de Villiers, het die Ingenieurswese Opedag in April bygewoon.*









## Ontmoet die Fakulteit Ingenieurswese!

Om te voorsien in die groter vraag na gekwalifiseerde ingenieurs het die Fakulteit vanjaar 'n groot bemarkings- en werwingsveldtog geloods waar spanne, bestaande uit die Dekaan of mededekane, voorsitters van departemente, akademici en bemarkers, streke regoor die land besoek om Ingenieurswese aan die US te bemark en studente te werf. Hierdie besoeke bestaan uit verskeie elemente.

Eerstens word vroegaandsessies vir graad 11- en 12-leerders (met Wiskunde en Fisiese Wetenskappe as vakke) en hul ouers gehou om hulle in te lig oor die ingenieursberoep en Ingenieurstudie aan die US. Tweedens word skole deur die dag besoek om leerders van ingenieurswese en die US bewus te maak. Laastens word daar by die groter sentra gespreksgeleenthede tussen die industrie en huidige Ingenieurstudente gereël om die Fakulteit se navorsingskundigheid en nagraadse programme aan hulle bekend te stel en netwerke op te bou.

Streke wat reeds vanjaar besoek is, is Durban en Pietermaritzburg, Port Elizabeth en omstreke, George en Oudtshoorn, en Bloemfontein en Kimberley. In die tweede semester kom Johannesburg, Pretoria, die Vaaldriehoek, Secunda, Nelspruit, Polokwane, Oos-Londen en Upington aan die beurt.

Hiermee hoop die Fakulteit om 'n groter belangstelling in ingenieurswese aan te wakker en om meer Ingenieurstudente vir Matieland – en gevolglik meer ingenieurs vir Suid-Afrika – te werf.

# DEPARTEMENT ONDERNEMINGSBESTUUR GEAKKREDITEER AS CFA-PROGRAMVENNOOT



*Foto: By die ondertekeningsgeleentheid was mnr Philip Lawton, Hoof van die CIPM-program van die CFA Instituut en prof Magda Fourie, Viserektor: Onderrig.*

Die Departement Ondernemingsbestuur is vroeër vanjaar geakkrediteer as 'n 'Chartered Financial Analyst® (CFA®) Program partner' deur die CFA Institute, 'n globale vereniging vir beleggingskundiges. Die ooreenkoms is vroeër vanjaar deur die Universiteit en CFA Institute onderteken.

Die gesogte CFA-kwalifikasie is 'n selfstudie-program op graadvlak vir beleggingskundiges is. Die driejaar program behels dat die kandidaat drie vlakke van eksamens slaag en ook moet voldoen aan 'n stel professionele en etiese vereistes waarna hy of sy die internasionale CFA-kwalifikasie ontvang."

Daar is tans net twee 'Program Partners' in Afrika is (die ander vennoot is die Universiteit van Pretoria) en 49 vennote wêreldwyd.

Prof Johann de Villiers, Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, het by die ondertekeningsgeleentheid gesê dat die CFA-kwalifikasie nie 'n plaaslike ekwivalent van die kwalifikasie nie, maar "'n ware internasionale erkenning wat in die geval van die Universiteit, daardie studente wat graag by groot finansiële sentra soos Londen wil gaan werk, nuttig te pas sal kom."

- **Kontak prof Johan van Rooyen by tel 021 808 2217, of via e-pos by jvrooyen@sun.ac.z vir meer inligting of besoek www.sun.ac.za/business.**

# SECOND GROUP OF GRADUATES QUALIFY AS CERTIFIED FINANCIAL PLANNERS

A second group of 27 graduates in the Postgraduate Diploma in Financial Planning received their CFP certificates in Stellenbosch earlier this year. This group will now be accredited as Certified Financial Planners (CFP®). Stellenbosch University (SU) partners with the Financial Planning Institute of Southern Africa (FPI) to offer formal postgraduate qualifications, giving access to membership of the FPI and the global CFP accreditation.

The CFP certificate is the pinnacle in financial planning qualifications, and enables financial planners to be recognised as being competent in their field of work.

Prof Niel Krige, programme coordinator, said: "This is a special milestone for the University as this is our second group of graduates since we were appointed by FPI to run this postgraduate diploma course. In addition, the results have been really remarkable.

The international pass rate for this diploma is 42%, and ours has been in excess of 80%."

- **Contact Ms Vanessa Strydom on telephone number 021 808 25 00 or via e-mail at vs@sun.ac.za for more information.**



*Photo: Ms Prem Govender, chairperson of the Council of the FPI; Ms Danelle Esterhuizen, the student who achieved the highest marks in the CFP examination; and Prof Niel Krige, programme co-ordinator of the Financial Planning courses at the University.*


Skitter
in jou loopbaan

GEAKKREDITEER
INTERNASIONAAL
UITMUNTEND

As jy die helderste ster in jou beroepswêreld wil wees, het jy die beste kwalifikasie nodig.

Kry jou **MBA, Meesters in Ontwikkelingsfinansies (MDevF), MPhil in Toekomsstudie of PhD** by die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool. Nie net omdat dit jou alma mater is nie, maar omdat ons 'n skitterende rekord het.

Ons het reeds talle internasionale akkreditasies en toekennings ontvang vir ons hoë standaarde. Byvoorbeeld, USB is die enigste bestuurskool van 'n universiteit in die land met twee internasionale akkreditasies, EQUIS en AMBA, en ons PhD is ook die enigste een buite Europa wat deur die doktorale vereniging, EDAMBA, goedgekeur is. Boonop is ons nommer 45 op die *Financial Times* in Londen se Executive Education-ranglys.

Dis maar net 'n paar van ons glansprestasies. Om seker te maak dat jy ook in jou loopbaan uitblink, skakel 0860 USBUSB of 021 918 4114; epos usbcom@usb.ac.za; of besoek ons vandag by **www.usb.ac.za**.

USB
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool
Die wêreld se opsies. Een keuse.

EFMD EQUIS ACCREDITED
Accredited by Association of MBAs
EDAMBA
TOP 100








# Waar staan die *Woordfees* ná bykans tien jaar?

deur Dorothea van Zyl

**Die Woordfees en die Woorde Open Wêrelde (WOW)-jaarprojek wat daarmee saamgaan, is onlangs aangewys as een van ses vlagskipprojekte van gemeenskapsinteraksie by die Universiteit. Dit is die enigste projek wat op die kunste en op lees gerig is en baan die weg vir permanensie en volhoubare groei. Prof Dorothea van Zyl, Direkteur van die Woordfees, vertel meer.**

In die afgelope jare het die Woordfees 'n stewige plek op die Suid-Afrikaanse feeskalender oopgeskrop. Dit is een van die kunstefeeste in Suid-Afrika met gemiddeld die hoogste bywoningsyfer, met sowat 73% van die beskikbare kaartjies wat verkoop is. Sedert 2000 het die Woordfeesbywoning ook gestyg vanaf 1 000 tot ongeveer 29 000 besoeke vanjaar. Ook die WOW-projek, onder die bekwame leiding van me Fiona van Kerwel, gaan van krag tot krag (lees die artikel op bl 10).

Hoewel die Woordfees, soos feeste wêreldwyd, 'n groot persentasie middeljarige vroue-feesgangers trek ('n groep wat tereg die ruggraat van enige gemeenskap se kultuur en letterkunde vorm), lok die fees ook toenemend ander teikengroepe. Mense kom selfs jaarliks uit Vlaandere om die geleentheid by te woon!

Die 686 leerders en 85 onderwysers van 42 skole wat as onderdeel van die WOW-dag die simfonie-orkes se oefening in die Endler bygewoon het, was byvoorbeeld 'n indrukwekkende gesig. Dié groep het die middag deel gevorm van die gratis Mardi Gras (wat onder meer 'n 'idols'-kompetisie vir skole, trompoppies, orkeste, stalletjies en 'n pretpark ingesluit het) op die Braak.

Werksessies vir onderwysers en ook 'n joernalistiek- en 'n dramawerksessie is aangebied. Kleiner kinders het die Kinderfees entoesiasties ondersteun, asook 'n baie geslaagde entrepreneursmark vir leerders.

Studente het na veral die Neelsie-fees gestroom, waar bekende bands opgetree het, en die reeks SR-feesitems is ook goed ondersteun. Daar was heelwat studente by die skrywersgeleenthede en dramas – en nie net by die produksies wat gekoppel is aan die leerstof van studente van die Departemente Afrikaans en Nederlands, Drama en Joernalistiek nie.

Die Woordfees bewerkstellig terselfdertyd sinergie tussen verskillende instansies gemoeid met die Neerlandistiek, soos die Nederlandse Taalunie, die Kaapse Forum vir Neerlandistiek, die Suider-Afrikaanse ereniging vir Neerlandistiek, die Nederlandse en Vlaamse konsulate en ambassades, asook die Huis der Nederlanden.

Die Nederlandstalige skrywers vorm ook deel van die groot en gewilde jaarlikse Skrywersgala – vanjaar weer 'n voortreflike kombinasie van drama, voordrag, musiek en skrywersvoorlesings onder die regie van Juanita Swanepoel.

Die Woordfees het as deel van die nasionale kunstefeeskalender reeds heelwat aansien verwerf weens die unieke en omvattende program. RSG het vanjaar gehelp om dit bekend te stel met die direkte uitsendings van Monitor, Praat Saam, Spektrum en Naweekjoernaal.

Die Skrywersfees is persentasiegewys die gewildste feeskomponent (56,1%), onder meer weens die optredes van talle prominente skrywers. Spesiale profiele is aangebied ter ere van Wilma Stockenström (foto regs onder), John Miles, George Weideman en Charles Fryer. Die beste persentasie verkope per genre is aangeteken by die skrywersprogramme Aan Tafel (87,30%), Skrywersprofiele (85,36%) en die Skrywersfees (81,12%).

Die musiekkomponent is die tweede gewildste gevolg deur die dramafees.

Daar was weereens talle nuwighede: Die eerste Sanlam Drukkoker, waar vier dramaturge binne 24 uur oor 'jellie' moes skryf, waarna regisseurs en akteurs dit binne 24 uur op die planke moes bring, was byvoorbeeld baie geslaagd.

Die Woordfees verskaf werksgeleenthede aan heelwat mense. Vanjaar het 247 kunstenaars en 136 skrywers aan die Woordfees deelgeneem. Naas die vier permanente Woordfeespersoneellede was 61 assistente, 20 studente en personeellede van die Departement Drama, 18 logistieke organiseerders en 11 koördineerders betrokke.

Tans vergader die kernspan kliphard oor volgende jaar se groot tiende Woordfees, wat vanaf 6 tot 15 Maart 2009 sal plaasvind, met die tema: Lag-lag tien jaar! Groot dinge word beplan – hou gerus hierdie ruimte dop vir meer inligting oor die fees der feeste! m

**The annual Woordfees (Wordfest) goes from strength to strength and boasts the highest attendance figures of festivals of this nature**

# Studente eet *gesonder,* maar eerstejaarsindroom bly



**Sommige studente verkies deesdae soesji (sushi) bo 'n hamburger. Só sê mnr Isaac Moloi, 'n werknemer by Noodlebosch, 'n winkel wat onder andere soesji in die Neelsie Studentesentrum verkoop. Studente is berug vir hul ongesonde eetgewoontes, maar sal die opkoms van 'n wêreldwye welwees-kultuur studente se eetpatrone verander? Susan Smit en Carolyn Meads, twee Joernalistiekstudente, het die ondersoek ingestel.**

Die afgelope paar jaar het 'n aantal winkels in die Neelsie oopgemaak wat gesonder keuses bied. Me Debbie Nanisa, 'n werknemer van die winkel Buzz, sê hulle verkoop vrugte, sap en slaaie. Me Huibrecht Kruger, deel-eienaar van 3Degrees, sê sy gebruik nie mayonnaise of te veel olie nie en sny die vet van spek af.

Ouer winkels in die Neelsie probeer ook in die vraag na gesonder voedsel voorsien. Mnr Niel Cleghorn, bestuurder van Nca'kos, sê hulle produkte is gesond omdat dit gekookte kos is. "Ons het 'n bietjie kaassous en vetmaakgoedjies, maar elke plek het dit. Dit is die lekker van kos eet," sê hy.

Daar is ook nog ongesonde etes in die Neelsie beskikbaar. Kelly Alcock (18), 'n BA Internasionale Studies-student, sê sy probeer van die "tjipsfabrieke" wegbly. "Ongelukkig is slaptjips baie goedkoper as slaaie." Dieter Vonfintel (26), 'n Ekonomie-dosent, sê dit is moeilik vir 'n alleenloper om gesond te eet. "'n Mens eet maar baie uit." Mathildie Stemmet (19), BRek-student, bring haar eie etes saam, want dit is goedkoper en gesonder as die Neelsie se kos.

Ander studente soek júís die ongesonde etes in die Neelsie. Bertie Barnard, wat sy PhD in Chemie doen, sê: "As jy lus is vir 'n hamburger, éét die ding. As jy bang is jy gaan vet word, oefen." Me Anjo Aploon, 'n werknemer by London Pie Company, sê: "Studente leef eintlik baie ongesond. Party eet sommer elke dag so twee pasteie". London Pie Company is tans die enigste winkel in die Neelsie wat halaal gesertifiseer is.

Verlede jaar is drie nuwe spyseniers by die koshuise aangestel. Volgens me Bettie Preller, bestuurder van koshuisdienste, moet die nuwe spyseniers soos hulle voorgangers aan sekere spesifikasies voldoen. Hulle moet etes verskaf wat bestaan uit proteïene, stysel, twee groentes, 'n slaai, nagereg en vrugtesap. Die nuwe spyseniers kon kos teen 'n goedkoper prys voorsien, en baie studente was bekommerd dat dít die porsiegroottes sou beïnvloed. Studente kan nou vir ongeveer R30 per dag drie maaltye by hul koshuise eet. Wouter van Velden, primarius van die gemengde koshuis Metanoia, sê: "Mans en vroue kry dieselfde porsiegrootte. Dit kan 'n probleem raak en baie van die ouens maak maar vol met brood."

> "Ongelukkig is slaptjips baie goedkoper as slaaie."

Oor die algemeen voel die koshuisinwoners met wie *Matieland* gepraat het dat die nuwe spyseniers se kos net so gesond of selfs gesonder as die voriges s'n is. Studente van Lydia sê hulle kry hoender-wraps, gerookte-hoenderslaai en bruinbroodrolletjies. Ronel van Tonder, onderprimaria van Harmonie, sê: "Die gewildste ete bly steeds die hoenderburger en hoenderschnitzel." Sy sê egter: "Daar is steeds dae wat iemand se skorsie nie lekker lyk nie." Marthine Herbert van Heemstede sê hulle mis die gesondheidskeuse wat hulle by hul vorige voedselverskaffer gekry het. Amy-Jean Prentice (19), 'n Visuele Kommunikasiestudent van Harmonie, sê sy eet nie al haar koshuisetes nie, want dit bevat te veel koolhidrate. Sy beveel ook aan dat sommige eetplekke in die Neelsie hul spyskaart hersien om gesonder opsies te bied.



*Nahn van Wyk en Shanie Vermaak geniet 'n ontby in die Neelsie.*

Me Karin Haasbroek, dieetkundige by die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO), reken weer dat daar beslis 'n groep studente is wat gesonder wil leef. Daar is egter volgens haar nog baie wat ongesond eet. "Ek sien baie manstudente met dik middellywe," sê sy. "Meer mans het vandag groter middelmates as toe hulle ouers op kampus was." Volgens me Haasbroek onderskat studente die kalorie-inhoud van alkohol. "Dit maak nie net dronk nie, maar ook spekvet." Baie studente sukkel volgens haar nog met gewigstoename in hul eerste jaar op kampus – die sogenaamde eerstejaarsindroom.

Me Haasbroek sê dit hang van studente af of die Neelsie en koshuise gesonder kos bied. "Dit is 'n geval van vraag en aanbod. Hulle sal nie volgraanbrood, vrugte en slaaie aanbied as daar nie 'n vraag daarna is nie." m

**There is evidence that students are increasingly eating more healthily, but the so-called first year syndrome – whereby students gain a lot of weight in their first year of study – is still evident.**

*Matieland* het vir Elizma Nolte, 'n MatiesAlumna en voormalige redakteur van die *SA Times* in Londen, gepols oor hoe dit met alumni daar gaan. En was in meer as een opsig verras oor haar antwoord. Hier is haar artikel.



Suid-Afrikaners verwelkom dr Nelson Mandela verlede jaar in Londen tydens die bekendstelling van die standbeeld van hom op Parliament Square. (Foto: Christine van der Merwe)

# Maties IN LONDEN

Dis Sondagmiddag en die tafels op die sypaadjies van Londen se restaurante is volgepak met mense wat die eerste somerson verwelkom. Daar's agt van ons – twee Suid-Afrikaners, twee Duitsers, een Fransman, een Australiër, een Ier en 'n Brit. Anja, die Duitser, betreur die feit dat sy gereeld met 'n Pool verwar word.

"So hoe lyk 'n tipiese Poolse mens dan?" wil ek geamuseerd weet. Daar's duisende Pole in Londen, heelwat meer as Suid-Afrikaners, maar ek het nog nie geleer hoe om hulle op 'n afstand uit te ken nie.

"Hulle dra cheap jeans. En wit boots met sulke hoë hakke dat jy skaars daarop kan loop," kla die modieuse Anja.

"Ja, en alle Duitsers is nudiste," skerts iemand terug.

Natuurlik is nie alle Iere dom nie. En alle Australiese meisies nie maklik nie. En alle Franse nie arrogant nie. En alle Suid-Afrikaners hang nie net saam met ander Suid-Afrikaners in Wimbledon of Putney met Castles en NikNaks en boereworsrolle uit nie. Ons groepie in St Johns Wood, Noord-Londen, illustreer die punt dat daar net 'n greintjie waarheid in die hart van enige stereotipe steek.

En tog, in 'n kosmopolitaanse stad waar 'n kwart van die bevolking nie Brits is nie, skep ons alledaags boksies waarin ons nasionaliteite kan liasseer.

En ons stereotipeer ook ons eie mense.

Ek het onbepland ietwat van 'n deskundige op die gebied van Suid-Afrikaners in Londen geword, siende dat ek sedert 2000 my karige brood as joernalis by die maatskappy verdien wat die weeklikse *SA Times*-koerant publiseer.

As voormalige redakteur van *SA Times* is ek al telkemale genader om insig te bied oor die ongeveer een miljoen Suid-Afrikaners in die Verenigde Koninkryk bevind.

So vra 'n vooraanstaande Britse koerant my uit oor die tradisionele Kersmaal wat in Suid-Afrika geniet word. Effe verward het ek gevra: Soek julle 'n tipiese Afrikaanse dis? 'n Tipiese Zulu-dis? Of dalk 'n Indiese, of 'n Xhosa- of bloot 'n kolonialisties Engelse dis?

Die immer polities korrekte Britse joernalis het gestamel vir 'n antwoord.

Ons weet almal daar bestaan nie 'n "tipiese" Suid-Afrikaner nie.

Dus gaan dit my verstand ten bowe wanneer Suid-Afrikaners my met enerse naïewe vrae konfronteer: Leef alle Suid-Afrikaners in Londen tien-in-'n-huis en werk as sekuriteitswagte? Is hulle almal wit rassiste wat die land ná apartheid verlaat het en Suid-Afrika nou gedurig slegsê? Is hulle almal eintlik ongelukkig in Londen en te bang om te erken dat hulle in die geheim terugverlang na hulle tuisland?

En alle Suid-Afrikaners hang nie net saam met ander Suid-Afrikaners in Wimbledon of Putney met Castles en NikNaks en boereworsrolle uit nie

Suid-Afrikaners in die buiteland is slegs 'n sub-segment van dié in Suid-Afrika.

Ja, daar's 'n luide, effens rowwe en onbeskofte groepie Suid-Afrikaners in Londen wat Springbok-truie dra, by Suid-Afrikaanse pubs byeenkom en nostalgies verlang na "die goeie ou dae". Maar ek kan soortgelyke geselskap om 'n braaivleisvuur in, sê nou Pretoria, aantref.

Ja, daar is nog jong Suid-Afrikaners wat hulle oorgee aan die vryheid van 'n onbekende stad ver van die ouerhuis en hulle dalk tydelik vergryp aan alkohol, dwelms en seks – maar ek sou jou 'n enerse groep kon uitwys op Stellenbosch.

Ja, ek het al een of twee rassiste teëgekom, en 'n paar ander wat verklaar dat hulle nooit sal teruggaan Suid-Afrika toe nie. Maar ek het nog meer mense in Suid-Afrika ontmoet wat hulle eie land en regering slegsê en twyfel oor hulle toekoms daar.

Oor die jare het ek onderhoude met duisende uiters suksesvolle Suid-Afrikaners gevoer wat hulle geld en kontakte tot die beskikking van hulle tuisland stel. Ek was by kwaito-partytjies wat die groeiende swart bevolking van Suid-Afrikaners in Londen bevestig. Ek het honderde welwillendheids-funksies bygewoon waar Suid-Afrikaners vrygewige donasies maak om MIV/vigs, armoede of geweld in Suid-Afrika te bekamp. Om die waarheid te sê, ek het al meer optimisme, patriotisme en waardering vir die land se skoonheid onder Suid-Afrikaners hier teëgekom as wat ek ooit in Suid-Afrika self beleef het.


Ongelukkig is dit die klakouse, die ekstremiste en die bitteres wat die hardste skree. Dit is hulle wat die stereotipes skep en laat gedy. 'n Stereotipe wat die stille massas, op sy kop draai.

Nee, Anja, alle Pole dra nie cheap jeans nie. En nee, Suid-Afrikaners, al julle medeburgers in die buiteland is nie jong dronklappe of siniese verraaiers nie. ■

- **Elizma Nolte het joernalistiek aan die US studeer (klas van 1999). Sy is tans 'n direkteur van ZA Publishing wat die *SA Times*-koerant, die *South Africa*-tydskrif en die Smooth Landing reeks immigrasiegidse publiseer. Sy is ook redakteur van die South Africa-tydskrif – www.southafricamag.com. Kontak haar by elizma@zapublishing.com.**

In this article, the notion that young people in England lead a promiscuous life is challenged. Elizma Nolte, former Stellenbosch student and currently a director of ZA Publishing in England, investigated.

Mnr Llewellyn MacMaster, tot onlangs toe nog 'n dosent in Pastorale Teologie in die Departement Praktiese Teologie en Missiologie, is vroeër vanjaar as die nuwe Studentedekaan van die Universiteit Stellenbosch (US) aangestel.



# Nuwe Studentedekaan

"Dit was nog altyd vir my lekker om met jong mense te werk. Ek was destyds ook studenteleraar by die Universiteit van Wes-Kaapland en daarna dosent en Viserektor en Direkteur: Studentesake by Hugenote Kollege – dit is seker maar soos hulle sê in my bloed. Om met jong mense te werk, inspireer my," het mnr MacMaster gesê pas nadat hy aangestel is.

Hy het die graad BTh (Teologie) in 1985 en in 1987 'n honneursgraad in Teologie (HonsBTh) aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) verwerf. In 2001 het hy die graad MTh (Kliniese Pastoraat) aan die US behaal en is hy tans besig met sy DTh-graad in Praktiese Teologie.

Hy verstaan studente en het die spreekwoordelike oorlogswonde om dit te bewys! As voorsitter van die Verteenwoordigende Studenteraad van UWK in die 1980's was hy nou betrokke by studentepolitiek. Nie net is hy in 1984 en 1985 gearresteer vir die bywoning van 'n onwettige byeenkoms nie, maar onder die destydse noodtoestandregulasies is hy vir etlike maande aangehou – in 1985 en weer in 1986.

Nadat hy eers as onderwyser en later as predikant gewerk het, was hy studenteleraar by UWK en by die destydse Skiereilandse Technikon (nou die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie, oftewel CPUT). In 2000 het hy saam met die teologie- studente na die US oorgekom toe die predikants-opleiding van die Verenigende Gere-formeerde Kerk van Suider-Afrika na die Fakulteit Teologie by die US verskuif is.

> Hy verstaan studente en het die spreekwoordelike oorlogswonde om dit te bewys!

Vanaf 2001 tot 2006 was hy 'n dosent in Teologiese Studies aan die Hugenote Kollege in Wellington en het ook as deeltydse dosent in pastorale teologie vanaf 2002 tot 2006 vir honneurs- en magisterstudente by UWK en vir magisterstudente by die US vanaf 2004 tot 2006 klas gegee. Aan die Hugenote Kollege was hy ook Viserektor en Direkteur: Studentesake en het by tye as Waarnemende Rektor opgetree.

Ná 'n paar maande van wat hy 'n luister-seisoen noem en waarin hy die verskillende rolspelers ontmoet het, is die volgende fase nou een van strategiese beplanning vir die Afdeling Studentesake, verduidelik mnr MacMaster.

"Wat nou voorlê, is dat die Afdeling strategies herposisioneer in die lig van die uitdagings binne die hoëronderwys-omgewing en ook binne die spesifieke uitdagings en geleenthede vir die Universiteit met die aanbreek van die 'Botman-era' en verder, soos tans verwoord word in die Universiteit se Oorhoofse Strategiese Plan."

Mnr MacMaster en sy vrou Jenni het drie kinders, Ramon (18), Adrienne (13) en Kyle (12). Ramon regis-treer hierdie jaar vir 'n BA-graad in Internasionale Studies by die US terwyl Adrienne graad 8 by Rhenish Meisieshoërskool en Kyle graad 7 by Labiance Laerskool begin het. m

- Skakel met die Afdeling Studentesake by 021 808 222 of per e-pos by studentesake@sun.ac.za

**Mr Llewellyn MacMaster, until recently a lecturer in Pastoral Theology, is the new Dean of Students Read more about Mr MacMaster at www.matiesalumni.net.**

# PROF ROUX DE VILLIERS – 'n inspirasie



*Prof Roux de Villiers en 'n leerder van Bruckner de Villiers*
*(Foto: Eikestadnuus)*

Op tagtigjarige leeftyd help prof Roux de Villiers, eertydse professor in Toegepaste Wiskunde, Dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese en Viserektor: Bedryf, om die agterstand in die opleiding van leerders en onderwysers in Wiskunde te oorbrug. Die President van die Konvokasie, prof Pieter Kapp, vertel meer.

Prof JWR (Roux) de Villiers was 'n geruime tyd besorg oor die onvermoë van veral voorheen benadeelde skole om beter in Wiskunde te presteer, en het sy dienste by die Laerskool Bruckner de Villiers in Idasvallei in Stellenbosch gaan aanbied. Hier het hy eers vir die onderwysers en later ook daagliks vir die leerders klasse aangebied – sonder enige vergoeding.

Vir 'n man wat gewoond was om met die ingewikkeldste wiskundige probleme te werk en bekend was as briljante dosent, was dit 'n besonder aangename uitdaging om leerders in die geheime van Wiskunde in te lei.

Sy benadering was 'n gedissiplineerde, eenvoudige, maar ook opvoedkundig-filosofies diepsinnige een: Wat jy nodig het om Wiskunde te kan doen, is 'n begrip van getalle. Met allerhande speletjies het hy onderwysers en leerders dieper in die wonderwêreld van getalle ingelei. Die resultaat? Die skool se prestasie in Wiskunde het vanaf 'n gemiddelde van 32% tot 65% gestyg.

Dit het egter nie hier geëindig nie! Prof De Villiers het hom begin beywer om beter hulpmiddele vir die skool te bekom, en deur sy inspirerende voorbeeld het die deure en beursies oopgegaan. Hy geniet ook reeds erkenning van die Wes-Kaapse parlement en die Wes-Kaapse Minister van Onderwys.

## KONVOKASIEPROJEK

As uitvloeisel hiervan daag die Uitvoerende Komitee (UK) van die Konvokasie MatiesAlumni uit om ook húlle kennis en ervaring aan te wend om mense op te hef. Die UK het ook reeds in samewerking met die Universiteit Stellenbosch (US) se skoleprojek 'n voorlegging aan die US se bestuur gemaak om 'n amptelike projek van stapel te stuur. Buiten die steun van die US word die projek ook ten volle deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en die Wes-Kaapse Minister van Onderwys ondersteun.

Oudstudente kan hulle by voorheen benadeelde skole in hulle omgewing aanmeld, veral daardie skole met wie die US ooreenkomste het, om met onderrig in Afrikaans, Engels, Wiskunde en Wetenskap te help.

- **Vir meer inligting en om jou betrokkenheid by 'n skool te registreer, kontak dr Michael le Cordeur, Gebiedsbestuurder van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, en lid van die UK van die Konvokasie wat die projek bestuur, by telefoonnommer 021 887 0135, e-posadres mlecorde@pgwc.gov.za of posadres Blomstraat 5, Die Braak, Stellenbosch 7600; of mnr Jerome Slamat, Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie by telefoonnommer 021 808 3639 of e-posadres jaslamat@sun.ac.za. Meer besonderhede is op die Konvokasie se tuisblad by www.matiesalumni.net beskikbaar.**

## Gratis Konvokasie-publikasie

Lede van die Konvokasie kan nog gratis eksemplare van die boekie Verantwoording ontvang. Hierin doen die UK volledig verslag van al die belangrikste dokumente waarin hy die afgelope vyf jaar standpunte oor die US se taalbeleid gestel het.

- **Skryf aan prof Christo Viljoen, Visepresident van die Konvokasie, by Hoflaan 6, Stellenbosch 7600, om 'n boekie te ontvang. Briewe moet vergesel wees van 'n self-geadresseerde, gefrankeerde A5-koevert met R4,10 se seëls daarop aangebring.**







*KLOKSGEWYS VAN LINKS BO: Dr Marie Heese, mnr Koos Bekker en dr Adelbert Scholtz.*

# KONVOKASIE KIES BEKKER, HEESE EN SCHOLTZ AS RAADSLEDE

Die Konvokasie van die Universiteit het mnr Koos Bekker, Besturende Direkteur van Naspers, vir 'n derde termyn as verteenwoordiger van die Konvokasie in die Universiteitsraad verkies. Nog twee verteenwoordigers van die Konvokasie, dr Marie Heese ('n vryskutonderwyskundige) en dr Adelbert Scholtz ('n sielkundige en arbeidskonsultant) sal saam met hom by die Universiteitsraad aansluit.



Dr Paul Cluver, reeds 'n dienende raadslid, en mnr Jannie Mouton (foto regs), stigter van die PSG-groep, is vroeër onbestrede as die twee donateursverteenwoordigers in die Universiteitsraad aangewys. Dr Cluver is ook tot Raadsvoorsitter verkies met die uittrede van dr Edwin Hertzog in Maart vanjaar.

Lede van die Konvokasie kon vroeër vanjaar per gewone posstemme, faks, aanlyn-stemming of SMS vir kandidate stem.

## KONVOKASIEVERGADERING

Vanjaar se Konvokasievergadering vind op 6 November om 19:00 in die HB Thomteater in Victoriastraat, Stellenbosch, plaas.

## Beste MatiesAlumni



In hierdie uitgawe beskryf die Rektor, prof Russel Botman, die opwindende proses van vernuwing wat die Universiteit betree (sien bl. 12). Die US gaan in die toekoms nie net groei in akademiese uitnemendheid nie, maar gaan ook sy kundigheid beter aanwend om 'n meer beduidende bydrae tot die ontwikkeling van ons samelewing en kontinent te maak.

Die omvang van ons Alma Mater se invloed is reeds indrukwekkend. Ons akademici is betrokke by ten minste 80 projekte met meer as 100 vennote in 30 Afrika-lande. Dit sluit navorsings-, onderrig en kapasiteitsbou-projekte in.

Die Alumni-kantoor het die voorreg om met meer as 115 000 van julle te skakel en eerstehands te ervaar wat die bydraes is wat julle wêreldwyd lewer. Ons ontmoet julle by wêreldwye netwerkgeleenthede waartydens ons die US se toekomsplanne met julle deel. Ons hoor julle opinies en aanvaar met opregte dank jul bydrae, finansiële steun, voorspraak en kontakte.

### Waagmoedige gesprekke

Die Alumni-kantoor neem deel aan die reeks gesprekke waarin die vele uitdagings van die Universiteit waagmoedig aangepak word. By elke netwerkgeleentheid gesels ons graag saam oor die uitdagings in Hoër Onderwys in Suid-Afrika, die ekonomie en hoe dit studiegeleenthede beïnvloed, opwindende nuwe geleenthede wat ons veranderende samelewing bied, die uitbou van die US se internasionale aansien en vele ander sake van belang vir ons huidige en toekomstige alumni.

Deur ons diverse menings en ervarings te deel - en na mekaar te luister - help elkeen van julle om waardevolle nuwe verhoudings en ook begrip onder mekaar, te vestig. Ons sien uit na groter deelname soos ons die platforms van kommunikasie uitbou.

'n Vraag wat ons gereeld kry, is hoe alumni inpas by die nuwe rigting wat die US inslaan. Wat het die Verenigde Nasies se ontwikkelingsdoelwitte met ons te doen?

Die Alumni-kantoor glo dat elkeen van ons wat bevoorreg was om hoër onderwys te ervaar, 'n rol het om ons kennis en ervaring aan te wend om by te dra tot die oplossings wat 'n beter samelewing skep. Ons hoor graag julle insette- of dit nou as pensioenaris, sakevrou in Johannesburg, dokter in Kanada, ingenieur in Doebai, boer in Robertson of tuisteskepper op die Franse platteland is.


Kom gesels gerus verder hieroor by die volgende Alumni-geleentheid in jou area.

**Tot volgende keer.**
**Heidi**

* *The English version of Heidi's letter is online available at www.matiesalumni.net*

## Nuwe netwerkkoördineerder in PE

**MatiesAlumni netwerkkoördineerders reël in samewerking met die Alumni-kantoor byeenkomste, gee nuusgebeure deur en help met die bywerking van adreslyste. Hier is die nuutste koördineerder. Besoek www.matiesalumni.net vir die volledige lys.**




### Anton Ellis: Port Elizabeth (BA Menslike Bewegingskunde, HOD)

Anton het in Beaufort-Wes grootgeword en aan die Hoërskool Sentraal in 1983 gematrikuleer. Op Stellenbosch was hy 'n inwoner van die destydse Hombré waar hy ook twee jaar primarius was.

Hy het in 1990 as onderwyser aan die Hoërskool DF Malan in Bellville begin werk en daarna aan die Newton Tegniese Hoërskool in Port Elizabeth en ook later aan die Hoërskool Despatch.

Na sy onderwysloopbaan was hy vir 10 jaar by Liberty Life waar hy "al die radikale maar opwindende veranderinge in die versekeringsbedryf as 'n konsultant vir die maatskappy ervaar het." Hy studeer ook verder by UNISA en die Universiteit van die Vrystaat waar hy nagraadse kwalifikasies in finansiële beplanning verwerf. Tans werk hy vir Eerste Nasionale Bank as Areabestuurder van die Oos-Kaap in die bank se Finansiële Beplanning en Advies Afdeling. Hy deel sy huis met sy drie kinders.

- **Kontak Anton by selno 083 375 3037 of per e-pos by aellis@fnb.co.za**




## FOR A CAREER CHANGE?

**VISIT THE NEW MATIESALUMNI CAREERS PORTAL AT WWW.MATIESALUMNI.NET**

At no cost to you, MatiesAlumni can now be connected to prospective employers. Simply log on, place your CV and you'll receive job alerts for positions that match your profile (your CV will be made available only to the companies to which you have applied). If your application via this portal is successful, 5% of your placement fee will go towards a bursary fund for talented students in financial need. Visit www.matiesalumni.net for more information.

- **Ever thought about becoming a Career Mentor?**
  Share your expertise and skills with a young Matie. You determine the frequency and nature of interaction. Visit www.matiesalumni.net and go to "How can I help SU" and click on "Mentorship.

## KOM EET ONTBYT SAAM MET DIE STUDENTERAAD!

Matieweek 2008 skop af met 'n geleentheid vir oudstudente om onder mekaar stories en staaltjies van hul studente-dae te deel. Die doel van hierdie inisiatief is om in die gees van Matieweek MatiesAlumni op 'n ontspanne wyse bymekaar te bring.

Die ontbyt word op 28 Julie by Lanzerac in Stellenbosch gehou.

Die Studenteraadsvoorsitter en 'n lid van die Rektor se bestuurspan sal kortliks terugvoer oor die huidige stand van studente-aangeleenthede op kampus gee, asook 'n geleentheid vir vrae bied.

Kom geniet gerus saam met ons die oggend by Lanzerac. 'n Beperkte hoeveelheid kaartjies is beskikbaar teen R100 per persoon en sluit 'n vol buffet-ontbyt in.

- **Kaartjies en meer inligting is beskikbaar by me Tutu de Kock by tel 021 808 2493 of per e-pos by sr@sun.ac.za.**

# 105 JAAR REÜNIE



*Want 105 is beter as 100. Voor is Piet Bester, Jorrie Jordaan, Recht Hiemstra, Thinus Delport, Tielman Roos (Mooiplaas) en Jasper Vlok. Agter hulle is Allen Lyons, Jan Pickard, Francois Kirsten en Morkel Vermeulen. Heel agter is Jan van der Merwe en George Ferreira.*

**Wilgenhof, die oudste koshuis op Stellenbosch, het vroeër vanjaar hul 105 jaar reünie gehou. Die Primarius, Danie Fourie, vertel meer.**

Op 28 Maart vanjaar het sowat 600 Wilgenhoffers van alle ouderdomme en van reg oor die wêreld terug gestroom na Die Plek toe. Dit was veral spesiaal toe almal spontaan saam begin sing het aan "Die Fluitjie-fywerits" - liedjies wat vir jare lank in die manne se harte bly.

Na 'n gholfdag by Devonvale het nege lammers op 'n spit in die kwod geur aan die geleentheid gegee. Saterdag was dit brunch en daarna was dit huisvergadering onder leiding van Christof Pauw in die Japie Krige-saal by Paul Roos.

Saterdagmiddag het Wilgenhof se eerste rugbyspan in 'n taai stryd kragte gemeet teen 'n span ervare Wilgenhoffers met die eindtelling 17-7 in die huidige inwoners se guns. Saterdagaand was daar 'n formele dinee met oud-primarius Daneel van Zyl as seremoniemeester. Oud-Primarius Christo Bester het 'n toespraak gelewer en nog 'n oud-Primarius, Christo Wiese, het 'n heildronk op die koshuis ingestel. Beide sprekers was dit eens dat 'n roemryke verlede die fondament moet vorm van 'n vooruitstrewende toekoms waarin Wilgenhof die leiding moet neem.

Na Sondagoggend se kerkdiens is almal tevrede uiteen. Die reünie was 'n reuse sukses, die Bekfluitjie neurie salig voort en tot volgende keer.

*"...Dankie Menere, totsiens Menere, kom gou weer menere, Dan gesels ons weer oor die lekker gebeure..."*

- **Sien www.sun.ac.za/wilgenhof vir meer inligting oor die reünie.**



1977

# LLB-KLAS HOU REÜNIE

*1977 se finale jaar LLB-klas het in Oktober verlede jaar hul 30 jaar reünie gehou. Uit 'n klas van sowat 85 het 52 oud-klasmaats van so ver as die VSA, die Filippyne en Australië na Stellenbosch gekom. Charl Theron, een van die organiseerders, vertel meer.*

*Die naweek het afgeskop met 'n gholfdag waar Erik Troost en Pat Gamble met die louere weggestap het. Later die aand is 'n dinee by die Lanzerac Hotel gehou met 'n ieder en elk nog baie trots op hul Fakulteit.*

*Saterdagoggend het prof Gerhard Lubbe, die huidige dekaan van die Fakulteit, 'n lesing aangebied oor veranderinge in die Fakulteit oor die afgelope 30 jaar, uitdagings en huidige suksesse.*

*Hierna het prof Andreas van Wyk oor "Corporate Governance" gepraat. Vyftig minute het verbygesnel en het dit gevoel of 30 jaar in die niet verdwyn het – met nie een "student" wat eers skalks na 'n horlosie loer nie - voorwaar die hoogtepunt van die naweek.*

*Die Ou Hoofgebou het sommer van vooraf weer 'n benoudigheid in 'n mens se gemoed gebring met elkeen wat goed sou kon herleef wat hulle aangehad het vir prof AB se eerste Romeinse Reg mondeling!*

*Hierna was dit Beyerskloof toe vir 'n ontspanne middagete en later die middag, by die Bottelary Hills Wynsentrum, was Solly de Wit se roerende weergawe van "My Nooientjie Lief in die Moerbeiboom" met Simonsberg en Die Pieke in die agtergrond, werklik 'n belewenis wat mens tot trane gedryf het.*

*Die afsluitingsfunksie was 'n wonderlike snoekbraai by niemand anders nie as Johann Krige, klasmaat en baas van Kanonkop en daar is op die maat van lekker musiek jolig verkeer en laataand - met hartseer – van mekaar afskeid geneem.*

# VERPLEEGKUNDE HOU REÜNIE

**Op Saterdag 29 Maart 2008 is 'n baie gesellige reünie gehou vir oud-verpleegkunde studente wat gedurende die eerste tien jaar van die kursus se bestaan, van 1963 tot 1973, die graad in Verpleegkunde gedoen het. Connie Park vertel kortliks.**

Dit was 'n besondere voorreg en eer vir die dames om vir prof Isabel Hofmeyr, die eerste professor in Verpleegkunde aan die US, en ook Bettie Oberholzer van Aus in Namibië, een van die 1963-groep, teenwoordig te hê.

Die funksie is in Die Stal, langs die Danie Cravenstadion, gehou. Twee-en-sewentig dames het van sover as Windhoek, Polokwane, Pretoria en Port Elizabeth gekom om die vonkelwyn-ontbyt en pragtige sang van Willem en Louis van der Merwe te geniet. Daar is ook besluit om 'n boek met lewensskete, ou en nuwe foto's saam te stel.



*Agter is Marita Tröh (née Grasop), Noelene Gerritsen (née Meredeth), Marna Jacobs (née Janse van Rensburg), Rika Liebenburg (née Du Toit), Sonja Van Zyl (née Perold), Gillian Bartlett (née Swan), Ankie Boshoff (née Oelofse), Carin Conradie (née Du Plessis). Voor is Lorna Thomson (née Horne), prof Isabel Hofmeyer en Ezette Gericke (née Smuts).*

80

# DIE BTK HOU 80 JAAR REÜNIE



**Die BTK is vanjaar 80 jaar oud en te meet aan die sukses van die reünie wat onlangs gehou is, is dit nog steeds die mees dinamiese vereniging van die Universiteit. Maretha Steinmann was daar.**

'n Baie geslaagde reüniekamp is in die suidelike Sederberge oor die Paasnaweek gehou met sowat 200 deelnemers met ouderdomme wat gestrek het van 86 jaar tot 1 jaar.

Die naweek is begin met die blye weersien van ou vriende. Daar is berg geklim – die jonges met die huppel van die jeug in hul stap en die oues met stapstokke.

Behalwe hiervoor is daar in bergpoele geswem, gekuier om al die gesels van die jare in te haal nie, saans geëet en tot laat kampvuur gehou met baie pret, gelag en sang. Volgens BTK-tradisie is daar Vrydagaand 'n Paasoordenking en Sondag met dagbreek 'n Opstandingsdiens gehou.

Dit was goed om te sien dat nie net oud-lede van die BTK maar ook huidige lede teenwoordig was. In verskeie families was tot drie geslagte BTKners verteenwoordig.

Die volgende reünie word vir 2013 beplan terwyl kleiner byeenkomste van 10-jaar groepe intussen gereël sal word.

- **Oud BTKners wat nog nie van hulle laat hoor het nie word versoek om hulle adresse te stuur aan: Maretha Steinmann, tel 021 886 6043, sel 084 364 7788 of per e-pos aan dietersteinmann@sun.ac.za**



# MATIES ALUMNI WOON *wêreldwyd* REÜNIES BY

MatiesAlumni het vanjaar in verskeie wêreldstede bymekaargekom om weer op hoogte te kom van die nuutste ontwikkeling by hul Alma Mater. In die Verenigde Arabiese Emirate (Doebai), in Kanada (Toronto) en in die VSA (Los Angeles en San Francisco) was me Heidi October, Koördineerder: Alumni-verhoudingsbou, die geleentheidspreker. Nader tuis het die Rektor, prof Russel Botman, alumni in Namibië (Windhoek) toegespreek terwyl prof Tobie de Coning, Hoofdirekteur: Strategiese Inisiatiewe en Menslike Hulpbronne, die geleentheidspreker in Port Elizabeth was, en prof Magda Fourie, Viserektor: Onderrig, alumni tydens die Woordfees in Stellenbosch toegespreek het.



**DOEBAI**

Voor sit Richard Fleitman en Ben Grib. Agter hulle is Lize Bredell, Louis van Zyl, Miensie van Zyl, Barbara Fleitmann-Steenkamp, Winelle Gous, Tania de Swardt en Heidi October (US). Agter is Marius Bredell, Neil Rossouw, Werner Weber, Jacques Steenkamp, Walter Fleitmann, Werner Gous en Peter de Swardt.



**LOS ANGELES**

Japie van Zyl, Max Cohen, Anda & Samuel McMillan, Heidi October (US) en Kalfie van Zyl



**PORT ELIZABETH**

Voor is Johanna Geldenhuys, Joseph en Marian Nyarko, Lynn Damons en Enaleen Draai. Agter is prof Tobie de Coning (US) en Christopher Draai.



**TORONTO**

Heel voor sit Andries van der Merwe. Voor is Elanna Bester, Steve van der Merwe, Catherine Morrisey, Sheila van der Merwe en Susan Kroukamp. Agter hulle is Heidi October (US), Nydia van Dyk, Annamey van Zyl, Marna Stassen, Lizette van Zyl, Mari Ellmann en Franci van der Vyfer. Heel agter is Dewald van Dyk, Louis van Zyl, Chris Stassen, Cornelius van Zyl, Heinrich Ellmann, Martin van der Vyfer, Johan van Coller en Otini Kroukamp.



**SAN FRANCISCO**

Frank Keane, Maggie Visser, Pierre Joubert, Lydia Joubert, Lisa Steinman, Ronald du Preez, Stephan Thiel, Sonet van Zyl, Werner Dippenaar, Rita Dippenaar, Sinette Heys, Hennie Strydom, Anona Dutton, Mike Eglington en Carl Thom. Voor sit Ryan Duncan Anderson

# komendereünies

## Helshoogte beplan 35-jaar-reünie

Helshoogte vier vanjaar sy 35ste bestaansjaar van 8 - 10 Augustus. Dit beloof om 'n groot byeenkoms te wees, en voorbereidings is reeds in volle swang. Die reünie-fees is ekstra spesiaal aangesien Helshoogte se Jool-maat vir 2008, Minerva, ook hul 50-jaar-reünie in 2008 vier. "Geen moeite sal gespaar word nie, en die huidige hoenders sien daarna uit om die manne van gister 'n reünie-fees te bied waar herinneringe aan die dae van die verlede weer opgeroep gaan word," sê die organiseerders.

**Besonderhede is beskikbaar by Izak Moolman, koördineerder, by telefoonnommer 072 610 2670, of besoek die webtuiste by www.sun.ac.za/helshoogte. "Ons hoop om elke liewe ou hoender daar te sien."**

## Minerva word 50!

Die Minerva 50-jaar-reünie word vanaf 12 tot 14 September 2008 gehou. Registrasievorms en volledige inligting sal binnekort aan alle oud-Minervianers gestuur word. Maak asseblief seker dat die Oud-Minerva Bond (OMB) jou korrekte pos- en e-posadres het deur dit aan die Alumni-kantoor by alumni@sun.ac.za te stuur, of deur op www.matiesalumni.net te registreer waar jy self jou kontakbesonderhede kan nagaan en bywerk.

**Meer inligting sal ook deurlopend op die Minerva-webwerf, www.sun.ac.za/minerva, beskikbaar wees (klik op die OMB-knoppie aan die linkerkant van die tuisblad).**

## Irene hou reünie!

Irene-dameskoshuis nooi alle oud-Ireners hartlik uit na hul 45ste bestaansjaarviering op 6 September 2008. Indien jy nog geen e-pos van hulle ontvang het nie, stuur asseblief jou besonderhede na hkirene@sun.ac.za. "Ons wil graag ons databasis bywerk sodat jy nie enige verdere korrespondensie misloop nie! Verwag ook eersdaags 'n brief in die pos met 'n program van die reünie-feesvieringe," sê die organiseerders.

**Kontak Penny van der Bank by telefoonnommer 082 473 7173 of e-posadres hkirene@sun.ac.za, of besoek die webblad by www.sun.ac.za/irene vir meer inligting.**

## Nerina vier 40ste verjaarsdag in September

Nerina vier haar 40ste bestaansjaar in 2008 en hou reünie vanaf 12 tot 14 September 2008. Kom herleef Nerina-wees, student-wees en vrou-wees! Dit beloof om 'n onvergeetlike naweek te wees!

**Kontak Melinda Claasen by telefoonnommer 082 889 4313 of e-posadres nerina40@sun.ac.za vir meer inligting.**

## Sonop word 80 jaar oud

Sonop beplan 'n oggendfunksie vir 13 September 2008.

**Kontak Jean-Mare Theron by telefoonnommer 072 42 56 074 of e-posadres 14627159@sun.ac.za vir meer inligting.**

## Lydia reël reünienaweek

"Lydia-dames, kom keer vir 'n naweek terug na die hartjie van die ou Eikestad om Lydia se 55ste verjaarsdag te vier. Die Lydia 55 Reünie vind vanaf 12 tot 14 September 2008 plaas. Alle Oud-Lydianers word hartlik uitgenooi om in die koshuis te kom bly en weer saam Huisvergadering en Tuinparty te hou en goeie vriendinne se geselskap te geniet. Kom kyk ook na Lydia se nuwe regte Mooimeisiesfontein!" Die Reüniekomitee wil baie graag met oud-Lydianers kontak maak.

**Stuur jou nuutste kontakbesonderhede aan Mari Beukes by telefoonnommer 082 499 3042 of e-posadres 14841223@sun.ac.za.**

## Huis Visser-manne, laat hoor van julle!

Huis Visser beplan 'n reünie vir 2009 en vra dat oud-Vishuismanne van hulle laat hoor.


**Kontak die koshuis by telefoonnommer 021 886 5954 of stuur 'n e-pos na hkhuisv@sun.ac.za.**

## Kom kuier saam in George en Durban

Twee Alumni-funksies word in die volgende paar maande aangebied.


- Op Saterdag 20 September 2008 by die Fancourt Hotel in George, en
- Op Saterdag 18 Oktober 2008 by die Hilton Hotel in Durban

**Vir verdere inligting oor hierdie funksies, kontak me Wena van der Merwe by tel 021 808 4020 of per e-pos by wvdm@sun.ac.za**


PAUL ROOS GIMNASIUM/GYMNASIUM

U KEUSE VIR UITNEMENDHEID YOUR CENTRE OF EXCELLENCE




www.paulroos.co.za (oud-skoliere) www.paulroos.org.za (skoool) Foto: Nic de Jager



# MATIES *beste span* IN DIE LAND

Die Maties het hulself vanjaar opnuut bewys as die voorste voedingsbron van rugby in Suid-Afrika. Die gereelde SA Klubkampioene het nou nog 'n stukkie silwerware in die kas nadat hulle met die louere in die splinternuwe FNB Varsity Cup weggestap het.

Hierdie universiteite-rugbyreeks is vanjaar onder die bekwame leiding van Francois Pienaar geloods. Die agt voorste rugby-universiteite wat deelgeneem het, is Ikeys (Universiteit van Kaapstad), Tuks (Universiteit van Pretoria), Kovsies (Universiteit van die Vrystaat), Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit (NNMU), NWU-PUK (Noordwes-Universiteit), Maties, Universiteit van Johannesburg en die Tshwane Universiteit van Tegnologie (TUT).

Die doel van hierdie toernooi is om universiteite-rugby te bevorder. Om hierdie rede is die wedstryde meesal op Maandagaande gespeel en op TV uitgesaai.

Die slagspreuk vir die reeks was "Rugby that rocks" en die eerste wedstryd het reeds bewys dat hierdie tema nommerpas sou wees. Maties en Tuks het in 'n aanskoulike wedstryd in die Danie Cravenstadion met 31 elk gelykop gespeel. Die tuisspan was met tien minute se oorblywende speeltyd 31 - 10 voor, maar die Tukkies het verbete teruggeveg en die gelykmakende drie ná die sirene gedruk.

Ná afloop van die groepfase was die verrassing in die reeks, Ikeys, boaan die punteleer nadat hulle al sewe hul wedstryde gewen het. Maties was tweede gevolg deur Tuks en Pukke. Ikeys het met die Pukke in Kaapstad afgereken terwyl Maties hul halfeindstryd in bykomende tyd gewen het, nadat hulle weereens met Tuks gelykop gespeel het (die keer 41 - 41).

Volgens die reëls van die kompetisie moes die eindstryd op 'n Maandagaand plaasvind. Daar is egter bepaal dat Ikeys se spreiligte nie goed genoeg was vir televisiedoeleindes nie en Stellenbosch is gevra om die eindstryd aan te bied.

Voor die eindstryd was Pienaar reeds in sy noppies met die sukses van die toernooi. "Daar was baie drieë, naelbyt-wedstryde en kwaliteit rugby. Dit was beslis 'Rugby that Rocks'." Ná die eindstryd sou hy en die borge nog meer tevrede wees.

In nog 'n innoverende stap is witkaarte vir die eerste keer in gebruik geneem (wat 'n kaptein die geleentheid gee om een keer per helfte die skeidsregter se besluit te bevraagteken) en dit het dadelik 'n impak gemaak. Die Ikeys-kaptein het sy kaart ingespan nadat Maties 'n "drie" gedruk het en die besluit is omgekeer nadat die TV-skeidsregter bepaal het dat die Maroentruie oortree het.

Maties kon egter laaste lag. Met amptelike speeltyd verstreke in die volgepakte stadium was daar 'n skrum op die besoekers se doellyn. Die Ikeys moes bloot die bal uitskop om te wen (die telling was 10 - 9 in hul guns) - dit nadat die Maties gelyk het of hulle hul laaste kans gehad het deur sentimeters voor die doellyn die bal te verloor. Die Ikeys se agsteman en kaptein, Jonathan Gagiano, het die bal opgetel en vorentoe gebeur. Die Maroentruie was egter blitsig by en die skeidsregter het bepaal dat hy te lank aan die bal geklou het. Maties het 'n tikskoppie geneem en ná 'n paar fases die bal wyd gegooi waar regtervleuel, Morné Jooste, oorgeval het vir die wendrie en die skare letterlik mal gegaan het.

Maties wen die FNB Varsity Cup 16 - 10.

- **FNB Maties het intussen vir 'n ongeëwenaarde dertiende keer agtereenvolgens vir die Nasionale Klubkampioenskappe gekwalifiseer deur die Groot Uitdaagbeker te wen.**

# NOG RUGBYNUUS

## SPRINGBOKKE OEFEN IN STELLENBOSCH

Die Springbok-sewesspan het einde verlede jaar permanent kamp opgeslaan hier in Stellenbosch en dit blyk nou dat Peter de Villiers dié voorbeeld wil navolg. Die Springbokke het van hul oefenkampe voor die toetse teen Wallis in die Danie Cravenstadion gehou. Vir Springbokstaatmakers soos Jean de Villiers en Schalk Burger was dit beslis nie 'n nuwigheid om op Stellenbosch rugby te speel nie.





*OP DIE FOTO BO: Peter de Villiers tussen die Matiesspelers wat aan die oefenkamp deelgeneem het. Hier is hy saam met Schalk Brits, Peter Grant, Schalk Burger, Jean de Villiers en Brian Mujati. Grant het verlede jaar die Maties se 165ste Springbok geword.*

## DAGBREEK IS BESTE RUGBYKOSHUIS IN SUID-AFRIKA

"Alles vir die huis." Hierdie is 'n gesegde wat enige koshuisinwoner (oud- of huidige) goed sal ken. Koshuistrots is naas nasietrots iets om voor te veg. Die Matie manskoshuis, Dagbreek (ook die huidige Sauerwenners), het beslis hul koshuis en hul universiteit trots gemaak toe hulle in George gekroon is as die beste koshuisspan in die land.

Hierdie toernooi het deel uitgemaak van die FNB Varsity Cup. Die manne van Dagbreek het Kovsies se Armentum in die eerste wedstryd geklop. Hierna het hulle Drommedaris van die Universiteit van Johannesburg met 37 - 3 vermorsel en sodoende hul plek in die eindstryd bespreek. Hier het hulle teen Tuks se Maroela te staan gekom. Voor dié stryd was Maroela in 22 agtereenvolgende wedstryde onoorwonne, maar die Stellenbossers het hierdie lopie beëindig.

Dagbreek wen die eindstryd 22 - 14 om as die Nasionale Koshuiskampioene gekroon te word.

## EERSTEJAARSTOERNOOI

Libertas se nuwes het Helshoogte se stertvere gepluk in die eindstryd van die jaarlikse Eerstejaarsrugbytoernooi deur 17 - 12 te wen. Die rustydtelling was 12 - 0 in Libertas se guns. Pieke het aan die einde van die aand met die geesbeker weggestap vir verdere PSO-trots.

# athletics



Maties' Hilton Langenhoven



Johann du Plessis

Friday 8 February saw all the Matie first-years come together to run, jump and throw in the name of their residence at the Absa First-Years' Athletics Meeting. Helderberg and ISA were crowned this year's winners.

Of course all students know that this annual event is as much about residence pride and the support from the stands as it is about the action on the track itself. Therefore Simonsberg and Nerina were the proud (and deserving) winners of the "Gees" trophy for 2008.

The Nedbank National Championship for the Physically Disabled was also held at Coetzenburg during the March holidays. Gold was the colour of choice for quite a few of the local athletes, but the highlight of the track and field events was Fanie van der Merwe's 100 m world record-beating time of 11,66 seconds in his T37 category. Twenty three members of the Maties/Helderberg Sports Club for the Disabled were included in the WP Team, a rare accomplishment for any club.

The Maties who made the elite SA training squad for Beijing are the cyclists Roxanne Burn, Janos Plekker and Riaan Nel, and athletes Fanie van der Merwe, Ilse Heyes, Hilton Langenhoven, Arnu Fourie and Krige Schabort. Ernst van Dyk was also included for both hand-cycling and the wheelchair marathon.

Ms Corné Rossouw, head of the event's organising committee, praised Stellenbosch University: "[The support of] the University is an example of its willingness to use opportunities given to the University to benefit the wider South African community."

- Further athletics news is that Matie alumnus Ernst van Dyk won the Boston Marathon (wheel chair category) for a record seventh time. This feat came shortly after Van Dyk set a new record in the hand-cycling section of the Cape Argus Cycle Tour earlier this year.
- In another rare feat, Maties athlete Wilhelm vd Vyver broke the 100m Junior Men's Record set by Leigh Julius in 2004. He also broke his own brother, Marthinus van der Vyver's Boland Junior record of 10.48. Wilhelm's time in the semi-finals of the 100m Junior Men at the 2008 SA Youth and Junior Championships in Pretoria is the 3rd fastest time in the world ran by a junior in 2008.

## VLIEËNDE DOMINEE DOEN DIT WEER

Johann du Plessis, 'n student wat sy meestersgraad in Teologie doen, het onlangs die agste keer agtereenvolgens sy paalspringtitel tydens die SA studente kampioenskappe te Pretoria verdedig. Volgens wat vasgestel kan word, is dit die eerste keer dat enige atleet in enige atletiek dissipline dit kon regkry.

Op nasionale vlak het hy 'n ewe indrukwekkende rekord in die ope Senior afdeling, waar hy 5 keer die bronsmedalje ontvang het teen sy oefenmaats Okkert Brits en Fanie Jacobs - albei internasionale sterre.

Johan hou die pot aan die kook deur gereeld as "waaghals" op te tree tydens die verfilming van plaaslike en internasionale films.



Michelle le Roux, wenner van die Tennisnuwelinge-toernooi

## TENNIS

Maties se jaarlikse Tennisnuwelingetoernooi het groot belangstelling gelok met 28 mans en 25 vroue wat om die titel Nuweling van die Jaar meegeding het. Eindelik het Brad Williams (mans) en Michelle le Roux (vroue) as algehele wenners van die baan gestap.



Kaizer Chiefs het vroeer vanjaar 'n oefenkamp in Stellenbosch kom hou

## SOKKER

Die SA 0.19-kaptein, Tauriq Brown, het besluit om begin vanjaar sy gewig by die Maties in te gooi. Hierdie belowende jong sokkerspeler het reeds aanbiedinge van beroepspanne soos Santos en Black Leopards ontvang, maar die geleentheid om te studeer en steeds sy passie uit te leef het hom laat besluit om eerder Stellenbosch toe te kom.

Matiespelers kon onlangs ook daarmee spog dat die hoogstaande gehalte van hul oefengeriewe die bekende Suid-Afrikaanse klubspan Kaizer Chiefs laat besluit het om hul vroeëseisoen-oefenkamp by die US te hou.

## JUDO



*Matie Judokas! Hier is die broers Sewis en Werner van Zyl, Candice Appollis (Spanbestuurder), Jan Olivier (Afrigter), en Stefan Pfeffer*

Die Matie-judospan het die haas onmoontlike reggekry deur die USSA (inter-universiteite) se judo-trofee vir die sewende agtereenvolgende jaar huis toe te bring.

Marelize Hanekom, Sewis van Zyl, Werner van Zyl, Stefan Pfeffer en Paul Young het almal goue medaljes in hul onderskeie gewigskategorieë behaal.

Maties se sukses is verder gevoer deurdat hul afrigter van amper 40 jaar, Jan Olivier, as USSA-Judo se hoofafrigter aangestel is, terwyl Candice Appollis tot spanbestuurder gekies is. Die twee Van Zyl-broers is ook saam met hul derde broer (Jurg, 'n Maties-Alumnus) as Speler(s) van die Toernooi aangewys.



## CYCLING

The GT Maties Cycling Club had a busy time in the first semester. Six members of the Maties team took part in the five-day MTN Giro del Capo bike race. Stage four of this race saw the riders taking on Helshoogte Pass in Stellenbosch. Erik Kleinhans and Johnny Kritzinger eventually finished 64th and 70th respectively.

Not even a month later the students entered one of the toughest mountain bike races in the world, the Absa Cape Epic. Kleinhans, teaming up with UCT rider Oliver Munnik, did Maties proud by claiming 12th place overall, whilst CM Muller and his partner finished 24th.

The Maties Cycling Club also played host to the SA Student Cycling Champs that took place in Stellenbosch at the end of June. At the time of going to press both the men's team and the ladies' team were strong contenders for overall glory.

Meanwhile Johnny Kritzinger was bestowed the honour of representing the SA Student Team at the World Student Champs in the Netherlands at the end of March.

*PHOTO LEFT: Erik Kleinhans (in front) and Oliver Munnik took part in the Cape Epic. (Photo: Neil Gardiner)*

## ROWING

The Maties rowing team finished fifth at the annual SASSU sprints. The men managed two gold medals in the C-division category races (sculls and coxed IVs), as well as silver in the A-division men's VIII. Keegan Ackerman (cox), Adam Pickard and Brian Malcomess were also selected for the Grudge crew, which represents the top sixteen male rowers in the entire competition.



*(Foto: Die Matie)*



*US Krieketorganiseerder André du Toit en Roger Telemachus*

## krieket

KRIEKETSUKSES: Daniel Childs het die SA o.19-span by die Wêreldbeker in Maleisië verteenwoordig en Maties Krieketklub het met sukses 'n internasionale toernooi aangebied. Suid-Afrika se vrouespan het die Wêreldbeker- Kwalifiserende Toernooi hier op Coetzenburg gemaklik gewen en sodoende vir aanstaande jaar se Wêreldbeker in Engeland in aanmerking gekom.

**• Intussen het die Klub bekendgemaak dat Roger Telemachus, wat onlangs nog vir Suid-Afrika gespeel het, as speler en afrigter vir die 2008/2009 seisoen aangewys is. Telemachus, self 'n voormalige Maties speler, neem die leisels by mnr Omar Henry oor wat 'n pos by Boland Krieket opgeneem het. Telemachus het 78 eersteklas wedstryde en 37 eendag internasionale wedstryde vir Suid-Afrika gedurende sy 13-jaar lange loopbaan gespeel.**



## NETBAL

*Stellenbosch is weereens aan die voorpunt van innovasie en ontwikkeling op sportgebied. Die Maties-Netbalklub het vanjaar in samewerking met Ultimate Coaching die Maties-Netbalinstituut gestig.*

*Hierdie projek, wat daarop gemik is om die gehalte van netbal in SA te verhoog deur individuele aandag aan spelers se vaardighede en beweging te skenk, is die geesteskind van die Matie-afrigter Francois Nel. Die instituut stel almal in die visier – van beginners tot internasionale spelers.*

*Die SA Merietetoernooi het ook plaasgevind en soos verwag het die Boland Merietespan hoofsaaklik uit Maties bestaan. Hulle is Aletta Esterhuyse, Zaandré Theron, Zsa-Zsa Temmers, Claudia Basson, Anja Zandberg, Leanie Kleynhans, Toschca Ferreira en Michelle Segal.*

***• Intussen het Heemstede met Sonop klaargespeel om as 2008 se Somerliga-kampioene gekroon te word. Die rustydtelling was 5 – 3 vir Sonop, maar Heemstede het die tweede skof oorheers en eindelik met 11 – 8 gewen.***

*OP DIE FOTO BO: Vanjaar se Somerliga-kampioene is Heemstede.*



*Photo: Jessica Pengelly (Photo: Gerhard Steenkamp)*

## SWIMMING

At the Samsung Grand Prix at UWC, 16-year-old Jessica Pengelly set a new SA record in the 400m medley on course to qualifying for the Olympics. The Matie swimmer secured her seat on the plane to Beijing when she also won the 200m and 400 m medley at the National Champs and Olympic trails in Durban a few weeks later.



*Tarryn Bright*

## HOCKEY

Ten Maties will represent South Africa at the Olympics later this year. A mix of youth and experience sees nine women and 1 man in the 16 man squads. Matie coaches Jenny King and Kurt Cerfontyne are also included as women's coach and men's assistant coach respectively.

On the residence front, Steinhoff International Heemstede were crowned the women's Summer League champions, after seeing off Nerina in the final, whilst Steinhoff International Wilgenhof were named winners in the men's division.

## WATERPOLO

UCT found out first-hand just how far water polo at SU had come over the last few years, when Maties comprehensively upstaged them in an intervarsity encounter at the Coetzenburg swimming pool. All six Stellenbosch sides tasted success, with the Maties men's first team winning 13 – 7 and the women's first team claiming a 5 – 3 victory.

## ONDERWATERHOKKIE

Maties se A-span vir mans-onderwaterhokkie is die afgelope Desember vir die tweede agtereenvolgende jaar as Suid-Afrika se voorste klubspan gekroon. Maties se afrigter, Jimmy Herbert, is ook aangewys as tegniese adviseur vir die SA span by die 2008-wêreldkampioenskapsbyeenkoms in Durban, terwyl die Matie-kaptein, Brent Borstlap, die span sal lei.

**Mr DA (Don) Alborough** of Pietermaritzburg (64). Obtained the degree BSc Forestry (1968). He worked for among others Mondi and for the New Forests Company as General Manager: Uganda.

**Dr PA (Dassie) Badenhorst** van Namibië (67). Verwerf die grade MB ChB (1967) en DBG (1986).

**Mev JM (Hanlie) Badenhorst (née Bester)** van Menlopark (90). Oud-inwoner van Huis ten Bosch. Verwerf die grade BA (1938) en SOD (1939).

**Mnr JD (John) Basson** van Baillie Park (84). Verwerf die grade BSc(1942) en MSc 1944. Verbonde aan die Departement van Landbou en vestig 'n bedryfsentrum vir kleingrane op Bethlehem.

**Mnr GAJ (Gert) Basson** van Hatfield (64). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BSc BIng (967). Hy was die afgelope 22 jaar werksaam by die Universiteit van Pretoria se Departement Konstruksie Ekonomie. Hy was aktief betrokke die opstel van verskeie standaard dokumente in die boubedryf. Hy was ook lid van verskeie professionele rade.

**Mev ME (Mari) Bester (née Roux)** van Alice (63). Oud-inwoner van Sonop en Harmonie. Verwerf die grade BA (MW) in 1968 HDB (1977).

**Mnr GJ (Gareth) Bradbury** van Kaapstad (36). Oud-inwoner van Simonsberg en Voorsitter van die Studenteraad in 1996. Verwerf die grade BA (1993) en LLB (1995). Hy was 'n prokureur in Kaapstad en ook bekend in krieketkringe.

**Mnr B (Bernard) Broens** van Ridgeworth (24). Oud-inwoner van Pieke. Verwerf die grade BSc (2004) Hons BSc (2006,2007).

**Mev MC (Emcy) Cillie (née Louw)** van Stellenbosch (83). Oud-inwoner van Huis de Villiers. Verwerf die grade BA (1946) en DH (1943). Bekend as blomliefhebber en -handelaar en ook aktief in die eiendomswese.

**Me M (Marieta) Combrink** van Reivilo (57). Oud-inwoner van Huis MacDonald en Lydia. Verwerf die grade BEd (1990) en SOD (1972). Was lank Engels-onderwyseres in die Wes-Kaap en Noordwes provinsies.

**Mnr CP (Christo ) Conradie** van Worcester (71). Verwerf die graad DSOK (1963). Hy was jare lank werksaam by Pionierskool in Worcester.

**Regter MM (Michael) Corbett** van Constantia (84). Ontvang 'n eregraad van die Universiteit in 1996.

**Mnr CJ (Cornelis) de Jager** van Pietermaritzburg (88). Verwerf die grade BSc (1941) en SOD (1942). Onderwyser aan die Rondebosch Hoërskool en ook Adjunkhoof. Hy het verskeie wiskunde handboeke geskryf en stigter van die Vereniging vir Wiskunde Opvoeders van Suid-Afrika.

**Mnr JHJ (Kobus) de Swardt** Vryheid (79). Verwerf die grade BSc Ing Landbou 1948. Bees- en wildboer van Magudu-Pongola in die Noorde van Kwazulu-Natal.

**Prof JL (Lötter) de Wit van Stellenbosch (79).** Was lank dosent in Biochemie en ook later Hoof van die Departement Biochemie.

**Mnr HA (Hendrik) Diedericks** van Brackenfell (50). Oud-inwoner van Aurora. Verwerf die grade BA (1978), HOD (Sek Nag) (1979), HonsBA (1980) en MA (1998).

**Mr JO (Joao) Dos Santos** of Darling (62). Recipient of A Vice-Chancellor's Award from the University. Taught piano at the Windhoek Conservatoire, later becoming senior lecturer and then acting head of the department. From 1982 to 1989 he was orchestral librarian and assistant manager of the Cape Town Symphony Orchestra. An accomplished and respected pianist.

**Mev AA (Alexandra) Du Plessis (née Roux)** van Melkbosstrand (58). Verwerf die grade HonsBA (1981) en MA (1986). Sy het die afgelope 18 jaar in Melkbosstrand as Maatskaplike Werker gepraktiseer.

**Ds HML (Louis) du Toit** van die Strand (85). Verwerf die grade BA (1941) en SOD (1961).

**Dr OCO (Ockert) Erasmus** van Kleinmond (76). Verwerf die grade Hons BA en MA (1962).

**Mnr PT (Pieter ) Ferreira** van George (73). Verwerf die graad BA (1959).

**Mej ME (Margaret) Fogarty** van Muizenberg (62). Verwerf die graad MPhil (2004).

**Dr TE (Douw) Fonternel** van Brandhof (77). Verwerf die graad MMed (1962).

**Prof DG (Daniel) Franzsen** van Stellenbosch (90). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BA (1938), MA (1939) en DPhil (1942). Maak oor 'n periode van 50 jaar 'n besondere bydrae tot die vak Ekonomie en ekonomiese beleidsformulering. Was gevierde akademikus aan die US waar hy op 28-jarige ouderdom as professor en later as Hoof van die Departement Ekonomie aangestel word. Hy was 'n Visepresident van die Suid-Afrikaanse Reserwebank en Ekonomiese Adviseur van die Ministerie van Finansies. Hy lewer 'n groot getal vakwetenskaplike artikels en skyf die eerste Afrikaanse handboek in ekonomie (*Ekonomie – 'n inleidende studie*).

**Mnr JN (Johannes) Hamman** van Stellenbosch (44). Verwerf die grade BA (1985), LLB (1987) en LLM (1993). Was bekend in grondhervormingskringe. Hy is die stigter van die Centre for Rural Legal Studies Hy stig ook die konsultasiefirma Hamman & Schumann Consulting CC.

**Mnr CC (Conrad) Hartman** van Randburg (83). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BSc (1945) en BSc Ing (1947).

**Mev AM (Anita ) Henning (née Van Tonder)** van Panorama Landgoed (71). Oud-inwoner van Sonop. Verwerf die graad DOSK (1960).

**Dr D (Douglas) Hey** van Pinelands (93). Verwerf die grade MSc (1938) en DSc (1940). In 1942 aangestel as direkteur van binnelandse vissery en later as Kaapse direkteur van natuurbewaring. Help met die vestiging van 'n graad in natuurbewaring by die Departement Bosbou aan die US. Ontvang die Staatspresidentsmedalje en ereburgerskap van die Kaapse stadsraad. Skryf ses boeke waaronder *Handboek vir Natuurbewaring* in 1962 en *Wildlife Heritage* in 1966.

**Mev R (Ronelle) Janse van Rensburg (née De Kock)** van Hermanus (59). Oud-inwoner van Nerina. Verwerf die graad ODLO (1969).

**Lt Kol CP (Christo ) Jonker** van Saldanha (72). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BSc (1956), Hons BSc (1958), SOD 1958 en BEd (1970). Was dosent in Fisika aan die Fakulteit Krygskunde, Saldanha (1960 tot 1993).

**Mnr S (Stephanus) Joubert** van Somerset Wes (77). Verwerf die grade BSc Landbou (1954).

**Mev AB (Anita) Joubert (née Prinsloo)** van Somerset Wes (75). Verwerf die graad BA (MW) (1954).

**Mnr AP (Andrew) Kenny** van Worcester (52). Oud-inwoner van Pieke en Oude Molen. Verwerf die grade BA (1976), HOD (1976) en BEd (1981).

**Mnr IP (Ivan) Kirsten** van Despatch (75). Oud-inwoner van Simonsberg. Verwerf die graad BA (1960).

**Dr PGJ (Pieter) Koornhof** van Stellenbosch (82). Verwerf die graad BA (1947). Voormalige kabinetsminister en ambassadeur.

**Mnr HT (Hermanus) Kriel** van Montagu (84). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BA (1945) en SOD (1946).

**Mnr JH (Johannes) Loots** van Kaapstad (56). Oud-inwoner van Huis Marais. Verwerf die graad BA (1976). Hy was 'n strafsaakprokureur in Kaapstad.

**Mnr JP (Joachim) Louw** van Porterville 70). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BSc in Landbou (1957).

**Mnr EDW (Cornelius) Meyer** van Stellenbosch (60). Was verbonde aan die Universiteit Stellenbosch Risiko- en Beskermingsdienste.

**Ds CJ (Ernst) Meyer** van Vredenburg (68). Oud-inwoner van Oude Molen. Verwerf die grade BA (1975), BTh (1978) en LisTeol (1979).

**Prof GW (Garth) Milne** van Stellenbosch (59). Verwerf die grade MIng (1973). Werk by WNNR en Kentron en word later by die US aangestel is as Professor in Satellietstelsels. Nou betrokke by die ontwikkeling van Afrika se eerste satelliet, SUNSAT.

**Dr JG (Japie) Möhr** van The Crags (72). Verwerf die grade BSc (1955) en MSc (1958).

**Mev MC (Dalene) Muller (née Bester)** van Tamboerkloof (60). Oud-inwoner van Heemstede en Huis de Villiers. Verwerf die graad BA 1968. Bekroonde taalkenner, skrywer en joernalis. Ten tye van haar dood was sy hoofsubredakteur by *Huisgenoot*. Sy skyf onder meer *Skryf Afrikaans van A tot Z* en ontvang in 2006 die ATKV se Woordwystoekenning.

**Mnr JH (Jan) Neethling** van Kent-on-Sea (93). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BA (1936) en SOD (1938).

**Mev M (Mikie) Nortje (née Van Zyl)** van Strand (77). Verwerf die grade BA (1951) en SOD (1952).

**Mev JE (Johanna) Oberholzer (née de Villiers)** van Stellenbosch (81). Verwerf die graad BA (MW) (1947). Die suster van 'n voormalige rektor, prof Jannie de Villiers. Werk as Maatskaplike Werker by die ACVV, die Johannesburgse Munisipaliteit en die Nasionale Raad van Kinder- en Gesinsorg (Direkteur tussen 1987 en 1993). Inisieer Rooineusdag en Speelgoed vir Kleingoed.

**Prof CJ (Christiaan) Orffer** van Moorreesburg (82). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die grade BSc In Landbou (1947) en MSc Agric (1955). Werk onder meer as professor in wynbou en wingerdbou aan die US. Sy navorsing lewer drie nuwe wynkultivars op naamlik Roobernet, Chenel en Nouvelle. Stigterslid van leier van die SA Vereniging van Wynkunde en Wynbou en speel 'n belangrike rol in die Wingerd- en Wynbounavorsingsinstituut.

**Dr DP (Donald) Parkin** van Paarl (66). Verwerf die grade BSc (1967), MB ChB (1975), HonsBSc Geneesk Wet (1970) en PhD (1996). Internasionaal bekend vir sy werk op Tuberkulose. Senior Spesialis en Hoof van Toksikologie aan die US se Fakulteit Gesondheidswetenskappe. Publiseer in talle internasionale prestige vakjoernale. Word in 2002 as die Internasionale Wetenskaplike van die Jaar deur die International Biographical Centre of Cambridge aangewys.

**Mnr JL (Jurgens) Potgieter** van Somerset Wes (52). Oud-inwoner van Majuba. Verwerf die graad BIng (1981).

**Mnr WFVC (Willem) Reyneke van Randburg** (83). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die graad BSc (1943). Werk by SASOL, word hoofbestuurder van Natref en later hoofbestuurder van Sasol 1, Sasolburg.

**Mev AD (Andrietta) Rossouw (née Oosthuizen)** van Wellington (74). Verwerf die graad BA (1954).

**Dr AL (Alwyn) Schlebusch** van Lynnwoodrif (90). Oud-inwoner van Dagbreek. Hy is 'n voormalige speaker, kabinetsminister en Adjunkpresident in die vorige regering. Hy is ook 'n oudkanselier van die Universiteit van Pretoria en ontvang 'n eregraad van die US in 1985.

**Mev AM (Annie) Schumann (née Van Niekerk)** van Somerset Wes (90). Oud-inwoner van Monica. Verwerf die grade BA (1938) en SOD (1939).

**Mnr WD (Willem) Simpson** van Robertson (78). Verwerf die grade BA (1953), Hons BA (1960), BEd (1959) en MEd (1960). Onderwyser op Koringberg en Grabouw en later skoolhoof in Brackenfell.

**Mev Y (Yvonne) Simpson (née Van De Merwe)** van Strand (97). Verwerf die grade BSc HuisH (Voedsel) (1933) en SOD (Nagraads) (1934).

**Mev ESA (Elsa) Slabber (née Kleynhans)** van Die Wilgers (58). Oud-inwoner van Nerina. Verwerf die graad ODHN.

**Dr LM (Lafras) Steyn** of Newlands (56). Former resident of Libertas and Hippokrates. Obtained the degrees BSc (1971) and MB ChB (1976). Professor of Medical Microbiology and Head of the Department of Clinical Laboratory Science and of the School of Biomedical Sciences at the University of Cape Town. He was also instrumental in the formation of the National Health Laboratory Service.

**Mev L (Laetitia) Steytler (née Van Der Merwe)** van Bellville (70). Oud-inwoner van Huis de Villiers. Verwerf die graad BA (1958).

**Prof JG (Jan) Steytler** van Bellville (80). Verwerf die grade BSc (1949), MD (1962) en MD (1969).

**Mev A (Anna ) Strauss (née Malan)** van Milnerton (80). Oud-inwoner van Harmonie. Verwerf die graad BA (1944).

**Ds JP (Joz) Theron** van Port Elizabeth (87). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die grade BA (1941) en MA (1945).

**Mnr RH (Tom) Thomashoff** van Menlopark (77). Verwerf die grade Hons BB en A (1970) en MBA (1974).

**Mev HM (Hildegard) Toerien (née Donald)** van Stellenbosch (86). Verwerf die grade BA (1941) en SOD (1942).

**Dr EB (Eddie) van der Riet** van Milnerton (29). Oud-inwoner van Hippokrates en Huis Marais. Verwerf die graad MB ChB (2001).

**Prof GZ (George) van der Spuy** van Somerset Wes (89). Verwerf die grade BMus (1944), MMus (1952), ODMS (1938), Sert in Koorleiding (1944). Was bekend as een van die veelsydigste musici in Suid-Afrika. Hy was Direkteur van die US Musiek Konservatorium, wêreldwyd bekend as vir sy sang-onderrig en baie geliefd onder sy studente.

**Mnr CE (Clement) van der Walt** van Strand (71). Verwerf die grade BSC B Ing. 1960.

**Mnr HP (Hendrik) van Heerden** van George (86). Verwerf die grade BSc in Landbou (1943) en MScAgric (1945). Kaptein van die Maties Atletiekspan van 1945-1947. Boer in Kenia en word later Hoof van die Hoof van Plant en Plaagbeheer in Stellenbosch. .

**Regter HJO (Hennie) van Heerden** van Nuweland (76). Verwerf die grade BA (1951) en LLB (1953). Was Appélregter.

**Mnr LJP (Vicus)** van Niekerk van Stellenbosch (81). Oud-inwoner van Wilgenhof en Aurora. Verwerf die grade BCom (1947) en Hons BCom (1967).

**Ds JF (Jan) Viljoen** van Fernglen (78). Oud-inwoner van Huis Visser en dien as primarius. Hy was 'n lid van die Studenteraad en die Universiteitskoor. Verwerf die grade BA (1949) en HonsBA (1960). Bedien verskeie gemeentes en dien onder meer in die algemene sinode se Eredienskommissie. Hy was die voorsitter van verskeie skole se beheerliggame en van die Afrikaanse Opvoedingsfonds.

**Mev M (Martha) Viljoen (née Kühn)** van Prieska (85). Oud-inwoner van Huis ten Bosch. Verwerf die graad BA (1945).

**Mev MM (Deleen) Visagie (née Esterhuysen)** van Elarduspark (77). Verwerf die grade BSc (1942) en SOD (1943).

**Mnr JHB (Johannes) Visagie** van Elarduspark (75). Verwerf die grade BA (1944), SOD (1945), MA (1947) en BEd (1959).

**Dr MC (Mariana) Visser** van Bellville (49). Verwerf die graad MB CHB (1982).

**Regter W (Werner) Vivier** van Bloemfontein (73). Verwerf die grade BA (1953) en LLB (1955). Het tydens sy jare op die Kaapse Balie ook Burgerlike Prosesreg by US gegee. Is later aangestel as regter by die Kaapse Hooggeregshof en nog later as Appèlregter in Bloemfontein.

**Mev H (Hazel) Voster (née Hodgson)** van Hermanus (84). Oud-inwoner van Aurora en Aristea. Verwerf die graad BA (1977).

**Mnr EF (Ernst) Wepener** van Umtentweni (66). Verwerf die graad BCom (1962).

**Mev C (Carin) Williams Marais** van Tygerberg (35). Oud-inwoner van Nerina. Verwerf die graad BSc Huishoudkunde(Ed) (1995).

**Mnr JP (JP) Zeeman** van Die Wilgers (78). Verwerf die grade BSc Ing (1952).

**NOTA: Matieland huldig graag oudstudente wat oorlede is, maar benodig sover moontlik volledige inligting. Dit sluit in volle name, van (en nooiensvan indien van toepassing), geboortedatum, datum waarop persoon oorlede is, grade behaal aan die US (of ander verbintenis, bv. ontvangers van eregrade wat nie hier studente was nie) en 'n kort beskrywing van die persoon se beroepslewe. Foto's is ook welkom, maar plasing hiervan hang af van die hoeveelheid spasie wat beskikbaar is.**

**Stuur asb die inligting na me Malena Fourie van die Alumni-kantoor by tel (021) 808 4843, faks (021) 808 3026 of per e-pos by alumni@sun.ac.za.**

Die meer as 90 000 Maties-Alumni verteenwoordig soveel verskillende geslagte en stadiums van die lewe: sommige het pas afgestudeer en trap die wêreld plat op soek na avontuur, sommige bou ernstig aan 'n loopbaan en talle geniet reeds hul aftrede. Vir sommiges, soos ek, is die verskillende fases van ouerskap 'n daaglikse uitdaging – net toe ek dink ek het die fase van pajama drills oorleef, toe tref kinder-partytjies my...

# Pasop vir kinderpartytjies!

Met twee seuns onder ses jaar oud kry ek dus 'n stewige dosis kinderpartytjies in. Behalwe vir ons eie pogings (onlangs was dit onderskeidelik seerowers en treine) was ons die afgelope tyd by Superman, Spiderman, Woody van Toy Story en 'n rits ander superhelde en animasiekarakters se partytjies.

Ek weet waarvan ek praat as ek sê dat kinder-partytjies senutergend kan raak en verskeie uitdagings vir die ouers van partytjiegangers inhou.

Enkeles hiervan is die koste van die geskenk (wee jou as jy dit waag om 'n goedkoop Oosterse weergawe teen 10% van die prys voor te stel); petrolkostes en jou kinders se aanmerkings oor jou kar.

Omdat die organiseerders van partytjies nie altyd die sportalmanak vóór die uitstuur van die uitnodigings raadpleeg nie, maak dit dat mans gewoonlik in die minderheid is by kinderpartytjies. As dit die dag húlle beurt is om die kinders te vat, kan dit 'n rowwe storie raak! Hier is enkele waarnemings en voorstelle vir die pa's onder ons.

- Dress op. Jou "World's Best Lover"-grassny-T-hemp en tekkies gaan nie deug nie.
- Maak seker jy het 'n plan van aksie om die kinders skoon en aangetrek volgens die tema in die kar te kry.
- Glipsies gebeur. Pak ekstra klere in (ook vir die kinders).
- Moenie na ander kinders se bakore of sproete verwys as jy nie 100% seker is wie se kind is wie s'n nie - alle partytjies het ingewikkelde familiebande.
- Maak vooraf seker hoe oud jou kinders is, wat hul gewig en Apgar-telling by geboorte was, wat hul kleuterskooljuffrouens se name is, of hulle eerste woord "mamma", "pappa" of "nee" was en wanneer hulle leer loop het. (Hier is dit nie voldoende om te sê "so in die tweede jaar" nie. Jy moet weet of dit op 11, 12, 13 of 14 maande was). Hierdie tipe inligting kom handig te pas as jy (moontlik die enigste man daar) jou dalk per ongeluk tussen die mammas bevind. Dan moet jy hierdie basics weet - die mammas gáán jou vra.

Verder is posisionering baie belangrik. Vermy die koektafel (jy word dalk gevra om "Veels geluk liewe maatjie" in te sit), onbewaakte tuinslange, die rante van swembaddens en die kombuis. Braai-areas kan ook gevaarlik wees omdat die verjaardagmaatjie se pappa dalk twee Supermans van die dak af moet gaan red en jy vir 'n onbepaalde tyd die braaiwerk sal moet oorneem - onthou jy is opgedress.

Dan moet jy ook seker maak dat jy 'n goeie uitsig oor die slagveld het sodat jy nie 'n sagte teiken is in 'n goed beplande aanval deur 'n bende Spidermans met watergewere nie.

Wat verder nuttig is, is dat jy kategorieë partytjiegangers moet kan identifiseer. Dit help jou in jou posisionering en om te besluit met watter kinders jy vooraf alliansies wil aangaan. Hier is enkele breë kategorieë.

1. **Die voorbok:** Dis die maatjie wat op die spring-kasteel spring terwyl dit nog opgeblaas word, die cupcake met die meeste hundreds and thousands op gryp; en, as jy hom (of haar) nie keer nie, maak húlle die geskenke en die tuinslang oop.
2. **Die ladies:** Gewoonlik 'n paar dogtertjies in feetjie-rokkies en vlerkies op die rug wat net in die verjaarsdagmaatjie se kamer wil speel.
3. **Die hanswors:** Nee, dis nie die verjaardagmaatjie se pa in 'n narpak nie, maar 'n outjie wat asem-benemend aan takke rond swaai en snaakse geluide maak terwyl hy kyk hoeveel jelly babies hy in sy neus kan prop.
4. **Die verslaggewer:** Dis die enetjie wat elke 10 minute kom verslag doen oor wie die ballonne stukkend gesteek het, wie sy stuk koek vir die hond gevoer het en wie met skoene aan op die springkasteel spring.
5. **Die professortjie:** Dis die kind wat ure kan staan en kyk hoe 'n miertjie 'n grassie kou en vrae vra soos: "Dink Tannie ook tjoklits maak mammas vet? My Pappa sê so."
6. **Die res:** Die res is daar om te speel en suiker in groteske hoeveelhede in te neem. (Vanaand sit jy twee keer deur Nemo én 'n laataand oorgeklankte karate-fliek voordat die suiker uit hul gestelletjies is.)

Moontlik sien jy jouself in een van hierdie kategorieë. (Of dink jy dat die kategorieë hierbo onheilspellend maklik op jou werksplek toegepas kan word...)

Hoe dit ook al sy, ek bely dat ek dit eintlik vreeslik baie geniet om kinderpartytjies by te woon. Die eenvoudige rede hiervoor is dat kinders nog wéét hoe om te speel. Hulle weet hoe om totaal en al van hulself te vergeet, diep uit hul magies te lag en om fisies op en af te spring van pure plesier – en hulle het nie 'n saak met wat ander mense daarvan dink nie.

Hoekom is dit dan so dat ons nie meer weet hoe om te speel nie? Of net selde iets van die vreugde van 'n properse kinderpartytjie ervaar? Het ons vergeet hoe of onderdruk ons dit net?

Onthou jy die dae van wegkruipertjie speel - die hartklop in die keel van pure opwinding, om nie gevind te word nie? Cowboys en crooks, boomklim, kissing touchers of donkerkamertjie?

Komaan, erken jy sal wat wil gee om net een keer weer saam met jou maatjies jul te verbeel dat die klimraam regtig 'n seerowerskip is: dat jy die wind in jou hare kan voel, die seesout op jou tong, die strale van 'n Karibiese son op jou blaaie en die opwinding van 'n swaardgeveg op hande.

Geniet daai kinderpartytjie en drink die kleintjies se lus vir die lewe in - en vat iets daarvan werk toe.

Groetnis tot volgende keer
**Martin**

NS It's never too late to have a happy childhood.




## Iets op die hart?

Skryf gerus aan my by media@sun.ac.za of by Die Redakteur: Matieland, Afdeling Kommunikasie en Skakeling, Universiteit Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland 7602. Die faksnommer is (021) 808 3800.

Lew Geffen | Sotheby's
INTERNATIONAL REALTY

# *Selling Masterpieces in every area*

## Stellenbosch




Light space and volume! This recently completed home features some exquisite stonework with well designed open-plan living areas and wine cellar. A patio with braai, swimmingpool and double garage completes this lodge style home.
Asking Price: R6 900 000.
Contact: Hettie Hodgson 083 263 0559.

## Stellenbosch




**Offers From: R5 800 000.** Say hello to a good buy! Spacious home on large stand with wonderful views over the estate. 3 En-suite bedrooms. Wonderful flow from sunny reception rooms out onto large covered patio and pool. Garaging for 3 vehicles. Possibility to extend.
Asking Price: R6 300 000.
Contact: Chris Cilliers 082 568 1122.

## Stellenbosch




**Aanbiedinge vanaf: R3 800 000.** Aandag ouers! Belê in jou kind se toekoms; 'n klipgooi van kampus. Potensiële 10-slaapkamer studentehuis met ruim leefvertrekke, lowergroen tuin en genoegsame parkering.
Vraprys: R4 350 000.
Skakel: Marelise Visagie 072 776 2645.

## Stellenbosch




**Offers From: R2 700 000.** Die Boord. Family house in a perfect condition. Open-plan living areas, modern kitchen, sunny bedrooms with laminated wooden floors. Modern bathrooms, study, double garage and lovely garden completes this house.
Asking Price: R2 830 000.
Contact: Johan du Toit 082 572 5273.

## Stellenbosch




**Offers From: R1 850 000.** Excellent position for the student who prefers privacy and own living space. 2 Bedrooms, braai area, garage, spacious townhouse on campus. Current lease until 30 November 2008.
Asking Price: R1 980 000.
Contact: Johann du Toit 082 572 5273 / Magteld du Toit 072 583 8183.

## Stellenbosch




**Aanbiedinge vanaf: R1 299 000.** Vir die kieskeurige koper - weelde in die kleine!! Geniet die rustigheid van Welgevondenlandgoed omring deur berge en wingerde. 3 Slaapkamer noordfront woning met lugreëling, plonspoel, ontwerpers tuintjie en meer.
Vraprys: R1 389 000.
Skakel: Marlene Robson 072 148 7206.

## Stellenbosch




**Offers From: R730 000.** Near shopping centre and CBD. Spacious townhouse in complex for senior citizens. 2 Bedrooms, 1 bathroom, lounge with open-plan kitchen and single garage. An absolute steal!
Asking Price: R747 000.
Contact: Gundi Köhler 083 521 0151.

## Stellenbosch Farm



Beautiful 2 bedroom cottage situated on a 7 Ha smallholding near Stellenbosch. Come live in absolute tranquil surrounding in the contry side.
Asking Price: R2 200 000.
Contact: Ron Jones 082 853 4889.

## Stellenbosch Flats

| | | |
|---|---|---|
| Bachelor | 34 On merriman | R 820 000 |
| 1 Bedroom | Dermont | R 435 000 |
| 1 Bedroom | Zimbabwe | R 785 000 |
| 1 Bedroom | Simonsplein | R1 310 000 |
| 2 Bedroom | Amatoni | R 910 000 |
| 2 Bedroom | Alexander Hof | R 940 000 |
| 2 Bedroom | Bergville | R 940 000 |
| 4 Bedroom | Nouveau | R 985 000 |

**Contact: Frikkie Els 082 446 4948**

| | | |
|---|---|---|
| Bachelor | Huis Piron | R 990 000 |
| 1 Bedroom | Dennehof | R1 080 000 |
| 1 Bedroom | Het Beginhof | R1 200 000 |
| 2 Bedroom | Stellenbosch 101 | R 950 000 |
| 2 Bedroom | Die Rand | R 985 000 |
| 2 Bedroom | Twee Pieke | R1 040 000 |
| 2 Bedroom | Bergzicht Plaza | R1 200 000 |
| 2 Bedroom | Mac Hof | R1 300 000 |

**Contact: Jenny 082 331 0338 & Elma 083 340 4126**

| | | |
|---|---|---|
| Bachelor | La Rez | R 460 000 |
| 1 Bedroom | La Rive | R 710 000 |
| 2 Bedroom | Agapè | R 747 000 |
| 2 Bedroom | Die Werf | R1 040 000 |
| 3 Bedroom | Nyasahof | R2 295 000 |

**Contact: Gundi Köhler 083 521 0151**

ooba™
Deskundiges in huisfinansiering

Franschoek 021 876 8480 • Stellenbosch 021 809 2760
**www.sothebysrealty.co.za • www.sothebysrealty.com**
Each Office is Independently Owned and Operated.

# la Clémence

by Stellenbosch

*Koester Jou Aftrede!*

**Sentraal geleë, aan die voet van die Stellenboschberge, pronk 'n sieraad: *LA CLÉMENCE***

Die indrukwekkende toegangspoort tot hierdie unieke aftree-geleentheid lok jou tot toetrede en eens betree, ontvou 'n droomwêreld. Elke woning lê knus toegewikkel tussen kleurvolle landskapering – ongelóóflik, want die tuine lyk volwasse terwyl die ontwikkeling in sy tienerskoene staan!



'n Fraai tuin weerskaats die warm *la Clémence*-huislikheid

Die netjiesgeplaveide pad kronkel tussen 73 voltooide Fases 1- en 2-wonings en dan volg 'n verrassing: teen die lug word die hart van *la Clémence* afgeëts: *la Société*, die plek van samekoms! In spreektaal kon daar na *la Société* verwys word as die klubhuis, maar ná 'n besoek aan hierdie "huis op rots", is dit verregaande om 'n skamele vergelyking daartoe te maak.



*la Société* tuur oor rots, berge en bome



Die eerste gaste betree *la Société*

Op 29 Februarie 2008 het díe unieke vergaderplek se voorportaal die eerste voetspore ontvang. 'n Veer-in-die-hoed-inhuldigingsgeleentheid het die inwoners en vriende van *la Clémence* na asems laat snak: nie slegs die keurige vernaperings is in die geheue geprent nie, maar 'n terugblik op sagte vioolklanke met 'n hemelse uitsig op rots, bome, berge en 'n kronkelende rivieroewer het die geleentheid vervolmaak.



Die Stormers teen die Leeus ... *le Donjon* in gebruik!

En toe breek Saterdag, 17 Mei aan: die inwyding van 'n keldervertrek (*le Donjon*) wat genotvolle láng kuierure voorspel! Soos manna uit die hemel is die inwoners verras met 'n "bonus"-lokaal ... hier kan die "grootskerm" die rugbyballe weerkaats, terwyl die geknetter van 'n "worsie-op-die-kole" die klank van vrolike stemme aanvul.




*le Donjon* se "amptelike" inwyding word geloods deur Rooies van Wyk, Dawie de Villiers (gasspreker) en Inus Kempen

Die besondere inhuldigingsgeleenthede is verby, maar lag-en-gesels vul steeds die binnemure. Nuwe vriendskapsbande word oor 'n altyd-beskikbare koppie koffie gesmee en terwyl die inwoners en hul vriende salig op gemakstoele wegsak, word gedroom en bespiegel oor die voltooiing van 'n moderne mediese sentrum vroeg in 2009!

"Ons het waarlik tuisgekom", is die versugting van *la Clémence*-inwoners, Johan en Sarie Steyn.

**Smag ú ook daarna om tuis te kom?**

**Kontak:**


| | |
|---|---|
| Nicholas | 083 954 6689 |
| Naomi | 084 687 5823 |
| Kantoor | 021 880 0250 |
| Webwerf | www.laclemence.co.za |


Design by www.gstudio.co.za